DIE KO-KONSTRUKSIE VAN BETEKENISSISTEME DEUR VERTELLING IN TERAPIE.

deur

MICHELLE GRöNUM

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die

vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM IN KLINIESE SIELKUNDE

in die

DEPARTEMENT SIELKUNDE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: MNR P. JOHNSON

MEI 1998

BEDANKINGS

My bedankings gaan aan

- my Skepper en Verlosser wat my lewe deur sy Heilige Gees lei en rig;

- my man, Sarel vir al sy ondersteuning, motivering en liefde die afgelope tien jaar;

- my ouers, suster, ouma en skoonouers vir hulle voortdurende ondersteuning en betrokkenheid by my studies en belangstelling in sielkunde;

- "Karet" wat my geïnsprireer het om hierdie gevallestudie neer te skryf asook die toestemming om dit te kon doen;

- my supervisor, Arthur Neale, wat voortdurend betrokke was by my terapeutiese sessies met Karet;

- my skripsieleier, Peter Johnson, vir supervisie en vele interessante gesprekke waardeur my idees en aannames gevorm en hervorm is;

- my skoonmoeder, Carrie Grönum vir die taalversorging van hierdie skripsie;

- Claudette Nöthnagel, vir haar vriendelikheid en behulpsaamheid met die administratiewe aangeleenthede;

- Ben, vir die vele gesprekke wat ons kon gehad het;

- vir al my vriende en kollegas se belangstelling en lojaliteit.

OPGEDRA AAN MY OUERS

616.8914 GRON

0001760621

INHOUDSOPGAWE

	Bladsynommer
OPSOMMING	vi
SUMMERY	vii
HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
Hoofstukindeling	3
HOOFSTUK 2: ONTSTAAN VAN KUBERNETIKA	5
Kubernetika	5
Eerste-orde-kubernetika	6
Tweede-orde-kubernetika en Selfverwysing	8
Realiteit as 'n Konstuksie	9
Konstruktivisme	11
Implikasies van Konstruktivisme vir Terapie	13
Sosiale Konstruktivisme	15
Die Invloed van Sosiale Konstuktivisme op die Psigoterapeutiese Veld	20
Sosiale Konstruktivisme en Vertellings in Psigoterapie	21
HOOFSTUK 3: KONTEKS BETEKENIS EN STORIE VERTELLING	25
HOOFSTUK 4: NAVORSINGSPROSEDURES	35
Implikasies van Nuwe Paradigma Navorsing	40
HOOFSTUK 5: DIE TERAPEUTIESE STORIE VAN KARET	
Fase 1	52

Sessie 1: 30/5/97 52
Sessie 2: 30/6/97 52
Sessie 3: 8/7/97 53
Konseptualisering van die Probleem 54
Storie van Skets 1 57
Storie van Skets 2 58
Storie van Skets 3 59
Storie van Skets 4 59
Bespreking 59
Fase 2 60
Storie van Skets 5 63
Storie van Skets 6 63
Brief 1 64
Bespreking van Verhoudingsproses 67
Refleksie op my Rol as Terapeut in Fase 2 71
Fase 3 72
Storie van Skets 7 75
Storie van Skets 8 75
Storie van Skets 9 76
Bespreking en Teoretiese Konseptualisering 76
Psigodinamiese Formulering 77
Refleksie op my Belewing van ons Verhouding 79
Sessie: 27/10/97 81
Fase 4 83
Sessie: 3/11/97 84
Karet se Prosesnota van hierdie Sessie: 3/11/97 88
Storie van Skets 10 88
Sessie: 10/11/97 89
Prosesnota van Karet na Afloop van die Sessie: 10/11/97 94
Prosesnota: 14/11/97 94

Sessie: 17/11/97 95

Karet se Prosesnota na Afloop van hierdie Sessie 99

Storie van Skets 11 99

Terapeutiese Konseptualisering 100

Derde Besoek aan die Hospitaal: 12/12/97 101

Bespreking 104

Bespreking van Navorsingsproses: 17/12/97 104

Slotbespreking 106

HOOFSTUK 6: DIE STORIE VAN DIE STORIE: 'N METAPERSPEKTIEF 109

My Persoonlike Belewing van die Proses 114

BRONNELYS 116

BYLAAG1 a en b

BYLAAG 2

BYLAAG 3

OPSOMMING

In hierdie navorsing word die interpersoonlike proses waardeur betekenissisteme deur dialoog in die terapeutiese konteks geko-konstrueer word, beskryf en geïllustreer, aan die hand van 'n gevallestudie. Hierdie navorsing is gegrond in 'n kubernetiese epistemologie wat impliseer dat probleme, oplossings en realiteite nie as 'n objektiewe realiteit beskryf kan word nie, maar eerder as 'n konstruksie van die observeerder. Terapie word beskryf as 'n dialektiese proses tussen die terapeut en die kliënt waarin betekenissisteme geko-konstrueer word. Die proses waardeur realiteite deur vertelling in terapie geko-konstrueer word, word gepunktueer in terme van 'n dialektiese beskrywingsproses tussen die sensoriese ervaring (dit sluit in kognitiewe verstandsprosesse wat deur konstruktivistiese teorieë verklaar word), en die beskrywing daarvan in taal (wat deur sosiale konstruktivisme verklaar word). In hierdie rekursiewe proses word betekenissisteme as intersubjektiewe fenomeen geskep en ervaar deur die individu betrokke in dialogiese en interaksionele prosesse.

SLEUTELTERME: Kubernetiese epistemologie, vertelling, betekenissisteme, konstruktivisme, sosiale konstruktivisme

SUMMARY

This research illustrates and describes, through the use of a case study, the interpersonal process through which meaning systems are co-constructed by means of dialogue in the therapeutic context. The research is founded on the cybernetic epistemology which implies that problems, solutions and realities cannot be described as an objective reality, but rather as a construction of the observer. Therapy is described as a dialectic process between the therapist and the client in which new meaning systems are being co-constructed. The process in which realities are co-constructed through narratives, are punctuated in terms of a dialectic process of description between the sensory experience (that includes cognitive mental processes which are explained through constructivism), and the description thereof in language (which is explained through social constructivism). In this recursive process meaning systems as an intersubjective phenomena are created and experienced by the individual in dialogical and interactional processes.

KEY TERMS: Cybernetic epistemology, narratives, meaning systems, constructivism, social constructivism

HOOFSTUK 1

INLEIDING

'n Persoonlike belangstelling in resente ontwikkelings in die epistemologie en praktyk van terapie het my gemotiveer om 'n navorsingsproses te konstrueer waardeur ek die wyse waarop betekenissisteme deur vertelling in die terapie geko-konstrueer word te ondersoek. In hierdie navorsingsproses word dus gepoog, om die interpersoonlike proses waardeur betekenissisteme deur middel van dialoog in die terapeutiese konteks ontwikkel, te beskryf.

Hierdie navorsing is uiteraard gegrond op onderliggende aannames gehuldig deur my, die navorser. Onderliggend aan elke aanname is daar sekere onderskeidings ("distinctions") wat die navorser maak (Keeney, 1983). Die basiese aannames waarop hierdie navorsing gegrond is, is eerstens, dat realiteite en betekenisse in dialoog geko-konstrueer word en tweedens, dat beleefde ervaringe gevorm en hervorm word deur die betekenisse wat ons heg aan die stories wat ons vertel. Hierdie aannames is gegrond in konstruktivistiese en sosiaal konstruktivistiese teorieë wat die bestaan van meervoudige realiteite erken. My denke en konseptualisering van realiteit is baie beïnvloed deur hierdie post-modernistiese teorieë wat meer volledig in hoofstuk 2 bespreek sal word. Aan die hand van die navorsing gaan ek poog om te illustreer hoe beide konstruktivistiese en sosiaal konstruktivistiese aannames in 'n rekursiewe patroon aan mekaar verbind is.

Verskeie skrywers het al geskryf oor die belangrikheid van dialoog (Anderson & Goolishian, 1988) en vertelling (White & Epson, 1990) in die terapeutiese proses. Vertelling en dialoog word nie meer net as 'n hulpmiddel in terapie gesien nie, maar as 'n integrale deel van die terapeutiese proses waar beide die terapeut en kliënt betrokke is by prosesse waarin nuwe realiteite en betekenisse gekonstrueer word. Maar volgens Reason (1981) is die skepping van betekenis 'n belangrike aspek van navorsing waaraan daar min aandag gegee is. Dit is dan ook so aangesien betekenissisteme nie geredelik deur kwantitatiewe empiriese ondersoekmetodes nagevors kan word nie. Mishler (1986b) verklaar dat:

> ...the mainstream tradition has focused almost exclusively on problems of standardization, that is, on how to ask all respondents the same question and how to analyze their responses

with standardized coding systems. This line of inquiry has been accompanied by almost total neglect of the intertwined problems of language, meaning, and context - problems that are critical to understanding. (p. 233)

Labov (in Mishler, 1986b) het 'n poging aangewend om onderhoudsvertellings te analiseer. In sy analise reduseer hy die vertelling tot kerntemas. Hierdie poging van Labov en ander navorsing rondom vertellings is meestal vanuit empiriese wetenskapsmodelle gedoen waar die storie geanaliseer is in terme van verborge en simboliese betekenisse en van die vertellingkonteks geïsoleer is. Meervoudige beskrywings van prosesse waardeur betekenisse deur vertelling in terapie geko-konstrueer word kan nie bestudeer word in die konvensionele logies-positivistiese navorsingsmodelle nie, aangesien hierdie modelle nie erkenning gee aan rekursiewe interaktiewe prosesse, meervoudige realiteite en betekenisse nie. (Hierdie idees word meer volledig in hoofstuk 4 bespreek).

My ontologiese en epistemologiese aannames is ook nie kongruent met hierdie navorsingsparadigma wat noodwendig uitloop in 'n oorsaak-gevolg-digotomie nie. Dit was uiteraard onafwendbaar dat ek in hierdie studie 'n navorsingsmodel sou gebruik wat kongruent is met my kubernetiese epistemologie. So 'n navorsingsmodel moet erkenning gee aan die bestaan van meervoudige realiteite wat deur die mens gekonstrueer en geko-konstrueer word in interaksie met ander. Die erkenning van meervoudige realiteite impliseer noodwendig dat die navorser nie objektief toegang het tot 'n enkele realiteit wat objektief gemeet en geëvalueer kan word nie. Die navorser is altyd deel van dit wat sy waarneem en gevolglik is enige beskrywing van realiteit idiosinkraties.

Nuwe paradigmanavorsing is gegrond op die aanname dat realiteite deur mense gekonstrueer word, hetsy in die sentrale senuweestelsel (konstruktivisme) of in dialoog (sosiale konstruktivisme). Dit impliseer voorts dat verskeie konstruksies van die werklikheid moontlik is (Lincoln & Guba, 1985). Nuwe paradigmanavorsing word in die natuurlike konteks gedoen aangesien realiteit nie verstaan kan word in isolasie van sy konteks nie. In hierdie navorsing gaan die klem op dialogiese en interaktiewe prosesse binne die terapeutiese konteks val, aangesien die terapeutiese konteks 'n taal- en betekenisgenererende konteks is.

Taal vorm die grondslag van alle menslike verhoudings aangesien die mens sy belewenisse in taal beskryf. In 'n rekursiewe dialogiese en interaktieweproses word nuwe betekenisse geko-konstrueer deur vertellings in terapie.

Die navorser maak ook die aanname dat enige navorsings- of terapeutiese proses 'n sirkulêre proses is. Die konsep rekursiwiteit verwys na hierdie aanname en is fondamenteel vir konstruktivistiese en sosiaal konstruktivistiese navorsers. Dit impliseer dat die navorser (waarnemer) altyd ingesluit word in dit wat waargeneem en beskryf word (Keeney, 1983). Dus gaan ek* deurentyd my onderskeidings en punktuasies van die navorsingsproses ondersoek, aangesien ek onlosmaaklik verbind is aan dit wat ek beskryf. Hierdie proses van selfverwysing gaan ook geïllustreer word deur die taalgebruik in beide teoretiese en persoonlike taal.

Hoewel hierdie navorsing 'n bydrae lewer tot die wetenskap, aangesien dit 'n leemte rondom die konstruksie van betekenissisteme in die terapeutiese konteks aanspreek, het dit ook persoonlike waarde vir my ontwikkeling as terapeut aangesien hierdie navorsing my die geleentheid bied om my epistmologiese en teoretiese aannames te ondersoek en eksplisiet te maak. Dit sal 'n bewuswording van die wyses waarop ek onderskeidings tref en my realiteit konstrueer, bewerkstelling. In hierdie proses sal alternatiewe beskrywings van terapie gegenereer word waaruit nuwe moontlikhede, perspektiewe en betekenisse sal voortvloei. Vir myself is dit belangrik om teoretiese kennis op 'n praktiese wyse ook in my navorsing te ontsluit.

Hoofstukindeling

Hoofstuk 2 sal 'n literatuur oorsig gee oor die kubernetiese epistemologie wat die konseptuele basis van hierdie navorsing vorm. Hoofstuk 3 is 'n literatuur hoofstuk waarin ek

*Hierdie verhandeling gaan in die eerste persoon geskryf word aangesien ek die aanname maak dat die waarnemer altyd deel is van dit wat geobserveer word en dus nooit instaat is om 'n objektiewe beskrywing van realiteit te gee nie.

die proses waardeur betekenissisteme deur vertelling in terapie geko-konstrueer word illustreer. Die terapeutiese proses gaan gepunktueer word in terme van 'n dialektiese beskrywingsproses tussen die sensoriese en emosionele ervaring en die beskrywing daarvan. In hoofstuk 4 sal die navorsingsparadigma wat gebruik word, naamlik die nuwe paradigmanavorsing, beskryf word. Die navorsingsproses sal ook op 'n praktiese wyse uiteengesit word. In hoofstuk 5 gaan 'n gevalle studie gebruik word om te illustreer hoe betekenissisteme deur middel van dialoog in die terapeutiese proses geko-konstrueer word. In die bespreking van hierdie hoofstuk sal teoretiese konstrukte wat in vorige hoofstukke bespreek is op 'n praktiese wyse toegepas word. Hoofstuk 6 sal 'n metaperspektief op die navorsing gee.

HOOFSTUK 2

ONTSTAAN VAN KUBERNETIKA

Die afgelope twee honderd jaar is die westerse wêreld gedomineer deur 'n lineêre epistemologie of Newtoniaans paradigma soos wat ook daarna verwys word. In die meeste dissiplines byvoorbeeld, die sosiologie, filosofie en sielkunde, het ons al gehoor dat mense die term, "paradigma verskuiwing" gebruik - wat 'n skuif vanaf die ou Newtoniaanse epistemologie na die "nuwe epistemologie" impliseer. In die sielkunde het nuwe insigte en observasies in die fisika, biologie en ekologie asook die beperkings van en frustrasies met die mediese model, psigiatrie en psigoanalise gelei tot die verandering vanaf die ou paradigma na 'n nuwe manier van dink. Die ou paradigma is verwerp omdat dit reduksionisties, dualisties en anti-kontekstueel was. 'n Skuif weg van die ou paradigma het 'n fundamentele verandering in die manier waarop ons ons wêreld leer ken en konstrueer geïmpliseer. Hierdie verandering kan gesien word as 'n paradigma skuif wat gegrond is in 'n nuwe epistemologie wat ekologie, verhoudings, taal, kompleksiteite en konteks beklemtoon. Keeney (1983) verwys na hierdie nuwe epistemologie as die "kubernetiese epistemologie".

In hierdie hoofstuk gaan ek fokus op die kubernetiese epistemologie aangesien dit die konseptuele basis van hierdie navorsing vorm. Kubernetika het 'n verrykende invloed gehad op die psigoterapeutiese veld. Hierdie bespreking gaan spesifiek fokus op wat kubernetika is, en watter implikasies hierdie nuwe epistemologie vir terapie inhou. In hierdie hoofstuk gaan die leser ook aan belangrike terms, konsepte en teorieë bekend gestel word wat vir hom 'n konseptuele raamwerk sal gee waarbinne hy hierdie navorsing kan verstaan.

Dit is eerstens belangrik om te verstaan wat kubernetika is en hoekom hierdie term 'n belangrike konsep in hierdie navorsing is.

Kubernetika

Die term *kubernetika* is afgelei uit die Griekse woord wat "stuurman" beteken (Keeney, 1983, Wiener, 1967). Die oorsprong van die woord is deur Norbert Wiener (1967) teruggevoer na die Franse en Poolse denkers van die veertiende eeu, asook in die werke van Plato, *Die Republiek.*

Die term kubernetika word geassosieer met 'n manier van dink. Hierdie denkrigting het nie net uit een filosofiese denkskool ontwikkel nie, maar het sy oorsprong in idees en werke van prominente denkers in verskillende velde. Johnson (1993) verklaar dat: "The development of cybernetic thinking can actually be seen as the confluence of ideas of different generations of thinkers" (p.60).

Keeney (1983) verklaar dat: "Cybernetics is part of a general science that studies pattern and organization" (p. 95).

Kubernetika is dus die studie van patrone en organisasie en kan beskryf word as die wetenskap van self-korrektiewe sisteme aangesien die patroon wat fisiese en verstandsprosesse organiseer, die aanvanklike idee is wat geboorte aan kubernetika geskenk het (Hoffman, 1981).

Tekens van kubernetiese epistemologieë was reeds in geskrewe werke van outeurs van so vroeg as 1943 duidelik (Keeney, 1983). Die outeurs het gepoog om die patrone van organisasie wat doelgerigte gedrag en persepsie respektiewelik onderlê, te onderskei (Keeney, 1983). Volgens Keeney het die antropologiese werk van Bateson en Piaget se studies van kennis meganismes, in samehang met die werk van bogenoemde outeurs, geïmpliseer dat reëls wat inligting, eerder as energie of materie kontroleer sal die deur tot kennis van die reëls van wette wat kontroleer wees "the embodiment of mind" (Keeney, 1983, p.65).

Die oorhoofse belangstelling van wetenskaplikes op hierdie stadium was in "self-regulerende meganismes" (Keeney, 1983, p.65).

Wiener se werk, gepubliseer in 1948 en 1954, noem hierdie nuwe manier van dink "kubernetika" (Johnson, 1993, p.61). Volgens Johnson was dit die era van eerste-orde-kubernetika, aangesien die basiese idee van kubernetika op hierdie staduim bemoeid was met die programmering van kubernetiese sisteme.

Eerste-orde-kubernetika

Eerste-orde-kubernetika is gebaseer op die fundamentele kubernetiese beginsel van terugvoer.

Wiener (in Keeney, 1983) definieer terugvoer as volg: "Feedback is a method of controlling a system by reinserting into it the results of its past performance" (p. 66). Sisteme is ondersoek om te bepaal wat die verhouding tussen insette (dit wat in die sisteem ingaan) en uitsette (dit wat uit die sisteem uitgaan), is (Johnson, 1993). In alle gesinne of sisteme is daar terugvoerprosesse wat die sisteem stabiliseer om sodoende die sisteem se organisasie te behou. 'n Gesinsisteem is dus 'n self-korrektiewe sisteem (Keeney, 1983). In gesinsterapie is die simptoom beskryf as deel van 'n homeostatiese sirkel wat die gesin stabiliseer. Die doel van die terapeut was om hierdie sirkels te ontwrig en nuwe homeostatiese toestande daar te stel (Hoffman, 1990).

In eerste-orde-kubernetika was die observeerder nie ingesluit by beskrywings van dit wat hy waarneem nie. Dit staan ook bekend as die "black box" perspektief en impliseer dat die observeerder as buitestaander unilaterale beheer het oor die sisteem wat hy observeer. (Keeney, 1983). Die terapeut is dus nie as deel van die terapeutiese sisteem beskou nie, en kan 'n objektiewe standpunt inneem ten opsigte van die sisteem. Die terapeut kan die sisteem manipuleer sodat beoogde veranderings kan plaasvind. Die idee dat die terapeut kontrole het en die sisteem (gesin) kan manipuleer, het gelei tot geloof in lineêre beheer of te wel die oorsaak-gevolg-digotomie.

Dus, was die sentrale fokus van terapie in eerste-orde-kubernetika op terugvoersiklusse en die sisteem se stryd om homeostase of stabiliteit in verhoudings te behou, eerder as om dit te verander. Die observeerder is dus in die Newtoniaanse paradigma buite die sisteem wat waargeneem word, geplaas.

Die probleem met hierdie perspektief was dus dat dit die observeerder buite die prentjie gelaat het. In enige kubernetiese sisteem, selfs byvoorbeeld die regulering van 'n huis se temperatuur met 'n termometer, moet die mens by die eenvoudige terugvoer sisteem ingesluit word aangesien die mens die termometer programmeer. Bateson (1979) verklaar dat: "the bias (the calibration of feedback) is itself governed by a feedback whose sense organ is located, not on the living room wall, but in the skin of a man" (p.198). Enige "black box" sisteem word dus gekontroleer deur hoër ordes van terugvoer (Keeney, 1983). Kubernetika het wegbeweeg van hierdie beperkte "black box" perspektief en het hoër ordes van kubernetiese proses erken.

Die eerste-orde-kubernetiese perspektief met sy beklemtoning van eenvoudige terugvoer siklusse moet gesien word as die begin van 'n konseptuele hipotese (Keeney, 1983). In komplekse sisteme bestaan daar rekursiewe terugvoer netwerke, daarom is dit nodig om 'n breër perspektief van rekursiewe terugvoerprosesse te ontwikkel aangesien die "black box" perspektief onvolledig is en net bruikbaar is in situasies wat unilaterale beheer vereis.

Tweede-orde-kubernetika en Selfverwysing

In tweede-orde-kubernetika word die observeerder ingesluit en is hy deel van die sisteem wat observeer word. Dit plaas die waarnemer in die waarneming, en die beskrywer in die beskrywing. Dit beteken dat alle waarnemings, beskrywings en epistemologieë selfverwysend en deel van 'n rekursiewe proses is. Die konsepte selfverwysing en rekursiwiteit is sentraal in enige kubernetiese epistemologie (Keeney,1983).

Selfverwysing is 'n konsep wat uit tweede-orde-kubernetika ontwikkel het. Hierdie tweede-orde-kubernetiese begingsel veronderstel dat die observeerder altyd deel is van die sisteem wat hy observeer, wat impliseer dat selfverwysing in alle observasies ter sprake is. Dus vertel enige beskrywing meer van die observeerder of beskrywer as van dit wat beskryf word (Atkinson & Heath, 1987).

Dit impliseer dat ons waarnemings en kennis 'n produk is van ons deelname met dit wat geobserveer word. Dus is observasies nie absoluut nie, maar relatief ten opsigte van die observeerder se epistemologie. 'n Objektiewe beskrywing van realiteit is dus nie moontlik nie, aangesien dit deur die observeerder se subjektiwiteit beïnvloed word en sodoende eerder 'n "konstruksie" vorm.

Selfverwysing en rekursiwiteit is belangrike konsepte van tweede-orde-kubernetika en belangrik vir hierdie navorsing aangesien beide die kliënt en terapeut in die terapeutiese proses probleme, oplossings en realiteite beskryf. Hierdie beskrywings kan in die nuwe paradigma nie meer gesien word as 'n weerspieëling van realiteit nie, maar eerder as 'n konstruksie van realiteit. Probleme, oplossings en realiteite word dus gekonstrueer in beskrywings, en hierdie konstrueringsproses is selfverwysend. Dit impliseer dat beide die terapeut en die kliënt

verantwoordelik is vir die konstruering van die terapeutiese konteks en realiteit.

In die voorafgaande is dit duidelik dat realiteit nie meer in die nuwe paradigma gesien word as 'n weerspieëling van die werklikheid nie, maar as 'n konstruksie van die observeerder. Dit impliseer dat ons as observeerders verantwoordelik is vir die realiteite wat ons konstrueer. Die terapeut moet daarvan bewus wees dat hy 'n integrale deel van die terapeutiese proses is en dat sy epistemologie, waardes en oortuigings sal bepaal hoe hy die terapeutiese sisteem punktueer. Beide die terapeut en die kliënt bepaal hoe die terapeutiese verhouding gedefinieer en uitgeleef word binne die terapeutiese sisteem. Die terapeutiese proses is ko-evolusionêr en binne hierdie ko-evolusionêre sisteem het die terapeut die verantwoordelikheid van mede-skrywer van die proses en die verantwoordelikheid van kreatiewe deelnemer in die proses waardeur bronne in die sisteem ontdek en ontgin word. Sodoende word die terapeutiese verhouding 'n gesamentlike groei en transformasie proses (Onnis, 1993).

Die vraag is egter, hoe vind hierdie konstrueringsproses, waarvan ons dikwels onbewus is, plaas?

Konstruktivistiese en sosiaal konstruktivistiese teorieë wat die basis van enige konstruktivistiese epistemologieë is, vorm die kern van tweede-orde-kubernetika en beantwoord hierdie vraag omdat dit die aktiewe deelname of skepping van die observeerder beklemtoon en beskryf.

In die bespreking wat volg gaan daar spesifiek gefokus word op wat konstruktivisme en sosiale konstruktivisme is, en hoekom hierdie tweede-orde-kubernetiese konsepte belangrik vir hierdie navorsing is.

Realiteit as 'n Konstruksie

In ons evolusie na 'n post-modernistiese wêreld het daar 'n toenemende bewustheid van sosiaal-gekonstrueerde realiteite en betekenissisteme posgevat (Neimeyer, 1993).

Vanweë hierdie evolusionêre proses, het 'n nuwe paradigma in die psigologie ontstaan met 'n

nuwe fokus op konstruktivistiese en sosiaal konstruktivistiese teorieë. Die ou paradigma het veronderstel dat daar 'n werklike objektiewe wêreld daarbuite bestaan en dat ons as observeerders toegang tot hierdie wêreld het. In teenstelling hiermee veronderstel die nuwe paradigma dat al is daar 'n ontologiese werklikheid daarbuite, ons nooit objektief toegang tot daardie wêreld het nie. Alle beskrywings daarvan sal gevorm word deur die perspektiewe van die observeerder. Dit is onmoontlik om 'n objektiewe visie van die wêreld te hê, omdat observasies altyd beïnvloed word deur die observeerder se perspektief (Atkinson & Heath, 1987).

Konstruktivisme is dus 'n epistemologiese posisie waarin alle kennis van die wêreld gesien word as 'n produk van ons eie konstruering, ordening en skepping. Dit is dus nie die gevolg van die ontdekking van 'n objektiewe wêreld nie.

Die epistemologie van hierdie studie is gestruktureer vanuit 'n post-modernistiese posisie met 'n konstruktivistiese en sosiaal konstruktivistiese fokus.

Die konstruktivistiese teorieë word in die volgende katagorieë verdeel: radikale konstruktivisme, konstruktivisme, sosiale konstruktivisme en radikaal sosiale konstruktivisme.

Die radikale konstruktivisme veronderstel dat persepsie en alle vorme van waarneem, sensories of konseptueel, die resultaat van die operasies van die senuweestelsel is wat deur 'n aktiewe agent - die observeerder - uitgevoer word. Dit beteken dat die observeerder verantwoordelik is vir die ervaringswêreld wat hy konstrueer (Von Glasersfeld, 1991). Radikale konstruktivisme ontken die bestaan van 'n objektiewe onafhanklike realiteit.

Konstruktivisme kom ooreen met radikale konstruktivisme deurdat dit kennis van die werklikheid sien as 'n produk van kognitiewe prosesse wat in die senuweestelsel plaasvind. Dit verskil egter daarin dat dit nie die bestaan van 'n onafhanklike realiteit ontken nie, maar slegs die idee dat die observeerder toegang tot daardie realiteit het, verwerp (Hoffman, 1990).

Sosiale konstruktivisme behels nie die kognitiewe prosessering deur 'n enkele observeerder nie. Konstruksies word gesien as 'n uitdrukking van 'n verhouding tussen mense (Hoffman, 1990). Net soos die konstruktivisme erken sosiale konstruktivisme ook die bestaan van 'n

objektiewe realiteit, maar veronderstel dat die mens nie toegang tot daardie realiteit het nie, en gevolglik word meervoudige realiteite in dialoog en interaksie gekonstrueer.

Die radikaal sosiaal konstruktivistiese teorie verwerp die bestaan van 'n objektiewe realiteit. Realiteit word gesien as 'n produk van sosiale konsensus.

Konstruktivisme

Weerstand teen die tradisionele wêreldvisie van meta-fisiese realisme, is reeds in die agtiende eeu deur Giambattista Vico, die eerste werklike konstruktivis, uitgespreek (Von Glasersfeld, 1984). Volgens Vico is kennis en ervaring produkte van kognitiewe konstruksie. Vico wys daarop dat ons net dit wat ons self gemaak het, ken:

> As God's truth is what God comes to know as he creates and assembles it, so human truth is what man comes to know as he builds it, shaping it by his actions. Therefore science (scientia) is knowledge (cognitio) of origins, of the ways and the manner how things are made.
> (Von Glaserfeld, 1984, p.27)

Van die vroegste eeue af het filosowe verskil ten opsigte van wat werklik bestaan en wat nie, maar almal se konseptualisering van waarheid was dieselfde: Waarheid is dit wat korrespondeer met 'n onafhanklike objektiewe werklikheid.

Skeptici het die saad van konstruktivistiese idees geplant deur hul besef dat kennis nie verteenwoordigend is van 'n wêreld wat objektief en onafhanklik van die kenner se ervarings bestaan nie. Dit is onmoontlik vir die observeerder om kennis omtrent 'n "werklike" wêreld te bekom. Hierdie fenomeen word deur die konsep strukturele determinisme ("structural determinism") (Maturana 1975) verklaar wat later in hierdie hoofstuk meer breedvoerig bespreek sal word. Ons kennis weerspieël nooit die werklike wêreld nie, maar is slegs 'n sleutel wat moontlike weë vir ons ontsluit (Von Glasersfeld, 1984).

Volgens Johnson (1993) word dit algemeen aanvaar dat die Duitse filosoof, Kant, die eerste was wat met die meta-fisiese realisme van sy tyd gebreek het. Trou aan die konstruktivistiese

aard van Kant se epistemologie, wys hy daarop dat ons 'n fundamentele fout maak wanneer ons kennis wat op klein eenhede sensoriese data gebaseer is, as primêre data neem, aangesien sulke kennis veronderstel dat ons innerlike ervarings net op grond van uiterlike ervarings moontlik is.

Volgens Kant (Von Glaserfeld, 1984) word rou materiaal van sensoriese sensasies deur verstandsaktiwiteite geprosesseer sodat dit kennis van objekte word wat ons ervarings noem. Dit beteken dat ervarings en alle objekte van ervarings onder alle omstandighede die resultaat van ons manier van ervaar is, en daarom is dit noodwendig gestruktureer en gedetermineer deur ruimte en tyd en ander kategorieë wat hieruit ontspring. Die prosessering van rou materiaal in Kant se sisteem word outomaties deur tyd en ruimte gereguleer en word ("priori") genoem. Priori beskryf die raamwerk waarin die organisme opereer. Priori bepaal dus die wyse waarop ons ervaar en volgens Kant (in Flew, Speake, Mitchell & Isaacs, 1984) hou dit verband met ons morele waardes. Priori kan dus beskryf word as 'n ingeboude beginsel struktuur wat die wyse waarop ons ervaar beïnvloed.

Johnson (1993) wys daarop dat Kant se denke as die begin van konstruktivistiese denke beskou kan word, aangesien hy nie antwoorde kan gee op vrae ten opsigte van die aard van intrinsieke konstruksie prosesse nie.

Die aanvaarding van 'n konstruktivistiese oriëntasie behels meer as die blote aanvaarding dat die wêreld wat ons ervaar die wêreld is wat ons gekonstrueer het (Von Glasersfeld, 1991). Ons moet ten minste kan verklaar wat kennis is, en hoe ons ervaringswêreld opgebou word sonder verwysing na die sogenaamde bestaande/werklike wêreld. Vanuit verskillende velde soos onder andere, filosofie, neurobiologie en fisika, is daar gepoog om te verklaar hoe waarnemingsisteme opereer. Dit vorm die kern van die kubernetiese epistemologie en veronderstel dat ons belewinge gekonstrueerde realiteite is.

'n Belangrike bydrae tot die konstruktivistiese teorieë is gelewer deur die bioloë Maturana en Varela (1980) wat die organisasie van lewendige sisteme deur die fenomeen van persepsie bestudeer het. In hul eksperimentele navorsing het Maturana en Varela tot die gevolgtrekking gekom dat die aktiwiteite van die senuweestelsel deur die sisteem self bepaal word, en nie deur die eksterne omgewing nie. Persepsie is beskryf as 'n interne genererende proses (Johnson,

1993). Dit beteken dat die organisasie van lewendige sisteme of die senuweestelsel betreffende inligting geslote is (Johnson, 1993). 'n Geslote neuronale netwerk besit geen inset en uitset oppervlakte as eienskappe van organisasie nie. "Binne" en "buite" van die geslote georganiseerde senuweestelsel bestaan slegs vir die observeerder wat dit besit, en nie vir die sisteem self nie (Maturana & Varela, 1980).

Bogenoemde idee het gelei tot Maturana en Varela (1980) se standpunt dat die senuweestelsel op eksterne stimilu respondeer op 'n wyse wat deur sy eie selfverwysingsorganisasie en struktuur bepaal word, en nie deur eksterne stimilu nie. In plaas daarvan dat persepsie verstaan word as 'n kamera wat inligting uit die omgewing uit opneem, word die organisme nou gesien as 'n geslote sisteem wat nooit inligting van buite af op 'n direkte wyse inneem nie. Wat geobserveer word, word altyd bepaal deur die organisme se struktuur. Daar is geen direkte verwysing na dit wat daarbuite is nie (Simon, 1985). Maturana (1975) noem hierdie verskynsel strukturele determinisme. Dit impliseer dat 'n objektiewe realiteit nie beskryf kan word nie, aangesien daar as gevolg van die geslote neuronale netwerk van die senuweestelsel, geen oordrag van beelde, vanaf die buitewêreld na die brein bestaan nie. Lewendige sisteme word dus deur hul eie sirkulêre organisasie gedetermineer (Johnson, 1993). Maturana en Valera (1980) noem die selfgenererende sirkulêre organisasie van lewendige sisteme outopoïese.

Implikasies van Konstruktivisme vir Terapie

Maturana (1975) maak geen meta-fisiese eise omtrent die aard van 'n hipoteties, onafhanklike realiteit nie. Sy biologie van kognisie verduidelik die konstitutiewe ontologie van die observeerder. Die ontologie van die observeerder impliseer dat die kognitiewe domein van die menslike observeerder struktureel gedetermineerd is - dit wil sê die mens onderskei 'n struktuur-gedetermineerde wêreld. Die epistemologiese gevolg van strukturele determinisme is dat objektiewe kennis onmoontlik is. Ons kan geen objektiewe inligting omtrent die wêreld waarneem nie. Wat ons weet, is altyd 'n produk van interaksies (strukturele koppeling) tussen ons struktuur-gedetermineerde liggame en die wêreld "daarbuite" (Dell, 1985).

Die konsep strukturele determinisme impliseer dat daar nie 'n verhouding tussen die waarnemer en die eksterne werklikheid bestaan nie. Dit impliseer dat instruktiewe interaksie in

die terapeutiese sisteem onmoontlik is, aangesien beide die terapeut en die kliënt reageer ooreenkomstig hul eie outopoïetiese organisasies. In die terapeutiese sisteem impliseer dit dat 'n terapeut nie 'n kliënt kan verander nie. Met ander woorde, 'n eksterne gebeurtenis kan nie veroorsaak dat 'n persoon op 'n bepaalde wyse reageer of optree nie, wat impliseer dat daar afstand gedoen moet word van die nosie van oorsaaklikheid. Volgens Maturana (1975) bestaan oorsaaklikheid nie inherent in die organisasie van lewendige sisteme nie en behoort hierdie konsep tot die domein van beskrywing. Held en Pols (1987) verklaar egter dat oorsaaklikheid belangrik is in terapie, aangesien alle terapeute die beginsel van oorsaaklikheid onderskryf, hetsy lineêre- of sirkulêre oorsaaklikheid. Volgens Held en Pols is Maturana se konseptualisering van strukturele determinisme 'n vorm van oorsaaklikheid.

Hierdie strukturele verklaring van menslike gedrag laat geen ruimte vir interaksionele en kontekstuele verklarings nie. Colapinto (1985) wys daarop dat terapeute wat hierdie perspektief aanvaar nie verantwoordelikheid vir terapie hoef te neem nie en gevolglik nie sy etiese verantwoordelikheid teenoor sy kliënt nakom nie.

Die vraag is egter waarom die konstruktivistiese teorie van Maturana (1975) belangrik vir hierdie navorsing is?

Ten eerste is selfverwysing en rekursiwiteit 'n belangrike implikasie van outopoïese. Selfverwysing is 'n tweede-orde-kubernetiese konsep wat die rekursiewe verband tussen die observeerder en dit wat geobserveer word illustreer in terme van begrip van hoe die observeerder deelneem in die skepping van die observasie. Dit impliseer dat die realiteite en probleme wat die kliënt na terapie bring selfverwysend is, omdat die kliënt self deel het in die konstruering van die observasie. Net so is terapeutiese beskrywings en verklarings ook selfverwysend.

Die Duitse kunstenaar, Escher, het die konsep van selfverwysing uitgebeeld in die tekening van hande waarin die onderskeid tussen die hand van die kunstenaar en die hand wat geteken word, onduidelik is (Maturana & Varela, 1992). Varela (1975) gee 'n verdere voorbeeld van selfverwysing as 'n slang wat sy eie stert eet.

Varela (1976) verklaar dat mens alleenlik die heelheid van 'n sisteem kan begryp indien jy

verstaan dat dele in 'n sisteem op 'n sirkulêre wyse georganiseer is, elke deel is met ander dele interverbind en in interaksie. Dit is die basis waarop die selfverwysende sisteem funksioneer.

Tweedens beskou ek die konstruktivistiese teorie se interne verklaring van persepsie in terme van kognitiewe prosesse in die sentrale senuweestelsel as een pool van wat Keeney (1983) noem 'n kubernetiese komplimentariteit ("cybernetic complimentarity"). Die sosiale konstruktivistiese teorie met sy eksterne fokus op interaksie, verhoudings en kontekste vorm die ander pool van hierdie kubernetiese komplimentariteit. Dit was egter Bateson (1979) wat daarin geslaag het om hierdie twee pole met mekaar te verbind deur sy beskrywing van 'n dialektiese proses tussen die sensoriese ervaring (wat die kognitiewe verstandsprosesse insluit en konstruktivisties verklaar word) en die beskrywing daarvan in taal (sosiale konstruktivisme).

Alvorens ons aandag skenk aan die belangrike bydrae wat Bateson (1979) gelewer het tot die psigoterapeutiese veld, is dit eerstens belangrik om te verstaan wat sosiale konstruktivisme is.

Sosiale Konstruktivisme

Sosiale konstruktivisme is 'n filosofiese paradigma wat veronderstel dat alle waardes, ideologieë en sosiale instellings mensgemaak is (Owen, 1992).

Die sosiaal konstruktivistiese teorie het ontwikkel uit vroeë vertakkings van die sosiologie, wat deur Marx en Mannheim die sosiologie van kennis genoem is (Abercrombie, Hill & Tuner, 1988). Die sosiologie van kennis het veronderstel dat daar 'n verhouding tussen ideologieë en sosiale strukture in 'n gemeenskap is.

Sosiale konstruktivisme beskou redevoeringe omtrent die wêreld nie as 'n spieëlbeeld of kaart van die wêreld nie, maar as 'n produk van gemeenskaplike uitruiling. Kennis word geplaas in die sosiale uitruilingsproses. Die studie van sosiale proses word generies vir die begrip en aard van kennis.

Sosiale konstruktivisme veronderstel dat objekte nie geskep word deur die kognitiewe prosessering van 'n enkel observeerder nie, maar in taal. 'n Gesamentlike wêreld word in taal

voortgebring en is die uitdrukking van 'n verhouding tussen mense. In sosiale interaksie word taal gegenereer, onderhou en verwerp. In hierdie benadering val die klem nie op individuele kognitiewe prosesse nie, maar op betekenisse wat deur mense gegenereer word in die kollektiewe beskrywing en verklarings wat hul taal genereer (Steier, 1991).

Die sosiale konstruktivistiese teorie veronderstel dus dat daar 'n evoluerende stel betekenisse is wat deur sosiale interaksies voortgebring word. Hierdie betekenisse is deel van 'n algemene vloei van vertellings wat gedurig verander. Teoretiese en psigologiese redevoeringe en verklarings is beskrywend en terselfdertyd ook uitvoerend (Gergen, 1989).

Taal koördineer die aktiwiteite van 'n wetenskaplike gemeenskap rondom ooreengekomde probleme. Kennis is dus nie die produk van individuele kognitiewe prosesse nie, maar vanuit 'n sosiaal konstruktivistiese posisie is kennis (soos in taal verteenwoordig) deel van die gekoördineerde aktiwitiete van individue, met gemeenskaplike doelwitte ten opsigte van dit wat werklik bestaan en goed is. Die fokus is dus op inter-afhanklikheid eerder as afhanklikheid.

Opsommend kan ons dus sê dat konstruktivisme 'n epistemologiese benadering is waarin kennis van die werklikheid gesien word as 'n produk van kognitiewe prosesse wat in die senuweestelsel plaasvind. Sosiale konstruktivisme behels nie die kognitiewe prosessering deur 'n enkele observeerder nie. Konstruksies word gesien as 'n uitdrukking van 'n verhouding tussen mense. Volgens Gergen & Gergen (in Steier, 1991) word die werklikheid dus gesien as 'n produk van sosiale konsensus wat deur middel van interaksie bereik word . Dit behels dus 'n belangrike klemverskuiwing vanaf individuele verstandprosesse waardeur realiteit gekonstrueer word (konstruktivisme), na die betekenis wat deur mense gegenereer word deur gesamentelike beskrywings en verklarings in taal (sosiale konstruktivisme).

Soos reeds vermeld het Bateson (1979) 'n belangrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling van kubernetika deur sy beskrywing van patrone van menslike interaksie, kommunikasie en organisasie. Die epistemologiese gronde van Bateson se teorie is meer sosiaal konstruktivisties met sy beklemtoning van verhoudings tussen interaktiewe komponente. Baie van Bateson se antropologiese idees is uitgebrei en ontwikkel in die veld van terapeutiese sielkunde.

Bateson (1979) gee 'n kontekstuele verklaring van persepsie in terme van 'n koderings- of transformasieproses. Die transformasie- of koderingsproses impliseer dat 'n boodskap nooit dit kan wees wat dit ontketen het nie. Daar is 'n verhouding tussen die boodskap en die ontvanger wat twee klasse van inligting impliseer, eerstens die handeling, inligting, of boodskap, en tweedens die inligting of boodskap omtrent die kodering van die eersgenoemde. Die eerste boodskap verskil in logiese tipe van die tweede boodskap en ons noem dit meta-kommunikasie. Dus vind kontekstualisering van die eerste boodskap deur meta-kommunikasie plaas. Die meta-boodskap klassifiseer die boodskap wat voorkom in 'n bepaalde konteks (Johnson, 1993). Die konteks gee dus betekenis aan 'n boodskap.

Die proses van transformering, kodering en logiese tipering veronderstel dat daar 'n verhouding tussen die waarnemer en die waarneming bestaan. Hierdie proses wys op 'n dialektiese verhouding tussen die sensoriese ervaring wat onderskei word en die klassifisering daarvan.

Die sensoriese ervaring en die beskrywing daarvan is op verskillende logiese vlakke. Die verhouding tussen die sensoriese ervaring en die beskrywing daarvan het 'n selfverwysende aard - die een word voortgebring deur die ander. Volgens Bateson (1979) is daar 'n dialektiese patroon wat verskillende logiese vlakke of ordes van beskrywing met mekaar verbind. Bateson noem dit "the zig-zag ladder between classification of form and description of process" (p.210).

Die onderskeiding van verskillende ordes van beskrywing is 'n konseptuele meganisme wat oorspronklik deur Whitehead en Russel (in Keeney, 1983) gebruik is, maar is deur Bateson aangepas. Dit is die fundamentele beginsel van 'n kubernetiese epistemologie.

Bateson (1979) gebruik die konsep van logiese tipering as meganisme om die patrone van kommunikasie, wat die grondslag van menslike interaksie vorm, te ondersoek.

Volgens Keeney (1983) kan logiese tipering beskou word as 'n wyse waardeur onderskeid getref kan word. Keeney veronderstel dat elke observeerder onderskeidings ("distinctions") maak deur die proses van observering. Keeney verklaar dat: "what we perceive always follows from an act of making a distinction" (p. 24). Kennis aangaande die werklikheid is gegrond op die

onderskeidings wat ons maak. In die taalsisteem word ons onderskeidings beskryf en georganiseer in patrone van verbintenis ("pattern that connect") (Bateson, 1979). Alle onderskeidings is selfverwysend, en hierdeur word ons bewus van ons kennispatrone.

In Figuur 2.1 volg daar 'n dialektiese voorstelling van klassifikasie van vorm en beskrywing van proses (soos geïllustreer in Keeney, 1983, p. 41).

DIALEKTIESE VOORSTELLING VAN VORM EN PROSES:



Figuur 2.1. 'n Dialektiese voorstelling van die klassifikasie van vorm en die beskrywing van proses (Keeney, 1983, p. 41).

Die kolom regs word genoem die beskrywing van proses, en verwys na die eenhede wat geobserveer word. Die kolom links - klassifikasie van vorm - verwys na die vernoeming van patrone wat eenvoudige aksies en interaksies organiseer. Die choreografie organiseer elke orde van beskrywing deur die verbinding van hul elemente op betekenisvolle wyse.

Die patroon van logiese tipes vorm die basis van Bateson se hiërargie van leer. Op sy beurt vorm leer weer die grondslag van alle gedrag. Bateson (1972) verduidelik dat persoonlikheidseienskappe verklaar een kant van 'n beskrywing van 'n verhouding (die sig-sag patroon) wat verstaan moet word in terme van 'n wyer interaksie konteks (die logiese tipe patroon).

'n Verhouding is altyd 'n produk van 'n dubbele beskrywing en nie intrinsiek in 'n bepaalde individu nie. Daarom is dit volgens Bateson (1979) foutief om te praat van persoonlikheidseienskappe soos aggressie, afhanklikheid ensovoorts, aangesien dit verwys na wat tussen mense gebeur. Persoonlikheidseienskappe kan nie verklaar word deur te verwys na instruktiewe of selfs aangeleerde gedrag nie. So 'n verklaring verskuif die fokus vanaf die interpersoonlike veld na 'n innerlike kenmerk. Persoonlikheidseienskappe soos aggressie of afhanklikheid word dus vertaal na 'n interaksionele patroon in 'n verhouding tussen een of meer mense.

Die Invloed van Sosiale Konstruktivisme op die Psigoterapeutiese Veld

Sosiale konstruktivisme fokus na buite op die meer omvattende terrein van gedeelde taal. Refleksiwiteit verwys dus na 'n verhoudingskomponent. In teenstelling hiermee verwys refleksiwiteit in die konstruktivistiese teorieë na 'n interne kognitiewe predisposisie, aangesien die geslote neuronale struktuur van die sentrale senuweestelsel biologiese beperkinge plaas op die perseptuele prosesse van die observeerder.

Konstruering, hetsy van realiteite, probleme, oplossings of stories, is 'n sosiale proses wat in taal gegrond is. Hierdie konstrueringsproses vind in interaksie met ander mense plaas en kan dus eerder beskou word as 'n mede-konstrueringsproses vanweë die evolusionêre, wedekerige aard daarvan. Die sisteme waarmee ons in terapie werk, is vertellings. Vertellings bestaan in

beskrywings en dus in taal en word byvoorbeeld deur terapeutiese gesprekvoering tot stand gebring. Vanuit 'n sosiaal konstruktivistiese epistemologie word die kliënt se storie beskou as 'n gekonstrueerde vertelling - nie 'n objektiewe voorstelling nie. Dit impliseer dat die probleem van die kliënt soos geartikuleer in 'n vertelling, nie beskou word as 'n ontologiese entiteit nie, maar as voortgebring deur bepaalde maniere van konstrueer. Hierdie konstruksie proses vind plaas in dialoog met ander. Dit is dus 'n sosiale mede-konstruksie proses wat vanweë die sosiale aard daarvan kontekssensitief is. Die terapeutiese konteks (dit sluit in die struktuur, dialoog, interaksies, en prosesse) het dus 'n bepalende invloed op die storie/vertelling en die betekenissisteme wat hiermee verband hou.

Opsommend kan ons dus sê dat verskillende observeerders verskillend sien omdat hulle prosesse verskillend punktueer en sodoende word realiteit verskillend verstaan. Die struktuur van die individu bepaal hoe hy sy wêreld gaan punktueer. Die observeerder maak ook punktuasies ten opsigte van kontekste, en sodoende bepaal hy die grense van sy konteks. In dialoog kry 'n gebeurtenis betekenis ooreenkomstig die gepunktueerde konteks.

Dus kan terapie gesien word as 'n gesamentlike ekologie van idees gebou in 'n dialektiese proses tussen die observeerder (terapeut) en dit wat geobserveer word (kliënt). Hierdie dialektiese proses behels die rekursiewe tref van onderskeid waardeur nuwe betekenissisteme in dialoog geko-konstrueer word.

Vanuit 'n sosiaal konstruktivistiese perspektief is die probleemvertelling en dialoog ten opsigte van die probleem sentraal in die terapeutiese proses, aangesien nuwe betekenisse en realiteite in 'n dialektiese proses tussen die terapeut en die kliënt gekonstrueer word. In die volgende afdeling sal daar gefokus word op die sosiaal konstruktivistiese teorie en vertelling in psigoterapie.

Sosiale konstruktivisme en vertellings in psigoterapie

Neimeyer (1993) verklaar dat:

> ... the belief systems and apparent "realities" one indwells are socially constituted rather than "given", and hence can be constituted very differently in various cultures (or

subcultures), times, and circumstances, although they might appear to carry the force of necessity to those who inhabit them. (p.221)

Volgens Anderson en Goolishian (in Vogel, 1994) word die mens se probleme in taal gevorm, behandel en hervorm. Anderson en Goolishian (1988) verklaar dat menslike sisteme taal- en betekenisgenererende sisteme is. Volgens Anderson en Goolishian bestaan menslike sisteme slegs in die domein van betekenis of intersubjektiewe linguistiese realiteite. Dus kan die menslike konteks gesien word as 'n taal- en betekenisgenererende sisteem wat betrokke is by intersubjektiewe en rekursiewe aktiwiteite.

Vogel (1994) definieer vertelling as: "...a form of representation" en verklaar dat: "narratives link events in meaningfull sequence" (p. 244). Die betekenissisteme wat deel vorm van 'n vertelling, onderskei dit van ander voorstellings. 'n Vertelling kan dus beskou word as 'n voorstelling op 'n nuwe vlak van organisasie. Die kliënt se storie verander deur vertelling en sodoende word nuwe gewysigde betekenissisteme gekonstrueer. Die terapeutiese konteks speel 'n belangrike rol in die veranderde storie asook veranderende betekenissisteme.

Deur vertelling word betekenis en 'n sin van kohesie geskep deurdat die kliënte selektief fokus op sekere gebeure in hul lewens; terselfdertyd word die volgorde waarin hierdie gebeure voorgekom het, geherorganiseer en idiosinkraties geïnterpreteer.

Zimmerman en Dickerson (1994) wys daarop dat storiekonstruering nie net 'n eensydige proses is nie, maar dat dit altyd 'n proses is waarby ander mense ook betrokke is. Zimmerman en Dickerson verklaar dat: "...we pay attention to personal stories that persons have created to make meaning out of their experience as they interact with one another in a reciprocal meaning-making process" (p. 233).

Die terapeut verander die kliënt se storie deur sy betrokkenheid, manier van luister en weet. (Dean, 1989). Die terapeut se epistemologie speel 'n belangrike rol en bepaal hoe die terapeut die kliënt se storie gaan verander. Deur die verandering van die storie kom nuwe betekenissisteme tot stand vir die kliënt. Maar hierdie proses is 'n mede-konstruksie deur beide terapeut en kliënt. Vogel (1994) verklaar dat: "Through the use of terms we do more than shape and organize our

experience - we transform the structure of our knowledge as well" (p. 244).

Vertelling van die storie deur die kliënt (binne en buite terapie) lei tot die konstruering van nuwe betekenissisteme. In terapie help die vertellingsbenadering die kliënt om te beweeg van probleem-gedomineerde stories na stories wat verkies word ("preferred stories"). Deur middel van dialoog word vrae gegenereer om sodoende 'n herskrywingskonteks te genereer.

In die vertellingsmetafoor word mense se ervarings georganiseer in die vorm van stories. Een storie kan selde die totale omvang van die mens se ervarings insluit, gevolglik is daar altyd ervarings wat buite 'n bepaalde storie lê. Die kliënt se storie is gegrond op sy onderskeidings en punktuasies van die wêreld waarin hy leef. 'n Storie word dus 'n konteks waarin sekere ervarings of inligting pas en ander nie. In die vertellingsmetafoor soek die terapeut ervarings wat nie deel is of nie pas in die dominante probleemvertelling nie. Deur middel van vrae en die daarstel van 'n ander struktuur of verhouding waarin die storie kan ko-evolueer, word die kliënt gehelp om 'n alternatiewe storie te ontwikkel waarin meer ervarings ingesluit is. Dit is nie soseer die bepaalde ervaring wat belangrik is nie, maar die nuwe betekenis wat 'n alternatiewe storie kan teweegbring.

'n Vertelling evolueer oor tyd en is vloeibaar. In die vertellingsmetafoor is ervaring die primêre veranderlike. Die kliënt word genooi om sin te maak van ander aspekte van sy ervarings, hierdeur skep die terapeut 'n konteks van verandering waardeur die kliënt geleentheid kry om self in te gryp in sy probleem deur 'n nuwe storie, met nuwe betekenisse te konstrueer.

Mense beskou hul eie intensies as goed, hul vertelling regverdig hul gedrag as die enigste moontlikheid, onder bepaalde omstandighede. 'n Gevolg van die vertellingsproses is om sin te maak uit ander se gedrag wat betrokke is. Aangesien jou eie intensies as goed beskou word, word die probleem gesien as die gevolg van ander se optrede en sogenaamde verborge intensies. Mense verklaar ander se gedrag deur hul intensies te interpreteer. Aangesien "ander" ook betrokke is in 'n betekenisgenereringsproses, interpretasie proses en respondeer ten opsigte van hierdie proses, word evolusionêre wederkerige probleemstories of gewone stories geko-konstrueer. Die storie wat mense konstrueer evolueer in, en is uniek tot 'n sosiale-, kulturele- en verhoudingskonteks waarin hul gekonstrueer word.

Mense regverdig hul gedrag deur die betekenisse wat hulle aan 'n bepaalde omstandighede heg. Stories vorm die interaksionele konteks en word deur dit gevorm. Die terapeut moet ruimte skep vir nuwe toekomstige stories.

Betekenis is deel van belewing - dit moet ontdek, geskep en gekommunikeer word. Ons werk met betekenis van ervarings wanneer ons stories vertel. Wanneer ons deelneem aan die lewe, skep ons betekenis. Om sin en betekenis te vind is 'n sentrale dryfveer in alle menslike gedrag en in enige wetenskap.

In hierdie hoofstuk het ek gepoog om 'n uiteensetting te gee van die epistemologiese basis waarop my navorsing gegrond is. In die volgende hoofstuk gaan ek 'n beskrywing gee van die proses waardeur betekenissisteme deur vertelling in die terapeutiese konteks geko-konstrueer word. Die proses gaan gepunktueer word in terme van Bateson (1979) se dialektiese beskrywing die "klassifikasie van vorm" en die "beskrywing van proses".

HOOFSTUK 3

KONTEKS, BETEKENIS EN STORIEVERTELLING

"The limits of language....means the limits of my world."

(Ludwig Wittgenstein, 1953)

Indien die aanname gemaak word dat probleme in taal geskep word, moet ons ook aanvaar dat probleme in taal opgelos kan word. Taal vorm die grondslag van menslike verhoudings. Die analitiese lens word in hierdie hoofstuk gedraai na taal in gebruik, weg van die individu, na dit wat tussen mense in dialoog gebeur. Ons wêrelde word deur ons taal, in die vorm van beskrywings gevorm en geraam. Dus stel taal die parameters waarbinne ons, ons wêreld beleef.

In hierdie hoofstuk gaan ek die proses waardeur betekenissisteme deur vertellings in terapie in dialoog geko-konstrueer word, illustreer deur die terapeutiese proses te punktueer in terme van 'n dialektiese beskrywingsproses tussen die sensoriese en emosionele ervaring en die beskrywing daarvan. Hierdie punktuasie is geskoei op Bateson (1979) se dialektiese voorstelling van "Klassifikasie van vorm" en "Beskrywing van proses", soos in die vorige hoofstuk bespreek. Volgens Bateson is daar 'n dialektiese proses tussen sensoriese ervarigs en die beskrywing daarvan. Die sensoriese ervaring en die beskrywing daarvan is op verskillende logiese vlakke. Die verhouding tussen die sensoriese ervaring en die beskrywing daarvan is self-verwysend, met ander woorde, die een word voortgebring deur die ander. Bateson verklaar dat: "The relation between the report (map) and the thing reported (territory), tends to have the nature of classification, that is, the assignment of the thing to a class" (pp.37-38). In alle denke, persepsie en kommunikasie ten opsigte van persepsie is daar koderings of klassifiseringsprosesse betrokke.

Betekenissisteme word gekonstrueer in 'n dialektiese proses tussen die sensoriese of emosionele ervaring en die beskrywing daarvan. Hierdie konstrueringsproses vind plaas in 'n kognitiewe en gedragsdomein, 'n kontekstuele en verhoudingsdomein en in 'n meta-kontekstuele domein.

In Figuur 3.1 volg daar 'n grafiese voorstelling van die dialektiese proses tussen die sensoriese of emosionele ervaring en die beskrywing daarvan.

DIALEKTIESE PROSES TUSSEN DIE SENSORIESE EN EMOSIONELE ERVARING EN DIE BESKRYWING DAARVAN:



Figuur 3.1 Grafiese voorstelling van die dialektiese proses tussen die sensoriese en emosionele ervaring en die beskrywing daarvan.

In die kognitiewe en gedragsdomein word die sensoriese ervarings kognitief geprosesseer om 'n bepaalde belewing of ervaring in die emosionele domein te gee. Die kliënt se storie of vertelling is gebaseer op beskrywings van sy sensoriese ervarings. Hierdie proses vind plaas deur die mees elementêre epistemologiese handeling, naamlik die tref van 'n onderskeid (Bateson, 1979). Volgens Johnson (1993) verwys onderskeid na enige handeling waardeur 'n entiteit geskei word van sy oorsprong of agtergrond. Die bestaan van 'n fenomeen word voortgebring deur die onderskeidings wat 'n waarnemer tref. Volgens Bateson (1979) is die onderskeidings wat ons tref baie belangrik aangesien enige onderskeidingshandeling verband hou met die wyses waarop ons, ons wêreld ken en konstrueer. Op grond van ons onderskeidingsoperasies word prosesse gepunktueer in terme van gebeure wat oor tyd plaasvind. Die punktuasies verwys na die strukturering en organisering van voorgaande sekwensies van gebeure en gedrag deur die waarnemer. Hierdie proses vind onbewustelik plaas en kan verklaar word deur Maturana (1975) se konsep van strukturele determinisme.

Deur die beskrywing van ons emosionele en sensoriese ervarings word betekenisse gekonstrueer wat sin gee aan waargenome prosesse. Daar bestaan 'n rekursiewe verhouding tussen die sensoriese ervaring en die beskrywing daarvan in taal. Volgens Pennebaker (1990) impliseer dit dat die emosionele ervaring omgeskakel word in 'n kognitief-linguistiese ervaring.

'n Mens kan net in taal beskryf (Friedman, 1993). Taal noodsaak die sekwensiële ordening van woorde wat gebruik word in die beskrywings wat ons genereer. Verbalisering of linguistiese uitdrukking van die ervaring bring kognitiewe organisasie. Die omskakeling en enkodering van 'n emosionele na 'n linguistiese voorstelling stel ons instaat om emosionele ervarings te verstaan en te organiseer. In hierdie koderingsproses kry die ervaring betekenis.

Dus, ervarings en prosesse word geklassifiseer en beskryf. Taal is die meduim waarin ons beskryf, en 'n vertelling is die vorm wat dit aanneem. Ons kan nie beskryf wat ons sien, hoor, voel of begryp, sonder taal nie. Volgens Wittgenstein (1953) verskaf die taal waarin ons praat die moontlikhede en beperkings vir wat ons kan verstaan en hoe ons dit verstaan. Die mens skep betekenis in taal.

Enige beskrywing in taal vind in die kontekstuele en verhoudingsdomein plaas. In hierdie domein word vertellings aangaande beskrywings gekonstrueer, en deur interne en eksterne dialoog gevorm en hervorm. Betekenis word gekonstrueer en geko-konstrueer deur vertellings.

Vertellings in beide interne en eksterne dialoog moet voldoen aan kontekstuele vereistes. Wanneer ek na interne dialoog verwys, veronderstel ek die klassifisering en beskrywing van ervarings in die vorm van vertellings, asook die interne gesprekke van die waarnemer. Deur middel van interne dialoog word stories gekonstrueer wat ook vertellings in eksterne dialoog beïnvloed. Die individu se epistemologie, taal, geloof en waardes kan beskou word as deel van die interne konteks waaraan interne dialoog moet voldoen.

Wittgenstein (in Seaburn, Lorenz & Kaplan, 1992) het die term "weltenschauung" ontwikkel wat "wêreldvisie" beteken. Dit verwys na die gelowe en waardes wat mense gebruik om hul wêrelde te beskryf en sin daarvan te maak. Die individu se "weltenschauung" is 'n produk van taal, en van hoe die individu taal gebruik om betekenis te konstrueer. Hierdeur kan die individu orde in sy lewe skep en riglyne neerlê waarvolgens hy kan lewe. Enige vertelling in interne dialoog moet kongruent wees met die "weltenschauung" van die individu.

Maar die mens leef egter nie in isolasie nie en is gedurig in interaksie met ander. In die gesinsisteem, kultuur en gemeenskap word 'n eie "weltenschauung" ook ontwikkel wat selfs deel vorm van die individu se interne beskrywings en dialoog. Betekenisse word dus oor generasies geskep in bepaalde kulture, daarom is dit moeilik om die gesin en die individu in die gesin te verstaan indien jy nie sy geskiedenis verstaan nie. Die ontwikkeling van interaksiepatrone, hanteringsmeganismes, gelowe, waardes, en rolle is 'n transgeneratieweproses (Seaburn et al., 1992).

Eksterne dialoog geskied in interaksie met ander mense. Beskrywings en vertellings wat gegenereer word in eksterne dialoog moet aan die kontekstuele vereistes voldoen. Die konteks waarbinne gebeure en interaksies plaasvind speel 'n baie belangrike rol aangesien konteks prosesse raam en bepaalde betekenisse daaraan gee.

Die woord konteks is afgelei uit die Latynse woord "contextus" wat saamvleg beteken (Abercrombie et al., 1988). Die konteks is die raamwerk waarbinne gedrag, verbale en nie-verbale boodskappe betekenisvol word. Volgens Bateson (1979) is konteks verbind aan betekenis. Bateson verklaar dat: "...all communication necessitates context, without context, there is no meaning, and contexts confer meaning because there is classification of context" (1979, p.27).

Ons kan dus sê dat 'n individu se ervarings gegrond is op sy punktuasies en beskrywings van prosesse binne 'n bepaalde kontekstuele raamwerk.

In die kontekstuele en verhoudingsdomein word die sekwensiële gedragspatrone bestudeer. Daar word dus 'n sekwensiële analise van gedragsinteraksies gemaak deur die bestudering van prosesse en patrone in 'n bepaalde konteks. Die individu se vertelling word dan aangepas ten opsigte van sy punktuasie van die konteks en waargenome prosesse. Dit beteken dat 'n nuwe konteks nuwe vertellings kan genereer waarin nuwe betekenisse geskep kan word.

Dit is dus duidelik uit die voorafgaande dat die konteks waarin 'n vertelling plaasvind 'n belangrike rol speel. Maar waarvan praat ons, as ons praat van die terapeutiese konteks?

Die terapeutiese konteks verwys na daardie reëls wat gedrag en vertellings in terapie rig. Dus, net soos 'n sin verstaan moet word binne 'n bepaalde teks, so moet gedrag verstaan word binne 'n bepaalde konteks. Interaksie in die terapeutiese konteks, geskied deur middel van konteksmerking, 'n proses waardeur betrokke partye ooreenkom ten opsigte van die toelaatbare gedrag en interaksies in 'n bepaalde konteks (Keim, Lentine, Keim & Madanes, 1987).

Net soos enige ander konteks is die terapeutiese konteks ook deel van 'n groter sisteem wat deur rolspelers gedefinieer word. Verskillende eksterne en interne prosesse en strukture vorm die terapeutiese konteks. Interne prosesse verwys na beide die kliënt en terapeut se punktuasies, probleembeskrywings en interne dialoog wat kongruent is aan elk se epistemologie en wêreldbeskouing wat deel vorm van sy interne konteks. Hierdie interne konteks is vergelykbaar met Maturana (1975) se beskrywing van die struktuur van outopoïetiese sisteme.

Die eksterne konteks verwys na die groter terapeutiese konteks wat beskryf kan word aan die hand van strukture en rekursiewe dialektiese prosesse.

Wanneer ek na die struktuur verwys, verwys ek na dit waaruit die konteks saamgestel is. Dit sluit in die roldefinisies en verwagtings van die kliënt, die terapeut en die terapeutiese span. Volgens Anderson en Goolishian (1988) is die rol van die terapeut om die argitek van dialoog te wees. Die rol van die terapeut is om deel te word van die sisteem en 'n proses waarin taal en betekenis in voortgaande dialoog geskep word. Die terapeut het 'n leidende rol en tree as veranderingsagent op. Deur intensiewe luister en vraagstelling word die probleem ondersoek. Die epistemologie en terapeutiese paradigma waarin die terapeut werk speel 'n belangrike rol in hoe sy haar rol as terapeut sal definieer en uitspeel. Die psigodinamiese terapeut wat haarself beskryf as 'n objektiewe observeerder sal lineêre beskrywings en oorsaaklike verklarings genereer. Hierteenoor sal die terapeut met 'n kubernetiese epistemologie haarself sien as deel van die terapeutiese sisteem waarin realiteite en betekenisse geko-konstrueer en gedekonstrueer word. Die terapeutiese span vorm 'n belangrike deel van die terapeutiese sisteem. Die span neem die terapeutiese proses van agter 'n eenrigtingskerm waar. Die terapeutiese span het die rol van meta-observeerders ten opsigte van die terapeutiese proses. Meta-beskrywings aangaande waargenome prosesse word deur die span gegenereer en teruggevoer in die terapeutiese proses. In hierdie terugvoersiklusse word nuwe betekenisse ook geko-evolueer.

Rekursiewe dialektiese prosesse verwys na die interaksionele gedragsekwensies. Met ander woorde - die kliënt en terapeut se punktuasies en persepsies van dit wat besig is om te gebeur in die terapeutiese konteks. Beskrywings en vertellings van beide die kliënt en die terapeut moet kongruent weet met prosesse en strukture wat die terapeutiese konteks vorm.

Die vraag is egter wat gebeur met die vertelling in die terapeutiese konteks, en hoe word betekenissisteme in dialoog geko-konstrueer deur vertellings in terapie?

Terapie vind plaas in die kontekstuele en verhoudingsdomein. In terapie word 'n gesamentelike ekologie van idees gebou in 'n dialektiese proses tussen die terapeut en die kliënt. Hierdie dialektiese proses behels die rekursiewe tref van onderskeid, die punktuering van

waargenome prosesse en die konstruering van kontekssensitiewe beskrywings wat gegrond is op die sensoriese en emosionele ervarings van beide die terapeut en kliënt. So evolueer alternatiewe beskrywings van die probleem in dialoog.

In die terapeutiese konteks word 'n probleem-gefokusde storie aan die terapeut vertel met die doel dat die terapeut dit sal verander deur sy interpretasies, klemverskuiwings, en oorsaaklike verklarings. Deurdat die kliënt sy storie aan die terapeut vertel, gee hy vir die terapeut mede-outeurskap van die storie. Dit is gewoonlik nie die eerste keer wat hierdie storie vertel word nie. Deur herhaling kan die betekenis van die vertelling verskeie transformasies ondergaan aangesien die verteller poog om sy storie aan te pas by die konteks en gehoor. Dit word gedoen deur aanpassings op'n stylistiese vlak deurdat die verteller die voorstelling en inhoud van die storie manipuleer deur verskeie verbale tegnieke. Op 'n interaktiewe vlak word die storie vertel op 'n bepaalde manier aan 'n bepaalde persoon of persone, die status van die verhouding van die verteller en sy gehoor word hierdeur geaffekteer. Die terapeut moet altyd in gedagte hou dat die probleem-gefokusde storie die voorkeur perspektief van die verlede en 'n voorkeur voorstelling van die self verteenwoordig (Keim et al., 1987). Deur sy vertelling probeer die kliënt 'n bepaalde idee of boodskap aan die terapeut oordra. Die manier waarop die kliënt voortgaande kommunikasieprosesse of interaksionele sekwensies gepunktueer het, bepaal watter betekenis hy daaraan toeskryf en hoe elke betrokke persoon se gedrag beskryf word. Die individuele gesinslid se subjektiewe punktuasie van interaksie bepaal die betekenis wat hy of sy toeskryf aan haar eie gedrag, asook aan die gedrag van ander. Dit sluit ook die konteks wat gemerk is in, veral ten opsigte van die interpretasies van oorsaak en gevolg. Volgens Watzlawick, Beavin en Jackson (1967) skep die ordening van sekwensies in vertelling, wat kontekssensitief is, nuwe realiteite. Dit is dus moontlik dat verandering in die punktuasies van die kliënt se vertelling in terapie alreeds 'n nuwe perspektief op probleme kan gee nog voordat die terapeut 'n woord gespreek het. Die konteks waarin die vertelling plaasvind is dus alreeds terapeuties.

Die terapeut luister na die inhoud en betekenisse van die kliënt se vertelling. Deur vrae te vra, eksploreer die terapeut die kliënt se realiteit en betekenissisteme, en tergelyke tyd konstrueer sy dit ook. Deur vraagstelling help die terapeut die kliënt om op alternatiewe wyse te praat oor sy probleem, deurdat nuwe onderskeidings en punktuasies gemaak word, in 'n rekursiewe proses

waarin realiteite en belewenisse in dialoog geherkonstrueer word. Die terapeut help die kliënt om 'n voller beskrywing van die probleem te genereer deur die invloed van die probleem op verskillende terreine in sy lewe te ondersoek. Nuwe inligting of inligting wat voorheen verwaarloos was word deel van die probleemvertelling. Die terapeut help die kliënt om temas in sy vertelling te identifiseer, nuwe patrone te onderskei en gebeurtenisse of "feite" op 'n nuwe manier te verbind.

Die terapeut verryk dus die kliënt se beskrywing deur nog beskrywings te genereer. Indien twee mense in interaksie, die interaksieproses so punktueer dat 'n holistiese beskrywing van die sisteem moontlik is, noem Bateson (1979, p.37) dit "double description". Bateson verklaar dat:

> ...double description is an epistemological tool that enables one to generate and discern different orders of pattern...double description provides a way of using language to direct us toward higher order descriptions, as two eyes can derive depth, two descriptions can derive pattern and relationship. (p. 38).

In die ko-konstruering van beskrywings van beskrywings, of soos Bateson (1979, p.37) daarna verwys, "double description", word vernuwende betekenisse deur die vertellingsproses geko-konstrueer. Die nuwe storie wat in terapeutiese gesprekvoering geko-konstrueer is, word geïnternaliseer en word gevolglik deel van die kliënt se innerlike gesprek wat 'n storie vorm waardeur die kliënt sy lewe ervaar en verklaar.

In die meta-kontekstuele domein word 'n meta-kontekstuele beskrywing deur die terapeutiese span gegenereer. Hierdie meta-storie verteenwoordig 'n beskrywing van vertellings oor vertellings. Die meta-storie is 'n holistiese beskrywing van waargenome verbale en nie-verbale prosesse op verskillende logiese vlakke. In die meta-beskrywing wat deur die terapeutiese span gegenereer word, word nuwe interaksiepatrone en verhoudingspatrone onderskei en beskryf. Hierdie beskrywings word oorgedra aan die terapeut en word so deel van die terapeutiese storie.

In die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat taal en gesprekvoering fundamentele

konsepte is wat deel van die taalsisteembenadering vorm (Anderson & Goolishian, 1990). Volgens die taalsisteembenadering is menslike sisteme taal- en betekenisgenererende sisteme. Deur kommunikasie en gesprekvoering word die sosiale organisasie in menslike sisteme beheer (Anderson & Goolishian, 1988). Die fundamentele konsepte van die taalsisteembenadering is gewortel in kontemporêre hermeneutika en sosiale konstruktivisme, of soos dit ook bekend staan, die postmodernistiese interpratiewe perspektief. Hierdie perspektiewe beklemtoon ook betekenis as 'n intersubjektiewe fenomeen, wat geskep en ervaar word deur die individue in dialoog en interaksie met ander. Dit veronderstel dat menslike handelinge plaasvind in 'n realiteit van begrip wat geskep is deur sosiale konstruksie en dialoog, en dat ons, ons lewe leef en verstaan deur sosiaalgekonstrueerde vertellingsrealiteite. Dit beteken dat ons betekenis gee, ons ervarings organiseer en self-identiteit verkry in die verloop van transaksies.

Vanuit hierdie perspektief is mense dus taal- en betekenisgenererende sisteme deurdat ons saam met ander betekenis skep. 'n Terapeutiese sisteem is 'n taalsisteem waarin die kliënt en terapeut saam betekenis ko-konstrueer.

Verandering is 'n natuurlike gevolg van dialoog, ongeag dit in die kognitiewe of gedragsdomein plaasvind. 'n Gesprekterapeutiese konteks word verkry deurdat ruimte geskep word vir die kliënt se storie.

Opsommend kan ons dus sê dat die mens die lewenslange taak het om betekenis te gee aan sy ervarings, en sodoende sin te maak van sy bestaan (Seaburn et al., 1992). Hierdie betekenis is geanker in stories wat geskep en vertel word. Deur die artikulering van ervarings skep die mens 'n raamwerk van begrip wat die lewe vir hom meer voorspelbaar en hanteerbaar maak.

In perseptuele prosesse, taal en dialoog kom ons wêrelde tot stand en kry dit betekenis. Betekenis is nie net vasgevang in ons ervarings nie, ons skep betekenis deur die taal wat ons gebruik en die stories wat ons vertel. Ons taal kan dus bevrydend en beperkend wees.

In hierdie hoofstuk is die proses waardeur betekenissisteme deur vertellings in terapie geko-konstrueer word, beskryf. In hoofstuk 4 sal die werkswyse uiteengesit word om aan te dui hoe

die terapeutiese proses gepunktueer en gekonstrueer is om inligting te genereer. Ek gaan poog om die dialektiese beskrywingsproses wat in hierdie hoofstuk volledig beskryf is op 'n praktiese wyse voor te stel deur die terpeutiese vertellingsproses van een gevallestudie te analiseer.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSPROSEDURES

"My soul is not the result of objective facts that require explanation; rather it reflects subjective experiences that require understanding"

James Hillman (in Reason, 1981).

In hierdie hoofstuk word die werkswyse uiteengesit om aan te dui hoe betekenissisteme deur vertelling in terapie, geko-konstrueer word. Ek gaan dus verduidelik hoe ek die terapeutiese proses gepunktueer en gekonstrueer het om inligting te genereer wat die navorsingsvraag kan beantwoord. Hierdie hoofstuk kan dus gesien word as 'n beskrywing van my punktuasies van die terapeutiese sisteem en proses.

Die implisiete aanname wat ek maak is dat realiteite en betekenisse in dialoog geko-konstrueer word en dat ons beleefde ervarings gevorm en hervorm word deur die betekenisse wat ons daaraan heg, deur die stories wat ons vertel.

Enige navorsing en navorsingsmetodes is gegrond in die navorser se teoretiese vertrekpunte en veronderstellings. Die navorser se epistemologie en dit wat vir haar belangrik is word weerspieël in haar navorsing en die keuse van haar navorsingsparadigma.

Gedurende my studieloopbaan het 'n paar eenvoudige dog belangrike vrae onbeantwoord gebly, naamlik: "Wat is terapie, hoe vind verandering plaas, wanneer is terapie terapeuties?" Hier was 'n legio antwoorde op hierdie vrae, maar vir my was die post-modernistiese teorieë met sy beklemtoning van meervoudige realiteite, dialoog en betekenissisteme die antwoord op my vrae.

My wetenskaplike grondbeginsels herberg 'n bepaalde filosofiese visie op die werklikheid wat ten diepste gewortel is in 'n lewens- en wêreldbeskouing en 'n stel religieuse oortuigings met betrekking tot die werklikheid. Vir die leser om te verstaan waarom die post-modernistiese teorieë en die teoretiese konsepte van die nuwe paradigmanavorsing versoenbaar was met my epistemologie, is dit belangrik dat ek my veronderstellings en aannames verduidelik.

My basiese veronderstellings is gegrond op 'n Christelik-filosofiese paradigma. Ek glo in een ware realiteit wat deur God daar gestel is, maar wat deur elke mens anders waargeneem en beleef word omdat elke mens in sy wese uniek is. Elke mens se werklikheidsvisie en die manier waarop hy realiteit beleef verskil. Ons as mense kan nie deur sintuiglike waarnemings of simboliese interpretasies hierdie realiteit skep of verander nie. Hierdie fisiese realiteit is deel van die skeppingsorde en is aan bepaalde wette wat deur God geponeer is onderworpe en dit geld vir die geskape werklikheid. As gevolg van die sondeval lewe ons en is ons deel van 'n gebroke werklikheid en daardeur is die mens se begrip en kennis van die werklikheid verwring. Omdat die mens nie toegang tot die Godgeskape werklikheid het nie, het daar gevolglik verskillende maniere ontstaan waarop realiteite verklaar en beskryf word. Omdat ek as mens deel van hierdie realiteit is, kan ek dit nie objektief bestudeer nie, en vorm "ek" en "realiteit" saam 'n holistiese entiteit.

My siening van realiteit kan vergelyk word met witlig wat in 'n verskeidenheid kleure opbreek sodra dit deur 'n prisma gestuur word. Met ander woorde, een ligstraal verteenwoordig een realiteit, maar ons belewing daarvan verskil. Omdat ons as mense nie toegang het tot die objektiewe geskape realiteit nie, verklaar ons realiteit deur meervoudige beskrywings, en in hierdie beskrywings word meervoudige realiteite gekonstrueer op grond van ons eie idiosinkratiese ervarings.

Die kubernetiese epistemologie wat gegrond is op konstruktivistiese en sosiaal konstruktivistiese teorieë, was versoenbaar met my Christelike oortuigings en epistemologie. Die belangrikste aanname van die kubernetiese epistemologie is dat dit die mens se toegang tot 'n objektiewe realiteit verwerp. Dit is belangrik om te onthou dat konstruktivistiese teorieë nie die bestaan van 'n objektiewe werklikheid ontken nie, maar slegs sê dat die mens nie toegang daartoe het nie. Volgens hierdie teorieë kan ons slegs realiteit ken deur die kognitiewe prosessering van sensoriese stimulu in die senuweestelsel (konstruktivisme) en ons beskrywing van bogenoemde ervarings in gesprekke met ander (sosiale konstruktivisme). In ons ervarings en beskrywings daarvan in vertellings word meervoudige realiteite en betekenisse gekonstrueer en geko-konstrueer.

My aannames oor die werklikheid moet noodwendig pas by die navorsingsparadigma wat ek

kies om te gebruik in my navorsing. Daar moet 'n kongruensie bestaan tussen my kubernetiese epistemologie - wat die teorieë van konstruktivisme en sosiale konstruktivisme onderlê - en die wyse waarop ek kies om 'n navorsingsproses uit te voer wat die beoogde beskrywings genereer.

Beskrywings van die proses waardeur betekenisse deur vertelling in terapie geko-konstrueer word kan nie bestudeer word in die konvensionele logies-positivistiese navorsingsmodelle nie. Ek benodig dus 'n navorsingsmodel wat dit vir my moontlik sal maak om beskrywings, prosesse, konteks, betekenisse en die ko-konstruksie van realiteite, te kan bestudeer.

Nuwe paradigmanavorsing ("new paradigm research") vind aansluiting by die aannames van tweede-orde-kubernetika en sosiale konstruktivisme en kan beskryf word as 'n paradigma wat kongruent is met my kubernetiese epistemologie.

Maar wat is nuwe paradigmanavorsing, en hoe verskil dit van konvensionele positivistiese modelle?

Patton (in Lincoln & Guba, 1985) beskryf 'n paradigma as volg:

> A paradigm is a world view, a general perspective, a way of breaking down the complexity of the real word. As such, paradigms are deeply embedded in the socialization of adherents and practitioners: paradigms tell them what is important, legitimate, and reasonable. Paradigms are also normative, telling the practitioner what to do without the necessity of long existential or epistemological consideration. But it is this aspect of paradigms that constitutes both their strength and their weakness in that the very reason for action is hidden in the unquestioned assumptions of the paradigm. (p.15)

Positivisme is 'n filosofiese benadering wat vroeg in die negentiende eeu, primêr in Frankryk en Duitsland ontstaan het. Die Vienna-sirkel van logiese positivisme was die sterkste hiervan. Positivisme was aanvanklik gerig op die hervorming van etiek, religie, politiek en filosofie maar het uiteindelik die grootste impak op wetenskaplike metodes gehad (Lincoln & Guba, 1985).

Positivisme is gegrond in 'n ontologie van realisme wat veronderstel dat daar een waarneembare objektiewe realiteit, onafhanklik van menslike waarneming, bestaan wat wetenskaplik gemeet en beskryf kan word. Hierdie realiteit is toetsbaar en onafhanklik van teoretiese verklarings. Dit kan opgebreek word en die eenhede kan afsonderlik bestudeer word. Dus word betekenis in hierdie benadering geskei van feite. Dit is reduksionisties aangesien menslike fenomene gereduseer word tot 'n enkele stel wette. Onmeetbare menslike kwaliteite word geïgnoreer.

Die nuwe paradigmanavorsing is gegrond in 'n relativistiese ontologie. Volgens Lincoln en Guba (1985) het die mens nie toegang tot 'n objektiewe realiteit nie, gevolglik konstrueer hy meervoudige realiteite wat sin en betekenis aan waarnemings en ervarings gee. Hierdie realiteite moet holisties bestudeer word aangesien dit 'n subjektiewe perspektief op idiosinkratiese ervarings is wat meervoudige betekenisse insluit.

Volgens die positivistiese paradigma is daar geen verhouding tussen die navorser en dit wat nagevors word nie. Die navorser is buite die sisteem van ondersoek geplaas. Hierteenoor onderskryf nuwe paradigmanavorsing die konsepte, rekursiwiteit en self-verwysing, wat veronderstel dat die navorser en navorsing onskeibaar van mekaar is. Dit impliseer 'n verhouding tussen die navorser en die navorsing. Keeney (1983) verklaar dat: "...what we perceive and know is 'n product of our participation with the observed. This means that observations are not absolute but relative to an observers point of view" (p.83).

Die konsep rekursiwiteit is fundamenteel vir konstruktivistiese en sosiaal konstruktivistiese navorsers. Vir beide die konstruktiviste en sosiale konstruktivisme is die kubernetiese epistemologie sentraal vir begrip van refleksiwiteit. In die tweede-orde-kubernetiese epistemologie, is die waarnemer deel van haar waarneming (Steier, 1991). Refleksiwiteit verwys na 'n "terugkeer" of "terugbuiging" na die self (Steier, 1991). Dit is 'n sirkulêre proses. Die proses waardeur kennis verkry word is gegrond in 'n refleksiewe terugvoersirkel (Steier, 1991). Steier verduidelik verder dat die self waarna refleksiwiteit verwys, is ook sosiaal gekonstrueer. Volgens Gergen en Gergen (in Steier, 1991) impliseer self-refleksiwiteit dialoog of gesprekke omtrent wie ons is.

Die implikasies van tweede-orde-kubernetika en refleksiwiteit vir navorsing is dat die navorser bewus word van hoe sy deel is van haar navorsing en hoe sy dit beïnvloed en navorsingsbevindings konstrueer. Dit impliseer 'n bewustheid van my eie epistemologie, teorie en manier van waarneem. Steier (1991) sê dat ons deur die vrae wat ons vra, navorsingsresultate ko-konstrueer. Gevolglik is dit belangrik om bewus te wees van hoe ons besluit om op sekere aspekte te fokus en ander nie. Ons metodologiese veronderstellings rig ons vrae, wat weer ons bevindings vorm (Steier, 1991).

Refleksiwiteit impliseer dus dat die navorser haar veronderstellings en situasionele gedrag wat haar bevindinge beïnvloed eksplisiet maak. Dit is belangrik om ons eie veronderstellings en metodologie te sien as deel van ons navorsing, en te ondersoek hoe ons deel is van ons data (Steier, 1991).

In refleksiewe navorsing is daar ook 'n refleksiewe proses vanaf die navorser na deelnemers aan die navorsing en omgekeerd (Steier, 1991). Volgens Steier is hierdie refleksie proses 'n ko-konstruksieproses.

Gergen en Gergen (in Steier, 1991) verklaar dat die konstruktivistiese benadering tot refleksiwiteit na binne gerig is, terwyl die sosiaal konstruktivistiese benadering tot refleksiwiteit 'n proses tussen mense is, dus word refleksiwiteit verstaan in verhouding tot ander en dit is gegrond in gedeelde taal. In hierdie navorsing waar die navorser konstruktivisme en sosiale konstruktivisme beskryf as deel van 'n kubernetiese komplimentariteit, word refleksiwiteit gesien as 'n interne sowel as eksterne proses.

Selfverwysing vorm 'n belangrike aspek van refleksiwiteit in die navorsingsproses. Dit beteken dat die navorser onlosmaaklik verbind is aan dit wat sy beskryf. My idees, waardes, teoretiese en epistemologiese veronderstellings bepaal hoe ek terapeutiese realiteite gaan punktueer en beskryf en sodoende is ek mede-konstrueerder van terapeutiese realiteite. Ek as terapeut en navorser is dus verantwoordelik vir my eie observasies, beskrywings en verklarings, aangesien dit wat ek waarneem en doen reflekteer wat ek is. Keeney (1983) verklaar dat die fokus in nuwe paradigmanavorsing verskuif het vanaf beklemtoning van die objektiwiteit van die

navorser na beklemtoning van verantwoordelikheid van die navorser. Keeney verduidelik dat vanuit 'n etiese perspektief dit elke navorser se verantwoordelikheid is om die verbintenis tussen die observeerder en geobserveerde te herken en uit te lig. Ek moet verantwoordelikheid aanvaar vir my konstruksies.

Implikasies van Nuwe Paradigmanavorsing

Nuwe paradigmanavorsing impliseer dat navorsing gedoen moet word in 'n natuurlike konteks aangesien realiteite heel is en nie verstaan kan word in isolasie van hul konteks nie (Lincoln & Guba, 1985). Enige observasie is konteks gebonde. Die konteks is die raamwerk waarbinne gedrag, verbale en nie-verbale boodskappe betekenisvol word (soos bespreek in hoofstuk 3). Navorsingsinteraksies, wat onder andere die verhouding tussen die navorser en subjekte en die navorser en observasies insluit, is 'n integrale deel van die navorsingskonteks.

Aangesien die mens primêr in die navorsingsproses is, sal die navorser haarself as primêre data-versamelaar gebruik. Verskeie aspekte van die self van die navorser moet dus in aanmerking geneem word in die navorsingsproses. Dit sluit die epistemologie van die navorser en haar lewenservarings in. Hierdie faktore beïnvloed haar keuse van navorsingsonderwerp, konstruering van die navorsingsprojek en die interpretasie van die data. Dus wanneer die navorser navorsing doen, moet sy metafories voor 'n spieël staan en bewus wees van epistemologiese en ervaringsrefleksies van die self as navorser. Alle instrumente is waarde gebaseer en is in interaksie met sekere waardes - die navorser is in die posisie om haar eie vooroordele en waardes te identifiseer en in aanmerking te neem.

Dit is nie altyd moontlik om dit wat ons "weet" in taal te beskryf of te verklaar nie (Lincoln & Guba, 1985). Intuïtiewe kennis ("tacit knowledge") verwys na veelvuldige onuitdrukbare assosiasies wat lei tot nuwe betekenisse, idees en toepassings (Lincoln & Guba, 1985). Heron (1981) verduidelik dat navorsing drie tipes kennis impliseer wat hy noem "proporsionele kennis", "praktiese kennis" en "ervarings ("experiental") kennis". Hy beskryf wetenskap as 'n proses wat bogenoemde drie kennisse insluit. In nuwe paradigmanavorsing word intuïtiewe kennis gelegitimeer, aangesien die nuanse van meervoudige realiteite soms net op hierdie manier

waardeer kan word. Baie van die interaksies tussen die navorser en subjekte vind op hierdie vlak plaas. Intuïtiewe kennis weerspieël meer akkuraat die waardepatrone van die navorser.

Kwalitatiewe navorsing reflekteer 'n fenomenologiese perspektief (Moon, Dillon & Sprenkle, 1990). Dit beteken dat die navorser deur kwalitatiewe metodes poog om komplekse patrone, aksies en interaksies in 'n gegewe konteks te verstaan eerder as om dit te verklaar soos in die geval van kwantitatiewe navorsing. Nuwe paradigmanavorsing verkies kwalitatiewe metodes omdat dit meer aanpasbaar is om meervoudige realiteite en die menslike instrument te hanteer. Wanneer die mens as instrument gebruik word, is dit makliker om navorsingsmetodes te gebruik wat deel is van normale menslike aktiwiteite soos kyk (observering), en luister en praat (onderhoude). Hierdie metodes dui die aard van die navorsingsinteraksies aan en maak dit makliker om die fenomeen te beskryf in terme van die navorser se eie epistemologie aangesien dit meer sensitief en aanpasbaar is by meervoudige komponente en waardepatrone van menslike aktiwiteite en rekursiewe verhoudingspatrone.

Steekproewe vind doelmatig plaas en nie verteenwoordigend soos in tradisionele navorsingsmetodes nie, aangesien die doel van navorsing nie meer is om kontrole oor veranderlikes uit te oefen om veralgemeenbaarheid te verhoog nie. Aangesien konteks krities is in nuwe paradigmanavorsing soek die navorser spesifieke inligting in 'n spesifieke konteks. Inligting word gegenereer deur die onderskeidings ("distinctions") wat die navorser maak, en deur haar beskrywing van onderskeidings (soos bespreek in hoofstukke 2 en 3). Deur verkreë inligting te verbind word prosesse en patrone van betekenis geïdentifiseer. Hierdeur kan ryk beskrywings in veelvuldige realiteite gegenereer word. Doelbewuste steekproewe verhoog die navorser se vermoë om 'n gegronde teorie uit data te kan ontwikkel wat die konteks, navorsingsinteraksies en waardes van die navorser in ag neem (Lincoln & Guba, 1985).

Data-analise in nuwe paradigmanavorsing is induktief en rekursief (Moon et al., 1990). Die doel van data-analise is om ryk beskrywings te genereer. Dit is moontlik deurdat data deurentyd geanaliseer word en nie net aan die einde van die data-versamelingsproses nie.

Analitiese induksie en voortdurende vergelyking is generatiewe metodes waardeur die navorser

sosiale wetenskaplike fenomene op 'n rekusiewe wyse kan bestudeer om sodoende verbindingspatrone ("patterns that connect") te onderskei. Hierdeur kan die data in die navorsing deur induktiewe metodes akkumuleer.

Induktiewe eerder as deduktiewe data-analise metodes word verkies, aangesien hierdie proses eerder meervoudige realiteite in die data kan identifiseer. Hierdie analise maak die navorser-subjek interaksies meer eksplisiet, herkenbaar en beskryfbaar. Hierdie proses gee ook 'n voller beskrywing van die konteks en kan makliker besluit of observasies oordraagbaar is na ander kontekste. Induktiewe data-analise identifiseer makliker die rekursiewe invloede wat interaksie vorm. Waardes vorm ook 'n eksplisiete deel van analitiese strukture.

Nuwe paradigmanavorsing verkies substantiewe teorieë wat voortspruit uit en gegrond is op data. Geen voorafgaande teorie kan meervoudige realiteite akkomodeer nie. In nuwe paradigmanavorsing is dit onmoontlik om 'n vooraf vasgestelde teorie te gebruik aangesien geen vasgestelde teorie die meervoudige realiteite wat in 'n nuwe navorsingskonteks na vore sal kom kan voorspel of omvat nie. 'n Voorafgaande teorie is bevooroordeeld en gebaseer op vooropgestelde veralgemenings. Gegronde teorie ("grounded theory") is meer responsief ten opsigte van kontekstuele waardes en laat ruimte vir rekursiewe vorming in 'n spesifieke konteks. Wanneer ons praat van gegronde teorie, word daar verwys na teorie wat induktiewelik afgelei is van die fenomeen wat dit verteenwoordig. 'n Teorie word ontwikkel deur die sistematiese versameling en analisering van data aangaande 'n fenomeen. Data-versameling, analisering en teorievorming is drie prosesse wat in 'n wederkerige verhouding tot mekaar staan en in hierdie prosesse kan die navorsing ontvou ("emerge"). Gegronde teorie word dus ontwikkel deur die proses van navorsing. Volgens Reason en Rowan (1981) word inligting wat versamel is gebruik om 'n holistiese model op te bou wat die sisteem van ondersoek beskryf en verklaar. Diesing (in Reason & Rowan, 1981) verduidelik dat temas uit navorsingsdata met mekaar verbind in 'n netwerk of patroon van betekenisse. Volgens Reason (1981) pas Diesing se beskrywing van 'n patroonnetwerk van betekenis by die konsepte van gegronde teorie. Gegronde teorie is dus nie deduktief nie en laat ruimte vir vloeibare betekenisse waardeur meervoudige realiteite gevorm en hervorm kan word (Lincoln & Guba, 1985).

'n Navorsingsproses vind plaas in 'n spesifieke konteks op 'n spesifieke tyd. Inligting wat ingewin word, is dus verstaanbaar in terme van hierdie konteks en tyd. Daar word dikwels van 'n plaaslike gegronde teorie ("local grounded theory") gepraat wat beteken dat data wat gevind is, van toepassing is op 'n spesifieke navorsingsproses in 'n spesifieke konteks op 'n spesifieke tyd. Uit die inligting wat gevind is, word 'n gegronde teorie opgebou en gevestig. Gegronde teorie is sensiteif en responsief tot kontekstuele waardes en elemente (Lincoln & Guba, 1985). Elden (1981) veronderstel in sy bespreking van deelnemende navorsing dat gegronde teorie 'n plaaslike teorie ("local theory") is: "Participatory research facilitated the gathering together and systematizing of isolated individualized understanding in what I have called 'local theory'" (p.261).

Aangesien dit byna onmoontlik is om vooraf kennis aangaande meervoudige realiteite te hê, sal 'n navorsingsontwerp wat mag ontvou meer gepas wees as een wat vooraf gekonstrueer is, omdat betekenisse deur die konteks bepaal word. Dit word 'n ontvouende ontwerp ("emergent design") genoem (Lincoln & Guba, 1985). Dit wat ontvou is 'n produk van die interaksie tussen die navorser en die fenomeen en is grootliks onvoorspelbaar, aangesien die navorser nie vooraf die patrone van rekursiewe vorming ("mutual shaping") kan voorspel nie en betrokke waardesisteme (insluitende die navorser se eie) op onvoorspelbare maniere mekaar beïnvloed (Lincoln & Guba, 1985). Die ontwerp ontvou deur deurlopende induktiewe analise van die data (soos reeds vroeër in die hoofstuk bespreek). 'n Gegronde teorie wat telkens aangepas word by nuwe inligting en evoluerende betekenisse vorm 'n belangrike bousteen van die ontwerp. Alhoewel daar geen rigiede struktuur is waarbinne die navorsing plaasvind nie, gaan die navorser nie onvoorbereid die navorsingskonteks binne nie. 'n Fokus word vooraf bepaal wat breë riglyne vir die navorsingsproses neerlê. 'n Ontvouende ontwerp is 'n produk van gekonstrueerde wêrelde, en ontken nie konstruktivisme nie.

Die navorsingsresultate wat verkry is deur betekenisse en interpretasies van menslike bronne moet onderhandelbaar wees, aangesien dit menslike konstruksies van realiteit is wat die navorser wil herkonstrueer. Moon et al. (1990) noem die navorsingsresultate, bewerings ("assertions"). Dit word nie beskryf as deel van 'n objektiewe realiteit nie. Die resultate van die ondersoek is afhanklik van die aard en kwaliteit van die interaksie tussen die navorser en die subjekte. Daar

moet dus onderhandel word oor die betekenis van die data. Beskrywings wat deur die navorsingsproses gegenereer is kan die beste deur mense wat deel is van die konteks ondersoek, geverifieer en bevestig word, aangesien respondente in 'n beter posisie is om komplekse rekursiewe interaksies te interpreteer. Respondente kan ook die invloed van bestaande waardepatrone beter verstaan en interpreteer. Die onderhandeling van die betekenis en interpretasies van navorsingsresultate met die respondente is belangrik aangesien verkrygde data nie van die natuurlike konteks geïsoleer kan word nie. Gevolglik is respondente wat deel vorm van hierdie natuurlike konteks in 'n beter posisie om resultate te interpreteer en te verstaan omdat hierdie resultate ook hul konstruksie van realiteit is wat deur die navorser geherkonstrueer word.

Deur 'n gevallestudie kan die navorser 'n meer aanpasbare beskrywing van meervoudige realiteite genereer. 'n Gevallestudie word gebruik aangesien betekenis deur die konteks bepaal word. Interaksies en dialoog is belangrike boustene van die terapeutiese konteks en kry betekenis in die terapeutiese konteks, dit is dus 'n rekursiewe proses wat nie vooraf voorspelbaar is nie. Die navorser kan ook haar interaksies met die konteks en vooroordele beter demonstreer in 'n gevallestudie. 'n Gevallestudie gee ook 'n basis vir beide individuele "naturalistiese veralgemenings" en oordraagbaarheid na ander kontekste. Met behulp van 'n gevallestudie kan rekursiewe vormingsinvloede gedemonstreer word (Lincoln & Guba, 1985). In die gevallestudie is daar ruimte vir die waardeposisie van die ondersoeker, substantiewe teorieë, metodologiese paradigma, en kontekstuele waardes.

Betroubaarheid wys volgens Lincoln en Guba (1985) op die navorser se vermoë om sy gehoor en lesers (wat ook die navorser self insluit) te oortuig dat sy bevinding waardevol is. Die kriteria van die konvensionele paradigma waardeur die betroubaarheid en geldigheid van navorsing bepaal word is lineêr en kan gevolglik nie gebruik word om die betroubaarheid van sirkulêre, rekursiewe, interaktiewe prosesse te meet nie. 'n Kriterium van betroubaarheid wat kongruent is met die veronderstellings van my navorsingsparadigma moet gebruik word.

Nuwe paradigmanavorsing word dikwels gekritiseer omdat dit nie voldoen aan die konvensionele betroubaarheidskriteria nie, wat die volgende insluit: interne en eksterne geldigheid, betroubaarheid en objektiwiteit. Volgens Atkinson en Heath (1990) word die geloofwaardigheid

van kwalitatiewe metodes in twyfel getrek omdat dit so subjektief en ongekontroleerd is, dit impliseer dat die resultate nie geldig en betroubaar is nie. Nuwe paradigmanavorsing betwyfel konvensionele kriteria van betroubaarheid van data. Die onderliggende aanname van hierdie paradigma is dat geen "objektiewe" kriteria betroubaarheid en geldigheid van data kan bepaal nie. Tog blyk dit dat sekere navorsers gepoog het om 'n tussenweg te vind tussen konvensionele en nuwe paradigmanavorsing. Lincoln en Guba (1985, p.42) vervang die konvensionele betroubaarheidskriteria met kriteria van geloofwaardigheid ("credibility"), oordraagbaarheid ("transferability"), afhanklikheid ("dependebility"), en bevestiging ("confirmability").

Volgens Lincoln en Guba (1985) word die geloofwaardigheid in nuwe paradigmanavorsing gedemonstreer deurdat die navorser in haar navorsing meervoudige, gekonstrueerde realiteite voldoende kan uitbeeld. Geloofwaardigheid vervang die konvensionele navorser se kriteria van interne geldigheid.

Die konvensionele kriteria van eksterne geldigheid word in nuwe paradigmanavorsing vervang met kriteria van oordraagbaarheid. Die navorser in nuwe paradigmanavorsing is versigtig om bevindinge breed toe te pas, omdat realiteite meervoudig en verskillend is. Bevindinge is afhanklik van die spesifieke interaksie tussen die navorser en die respondente en nie noodwendig elders toepasbaar nie. Oordraagbaarheid van navorsingsbevindinge is afhanklik van die empiriese ooreenkomste in die navorsingskontekste. Volgens Lincoln en Guba, (1985) is dit onmoontlik vir die nuwe paradigmanavorser om die eksterne geldigheid van sy navoring te bepaal.

In die konvensionele paradigma is geldigheid gegrond in die stabiliteit, konstantheid en voorspelbaarheid van die fenomeen (Lincoln & Guba, 1985). Dit impliseer 'n konstante onveranderbare realiteit. In nuwe paradigmanavorsing met sy beklemtoning van meervoudige, veranderende en gekonstrueerde realiteite, word die kriteria van geldigheid vervang met afhanklikheid. Die nuwe paradigma neem dus onstabiliteit en faktore wat verandering kan induseer in ag.

Volgens die konvensionele paradigma kan die navorser neurtraliteit handaaf deur objektief te wees. Objektiwiteit impliseer eerstens dat die navorser haarself kan distansieer van haar navorsing

en eie observasies (subjek-objek dualisme) en tweedens dat die navorsing waarde-vry kan wees. Bogenoemde veronderstellings is nie versoenbaar met nuwe paradigmanavorsing nie. Die kriteria van objektiwiteit word vervang met bevestiging.

Dit is duidelik uit bogenoemde dat hierdie vervangende kriteria van Lincoln en Guba (1985) nie werklik breek met die konvensionele navorsingsparadigma nie, aangesien dit steeds poog om vasgestelde kriteria op 'n unieke navorsingskonteks toe te pas. Data moet idiografies geïnterpreteer word aangesien verskillende interpretasies betekenisvol is in verskillende kontekste. Die geldigheid van interpretasies berus op die navorser en respondente, kontekstuele faktore, rekursiewe vormingsfaktore en die waardes van die navorser.

Die legimiteit van navorsing in die nuwe paradigma hang af van die navorser se vermoë om sy gehoor mee te voer, te stimuleer en ook deurgaans in te sluit by die navorsingsproses deur haar punktuasies en aannames tydens die gesprekke, aan die leser beskikbaar te stel. Legimiteit hang nie af van die konvensionele kriteria van geloofwaardigheid nie (Gergen, 1985).

Elke navorser maak verskeie onderskeidings in die poging om haar data te organiseer tot patrone van verbintenis. "One must organize the world in specific ways in order to make sense of it" (Atkinson & Heath, 1987, p. 8). Dit is belangrik dat die navorser bewus is van die wyse waarop sy onderskeidings maak en dat sy haar patrone van onderskeidings organiseer en ondersoek. Navorsing word 'n taak van ondersoek na dit wat gedoen is om 'n spesifieke realiteit te skep (Keeney & Morris, 1985).

Atkinson, Heath en Chenail, (1991) verklaar dat die betroubaarheid van hipoteses en verklarings nie deur individuele navorsers gevestig kan word nie, ongeag die metodes wat gebruik word. Legimitisering van kennis vereis die oordeel van die totale gemeenskap van observeerders. Ons as wetenskaplike gemeenskap moet dus gesamentelik verantwoordelikheid neem vir ons navorsing. Kennis is deel van 'n sosiale proses. Atkinson et al. (1991) verklaar dat: "In the absence of certainty, knowledge is an ethical matter, one in which the judgement of each steakholder must count" (p.163). Atkinson et al. (1991) argumenteer dat die kwaliteit van nuwe kennis nie verband hou met die proses van waarneming nie. Die kwaliteit van kennis in

kwalitatiewe navorsing hou verband met die vermoeëns, intuïtiewe kennis en oorspronklikheid van die navorser eerder as spesifieke gesistematiseerde metodes. Gesistematiseerde metodes maak bevindinge nie noodwendig meer betroubaar nie. Dialoog en konsensus is die enigste proses waardeur idees gelegimitiseer kan word. Gemeenskaplike legimitisering word volgens Rorty (1982) gekenmerk deur ooreenstemming en toleransie vir verskille in dialoog tussen mense.

Atkinson et al. (1991) voel dat die aanname dat die bepaling van kredietwaardigheid die navorser se taak is, verwerp behoort te word. Bepaling van die kredietwaardigheid van die navorsingsproses is die taak van die gemeenskap van observeerders tesame met die navorser.

Dit is dus duidelik dat die konvensionele paradigma nie voldoende vir menswetenskappe is nie, omdat dit die selfdeterminasie van subjekte en hul vermoë om betekenis aan belewenisse te gee onderskat (Reason, 1981).

Verklaring en beskrywing is twee basiese metodes om ervarings te reflekteer en te prosesseer. ' n Navorsingsondersoek kan verklaar, uitdruk of analiseer om te verstaan. Verklaring is die doel van die konvensionele paradigma en is deel van 'n analitiese of eksperimentele benadering. Deur verklaring klassifiseer jy, konseptualiseer jy en bou jy teorieë op grond van jou ervarings.

Uitdrukking is die doel van nuwe paradigmanavorsing en laat die betekenis van ervarings manifesteer (Reason, 1981). Betekenis is deel van ervaring en moet ontdek word. Ons werk met betekenis van ervaring wanneer ons stories vertel. Volgens Mishler (1986a) het die konvensionele navorsing metodes taal, betekenis en konteks verwaarloos.

Vervolgens gaan ek die navorsingsontwerp wat ek gebruik het bespreek. My doelwit met hierdie navorsing is om ryk beskrywings te genereer waardeur nuwe betekenisse kan ontvou en ko-evolueer.

In hierdie navorsing gaan ek dus poog om die proses waardeur betekenissisteme deur vertelling in die terapeutiese proses gemede-konstrueer word te ondersoek. Daar sal gefokus word op dialogiese en interaktiewe prosesse tussen die terapeut en die kliënt en hoe alternatiewe

stories met alternatiewe betekenisse deur hierdie prosesse ko-evolueer.

'n Gevallestudie word deur kwalitatiewe metodes ondersoek. 'n Ontvouende ontwerp gaan gebruik word aangesien die ontwikkeling van die navorsingsproses geskoei word op ontwikkelende data. Dit impliseer ook dat die navorsingsproses gerig word deur rekusiewe terugvoerprosesse wat die vloei en ontwikkeling daarvan van oomblik tot oomblik bepaal. In veelvuldige gesprekke met myself, my kliënt, supervisore en kollegas word daar voortdurend alternatiewe onderskeidings en punktuasies gemaak wat die wyse waarop elkeen waarneem rekursief perturbeer. Die proses is dus ko-evoluerend en gevolglik onvoorspelbaar.

Die navorser gebruik deelnemende navorsing in die natuurlike terapeutiese konteks. Die konteks waarin die navorsing plaasvind, is 'n terapeutiese konteks. Net soos enige ander konteks is die terapeutiese konteks ook deel van 'n groter sisteem wat deur rolspelers gedefinieer word. Hierdie konteks sluit in bepaalde reëls, roldefinisies en verwagtings van beide die terapeut en die kliënt (soos reeds bespreek in hoofstuk 3). Die terapeutiese konteks kring ook wyer uit om ander persone wat deel in die terapeutiese proses in te sluit, soos byvoorbeeld my terapeutiese supervisor, die neurospan (waarvan daar in hoofstuk 5 melding gemaak word) en kollegas. Hierdie mense vorm ook deel van die dialogiese proses waardeur alternatiewe onderskeidings en beskrywings gegenereer word.

Die seleksie van die deelnemer - of proefpersoon soos in tradisionele navorsingsmodelle genoem - het op toevallige wyse plaasgevind. 'n Kliënt wat verwys is deur die psigiatriese afdeling van 'n hospitaal is doelgerig geselekteer vir navorsingsdoeleindes en het op 'n vrywillige basis aan die navorsingsproses deelgeneem. Aanvanklik het ek geen plan gehad om hom te gebruik vir hierdie navorsing nie, aangesien ek te oorweldig was deur die kompleksiteite van sy probleem, maar geleidelik het die proses op verskillende vlakke ontwikkel in 'n betekenisvolle ervaring vir my en die kliënt. Die man wat aanvanklik 'n kliënt was het in die verloop van die terapeutiese proses 'n deelnemer aan 'n navorsingsproses geword waarin alternatiewe betekenisse en stories geko-evolueer het.

Ek het op verskillende wyses data versamel sodat 'n ondersoek gedoen kon word na die wyses

waarop ek en die kliënt onderskeidings maak. Oor 'n tydperk van ses maande is veelvuldige onderhoude gevoer. Met die onderhoude het die kliënt en ek as deelnemende waarnemer sekere onderskeidings in ons gesprekke gemaak. Die onderhoude is telkens op video opgeneem waarna dit deur my bestudeer is om uitgebreide beskrywings te genereer in die vorm van prosesverslae. Na afloop van elke sessie het ek en die kliënt kort prosesnotas geskryf wat ons aan mekaar gelees het. Aanvanklik het ek dit voorgestel om hom te help om te onthou, maar later het dit 'n belangrike deel van die terapeutiese proses geword. Die prosesnotas het alternatiewe betekenis tot die terapeutiese proses toegevoeg.

Die metode van navorsing is 'n rekursiewe dialogiese proses waarin alternatiewe stories en betekenisse ko-evolueer. Die navorsing gaan in twee fases geskied. Die eerste fase gaan strek vanaf die aanvang van terapie tot voor terminasie. Die kliënt gaan versoek word om 'n beskrywing van sy probleem te gee. Die storie omtrent die probleem gaan ondersoek word in terme van die kliënt se onderskeidings en sy konseptualisering van die probleem. Sentrale temas in die vertelling gaan geïdentifiseer word, asook die metafore waarmee die kliënt sy probleem beskryf. Verhoudingspatrone en storiepatrone (konneksies tussen gebeure) gaan geïdentifiseer en ondersoek word. Patrone van verbintenis sal deurentyd geïdentifiseer word asook die wyse waarop probleemvertellings en beskrywings in dialoog ko-evolueer en alternatiewe betekenissisteme in die proses geko-konstrueer word.

Die proses gaan gepunktueer word aan die hand van hoe veranderinge van betekenis plaasgevind het in die terpeutiese konteks deur vertelling. Dus hoe 'n veranderde vertelling verband hou met 'n veranderde konteks en veranderde betekenisse in terapie.

In die tweede fase wat direk voor terminasie begin gaan die navorsingsproses aan die kliënt verduidelik word. My konseptualisering van die probleem, punktuasies en beskrywings van die proses in terapie gaan aan die kliënt voorgelê word vir kommentaar. Hierdeur sal 'n retrospektiewe beskrywing gegenereer word wat uiteindelik ook 'n nuwe beskrywing gaan wees met nuwe betekenisse.

Terapeutiese gesprekvoeringe span sal opgeneem en getranskribeer word. Alle materiaal wat

gebruik word vir hierdie navorsing soos onder andere die bandopnames, prosesnotas en stories sal veilig bewaar word om sodoende konfidensionaliteit te behou.

Ek gaan die terapeutiese proses oor 'n tydperk van ses maande beskryf aan die hand van een gevallestudie. Ek gaan poog om soveel as moontlik rou data weer te gee en ryk beskrywings te genereer waardeur die leser 'n duidelike prentjie van die navorsingsproses kan vorm. In hierdie navorsing gaan ek deurentyd my konseptualiserings en punktuasies van die proses weergee, aangesien hierdie navorsing 'n idiosinkratiese beskrywing is en nie 'n weerspieëling van 'n objektiewe waarneembare realiteit nie.

Data-analise, ingesamelde inligting sal kwalitatief ondersoek word. Op 'n induktiewe wyse sal daar na deurlopende patrone en reëlmatighede gesoek word. Data sal ideografies geïnterpreteer word wat beteken dat die interpretasies sal plaasvind in terme van die besonderhede van die spesifieke geval.

Hierdie navorsing fokus dus spesifiek op die interpersoonlike beskrywingsproses waardeur betekenissisteme in dialoog deur vertelling ontwikkel. In die volgende hoofstuk word die navorsingsproses geïllustreer volgens die beginsels wat uiteengesit is.

HOOFSTUK 5

DIE TERAPEUTIESE STORIE VAN KARET

In hierdie hoofstuk gaan daar gepoog word om die terapeutiese proses te beskryf en te illustreer uit die terapeutiese gesprekke. Stories van sketse en briewe wat die kliënt in hierdie tydperk geskryf het, vorm 'n belangrike deel van die navorsingsdata aangesien dit lig werp op sy ervaringswêreld en konseptualisering van sy probleem. In die bespreking van hierdie gevallestudie sal ek deurgaans verwys na teoretiese konstrukte wat in voorafgaande hoofstukke bespreek is. Die terapeutiese proses gaan gepunktueer word in terme van die proses waardeur realiteite en betekenisse in interne en eksterne dialoog geko-konstrueer is. Daar sal spesifiek aangedui word hoe beleefde ervarings gevorm en hervorm word deur die betekenisse wat ons heg aan die stories wat ons vertel.

Die terapeutiese proses word beskryf aan die hand van vier fases waarvolgens die navorser die terapeutiese proses gepunktueer het. Dele uit gesprekke wat getranskribeer is, sowel as stories, briewe en prosesnotas wat deur die kliënt geskryf is sal gebruik word om die proses waardeur betekenissisteme geko-konstrueer is te illustreer. Hierdie hoofstuk sal geskryf word soos 'n verhaal en kan gesien word as die terapeutiese storie van Karet*.

Ek het Karet in Mei 1997 begin sien. Karet is 'n 22- jarige ongetroude man. Hy is die jongste van twee kinders en afkomstig van 'n klein plattelandse dorpie in Noord-Wes. In Januarie 1993 nadat hy sy skoolloopbaan suksesvol voltooi het, het hy by die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) aangesluit en hy was sedertdien werksaam by die Militêre polisie waar hy as grafiese kunstenaar aangewend word.

* Die naam Karet is deur die persoon betrokke by die navorsingsproses self gekies as plaasvervangende naam wat sy identiteit kan verbloem. Hy het die naam gekies omdat hy homself sien as 'n tussenganger of 'n plaasvervanger. "Caret" is die Latynse woord wat tussenganger of gemis beteken.

Hy was opgeneem by die psigiatriese afdeling van 1 Militêre Hospitaal en het met paniekaanvalle en depressie gepresenteer. Kort na sy opname by psigiatrie is hy verwys vir 'n neurosielkundige evaluasie en rehabilitasie aangesien hy in Oktober 1996 in 'n motorfietsongeluk was en 'n hoofbesering opgedoen het.

Fase 1

Sessie 1: 30/5/97

Die suster van die neuro-rehabilitasie saal het my gevra om dringend een van die pasiënte te sien voor sy hom op naweekpas huis toe stuur. Dit was my eerste ontmoeting met Karet. Ek het geen agtergrondkennis omtrent hom gehad nie. Tydens hierdie eerste sessie het hy onophoudelik gehuil en gesê dat hy nie meer kan skryf of lees nie, dat hy nie kan onthou nie, dat hy nie meer mens voel nie en dat hy eerder in die ongeluk dood moes gewees het.

Ek het empaties geluister en gevoelens van leegheid en verlies gereflekteer. Ek was baie oorweldig deur die emosionele intensiteit waarmee die sessie gelaai was. Ek kon sy kwesbaarheid aanvoel, en was amper te bang om op 'n emosionele vlak nader aan hom te beweeg. Ek het probeer om 'n veilige konteks te skep waarin die verbalisering van hierdie emosie toelaatbaar is.

Tydens hierdie eerste ontmoeting was ons verhouding gedefinieer in terme van die tradisionele "pasiënt-terapeut"- rolle. Die dialoog was baie probleemgefokus. Dit was duidelik dat Karet in die hospitaalkonteks die rol van pasiënt aangeleer en uitgespeel het in interaksie met die onderskeie terapeute.

Sessie 2: 30/6/97

Na vier weke pas het Karet teruggekom. Hy was nie meer so depressief nie. In hierdie sessie is sy probleme deur die volgende stellings gedefinieer:

K : - *Ek weet nie wat mense van my verwag nie.*

- *Ander mense weet nie hoe om teenoor my op te tree nie.*

- *Ek voel soos 'n vreemdeling in my eie wêreld.*
- *Dit voel asof kommunikasielyne tussen my en ander mense afgesny is.*
- *Die woorde liefde en haat maak nie meer vir my sin nie.*

Hierdie probleemdefinisies is deur hom geformuleer op grond van sy belewings die afgelope ses maande na sy ongeluk in interpersoonlike verhoudings. Dit het belangrike temas in sy probleemstorie geword en het reeds 'n belangrike deel van sy selfdefinisie en interne dialoog uitgemaak. Karet het baie sag gepraat, dit was moeilik om hom te verstaan en soms het dit gelyk asof hy my nie verstaan nie.

Sessie 3: 8/7/97

Tydens die derde sessie wat ons mekaar gesien het, het ek besluit om 'n neurosielkundige evaluasie te doen om sodoende die aard en omvang van sy hoofbesering te bepaal. Uit neurosielkundige toetsing het dit geblyk dat Karet met omvattende geheueprobleme presenteer. Alhoewel sy visuele geheue intakt was, was sy verbale geheue baie ingekort. Om te kompenseer vir sy verbale geheueinkorting het Karet woorde en sinne omskep in visuele voorstellings aangesien hy eerder dit wat hy sien sou kon onthou as dit wat hy hoor. Karet het ook gepresenteer met totale retrograde amnesie van vyf jaar. Karet het gedeeltelike amnesie vir gebeure voor bogenoemde vyf jaar gehad. Bevindinge van neurosielkundige evaluasie het gekorrelleer met die resultate van sy breinskanderings. Op die breinskanderings was daar tekens van frontale, vermale en temporale atrofie. Die neuroanatomiese strukture betrokke by geheue is die diencephaliese strukture wat die dorsale mediale en middelnukleus van die thalamus, asook die middel temporale strukture wat die hippokampus, die mammillarie liggaampies en die amygdala insluit.

Gedeeltelike afasie het ook by Karet voorgekom wat dit vir ons moeilik gemaak het om deur middel van taal te kommunikeer. Karet het verder ook gepresenteer met 'n kliniese beeld van temporale kwab epilepsie (TLE). Karaktereienskappe van Karet wat met TLE geassosieer word is woede-uitbarstings, filosofiese ingesteldheid, omslagtige spraak, hipergrafia, oorbeklemtoning van detail (Lezak, 1995). Karet was verder ook baie angstig en depressief. Tipies van TLE

pasiënte het Karet ook gepresenteer met episodes van dissosiasie, derealisasie en delusionele gedagtes (Kaplan, Sadock & Grebb, 1994).

Konseptualisering van die Probleem

Vanweë die konstruktivistiese aard van my epistemologie het ek in hoofstuk 1 die aanname gemaak dat die mens nie toegang tot 'n objektiewe realiteit het nie en dat die mens self sy realiteit konstrueer deur twee rekursiewe prosesse wat gelyktydig intern (die kognitiewe prosessering van sensoriese data deur die sentrale senuweestelsel) en ekstern (beskrywings gegenereer in dialoog met ander) plaasvind. Ek maak dus die aanname dat daar 'n dialektiese verhouding tussen die sensoriese ervaring en die beskrywing daarvan bestaan (soos reeds bespreek in hoofstuk 3). Daar is dus 'n patroon van verbintenis wat hierdie twee rekursiewe prosesse waardeur realiteit gekonstrueer word, verbind (Bateson, 1979).

Die een deel van bogenoemde onderskeiding word verklaar deur die konsep strukturele determinisme (Maturana, 1975). Strukturele determinisme verklaar persepsie in terme van kognitiewe prosesse wat in die senuweestelsel plaaasvind. Dit impliseer dat Karet se waarnemings en onderskeidings van die wêreld waarin hy leef deur die struktuur van sy senuweestelsel gedetermineer word. Alle beskrywings en verklarings van sy wêreld is dus selfverwysend.

Karet se hoofbesering het gelei tot strukturele veranderings in sy sentrale senuweestelsel. Dit impliseer 'n verandering in verstandsaktiwiteite wat sensoriese sensasies prosesseer en 'n gevolglike verandering in sy ervaringswêreld. Ons kan dus aanvaar dat dit ook sal lei tot 'n verandering in sy waarnemings en onderskeidings of punktuasies van die wêreld.

Die neurologiese konseptualisering van Karet se probleem is 'n belangrike onderskeiding wat in terapie gemaak is. Die struktuur van die sentrale senuweestelsel lê die grense waarbinne die individu kan funksioneer neer. Karet se hoofbesering het verandering gebring op verskillende kognitiewe vlakke. Selfs persoonlikheidskenmerke het na die ongeluk verander. Dikwels staar klinici hulle blind na die beperkinge wat deur 'n versteuring of besering te weeg gebring word. Om Karet se realiteit en betekenissisteme te ondersoek was dit belangrik dat ek my konseptualisering

van sy probleem nie net sou beperk tot 'n strukturele of neurologiese beskrywing nie, aangesien so 'n beskrywing dualisties is en net een deel van 'n kubernetiese komplimentariteit sal verklaar (Keeney, 1983). Deur middel van dialoog moes nuwe beskrywings gegenereer word waardeur Karet nuwe betekenisse kon konstrueer wat op 'n alternatiewe wyse sin en betekenis aan sy waargenome realiteit kon gee. Dus, die struktuur van die senuweestelsel bepaal hoe ons ons wêreld sien en ervaar, maar deur die beskrywing van hierdie wêreld in dialoog kan nuwe betekenisse en realiteite geko-konstrueer word.

Aangesien Karet makliker deur sketse kon kommunikeer het ek en Karet in die vierde sessie ooreengekom dat ons vir mekaar sou teken. Deur sy tekeninge het hy vir my toegang tot sy ervaringsdomein en realiteit gegee. Sy begrip en artikulasie van sy emosionele belewing was beperk. Sy besering het strukturele beperkinge geplaas in sy ervaringsdomein. Veral in terme van sy geheue, aangesien die geheue 'n belangrike komponent van die ervaringsdomein vorm omdat betekenisse van nuwe ervarings kongruent moet wees met 'n reeds bestaande wêreldbeskouing en epistemologie wat deel van die individu se interne konteks vorm (soos reeds bespreek in hoofstuk 3). Karet kon op hierdie stadium nie sy emosionele ervarings beskryf nie. Gevolglik kon hy ook nie differensieer tussen verskillende emosionele ervarings nie. Deur sy sketse kon hy "vorm gee" aan sy ervarings. Op hierdie stadium was daar dus vir hom nie woorde waardeur hy in die kognitiewe-linguistiese domein betekenis aan sy ervarings kon gee nie.

Sy sketse was die visuele voorstellings van beleefde sensoriese en emosionele ervarings. In terapie het daar 'n konsensuele domein (Maturana, 1975) of 'n konteks ontstaan waarin my en Karet se begrip en belewing van realiteit wedersyds geperturbeer is. Deur hierdie proses het nuwe beskrywings en betekenisse geko-evolueer.

Bylaag 1 illustreer die terapeutiese proses in die eerste fase van terapie. Karet het sy ervarings en gevoelens in sketse uitgebeeld. In terapie het ek hom vrae gevra oor die emosies wat hy op papier uitgebeeld het. Die verbalisering van beleefde emosies behels die omskakeling en enkodering van emosionele voorstelling na 'n linguistiese voorstelling waardeur Karet sy emosionele ervarings kon verstaan en organiseer. In hierdie terapeutiese proses het Karet dus sensoriese en emosionele ervarings in die kognitiewe en gedragsdomein beskryf (soos uiteengesit

in hoofstuk 3). Die sketse verteenwoordig dus 'n verbreeding en fasilitering van beskrywing wat in taal gesetel is.

In hierdie eerste fase van terapie was temas van deursigtigheid en neutraliteit sentraal in Karet se storie (sien Bylaag 1a).

K : *Hierdie is ek* (Bylaag 1a, skets 3). *Ek wil deurskynend wees, dan pla ek nie mense nie. Mense kan nie aan my raak nie.*

M : *Hoekom?*

K : *Ek is bang.*

Hy identifiseer met die kleure groen, blou en silwer. Groen omdat dit volgens hom gekamoefleerd is en deel van die natuur vorm, groei en lewe gee. Blou omdat dit groot is, soos die lug bokant ons en die water in die see, dit kan aan alles raak maar niemand kan daaraan raak nie, dit is deurskynend. Silwer omdat dit glinster, omdat dit 'n element en nie 'n kleur is nie en omdat dit 'n illusie of weerkaatsing is.

K : *As mense vir jou kyk, dan sien hulle hulself.*

Karet het gepoog om sy omgewing te hanteer deur homself deursigtig en neutraal te hou. Hy het sosiaal onttrek en probeer wegsteek en leer wat hy verloor het. Sy besering het sy identiteit van hom af weggeneem. Sy tekeninge het hom toegang gegee tot emosionele dieptes, en was verteenwoordigend van sy emosionele ervarings. Jou geskiedenis, ervarings, en geloofsisteme gee vir jou 'n raamwerk waarbinne jy sin en betekenis aan realiteit gee. Karet het 'n groot deel hiervan vergeet, en dit kan metafories vergelyk word met 'n persoon wat van die straat af op die verhoog gesit word om 'n rol in 'n toneelopvoering te speel wat totaal onbekend is. Karet se besering het meer as net kognitiewe funksies van hom af weggeneem. Dit het ook 'n groot deel van sy lewensstorie van hom af weggeneem. Sy storie in terapie was dat hy geen storie gehad het nie of eerder dat hy sy storie vergeet het, en gevolglik nie meer weet hoe om sy rol (die hoofrol)

in sy eie storie te speel nie.

Karet het vier sketse geteken wat sy ervarings of emosies uitgebeeld het. Ek het hom gevra om elke skets 'n naam te gee en 'n storie te skryf oor die belewing, emosionele gevoelens en betekenisse wat elke skets ontlok. Na aanleiding van my diagnose en konseptualisering van sy probleem het hierdie onafwendbare, eensydige, en voorspelbare intervensie gevolg. Hierdie intervensie was daarop gerig om sy emosies en ervarings in taal te beskryf. Dit impliseer die klassifisering of enkodering van onderskeidings wat hy maak in die ervaringsdomein.

Die getranskribeerde stories is presiese weergawes van die oorspronklikes en was dus nie aan enige taalversorging of verandering onderhewig nie. Karet het elke skets 'n naam gegee en die stories geskryf in terme van sy belewing, betekenisse wat hy daaraan heg en emosionele gevoelens wat deur elke skets uitgebeeld word.

Storie van Skets 1

Naam: Waar, Wat en Wie?

Belewing: Ek het my self baie vrae gevra, en kan nie 'n antwoord kry nie. Ek het baie leeg gevoel, Ek het geen identiteit van my eie nie, Dit wat ek was voel dood, of is weg. Ek het my self probeer soek maar kan nooit kry waarna ek soek nie, al wat ek kry is goed wat seer en bang maak. Ek het my self verloor en duisende ander mense geword. Vir baie mense na-aan my kom ek as iets vreemds voor. Ek het my bes probeer om 'n perfekte mens te word, om 'n perfekte profilje te kry.

Betekenis: Om orals in te pas sonder om in enige plek te pas, om in te pas by enige plek sonder om 'n ooghaar te lig, en om weer weg te gaan sonder dat iemand dit agter kom. Ek was 'n perfekte skim. Om baie na-aan iemand te kom te vat wat ek nodig het en net te verdwyn sonder dat ek gemis word.

Emosionele gevoelens: Baie alleen, geen idee wie of wat ek is nie, wil niemand teleerstel nie, dus

Skets 1: Waar, Wat en Wie?

kom ek perfek voor, en skrik mense om my af, hulle wil nie vir my se wat fout is nie, maar het altyd goeie verskonings om my uit 'n groep te druk, ek het soos 'n vreemde wesse begin voel tussen vriende.

Storie van Skets 2

Naam: Grasieuse Vorstelikheid

Belewing: In beheer van myself en van alles om my. Liefde vir my self en alles om my. Respek vir my en almal om my, dit dwing otamaties respek by almal af, dus bly ek altyd in beheer. Dit wys ook skoonheid, in en buite.

Betekenis: Om altyd volle beheer te hê, om altyd alles te oorweeg en dan die regte besluit skielik en perfek te neem sonder om weer daar oor te dink. Altyd die perfekte optrede te hê, maak nie saak wat die situasie vereis nie.

Emosionele gevoelens: Alles wat ek gedoen het, het, ek probeer om dit perfek te doen, want as jy perfekte werk doen pla niemand jou nie. En as jy jou werk perfek doen, los mense jou uit en dan is jy so vry soos 'n Arend. Jy kan mense van vêr bekyk en bestudeer. Geen mens kan aan jou raak nie, en gewoonlik sien hulle my nooit raak nie, maak ek sien alles, al is dit hoe klein.

Storie van Skets 3

Naam: Blank.

Belewing: Niks, voel of ek dit wat ek nou doen al reeds gedoen het, ek nie 'n verskil kan maak nie.

Betekenis: Niks, moet net doen wat van my verwag word, geen vrae! Doen net!

Emosionele belewing: Geen dit sal inmeng met my werkverrigting en ek sal belg in vrae vrae,

Skets 2: Grasieuse Vorstelikheid



Skets 3: **Blank**

wat nie mag gebeur nie.

Storie van Skets 4

Naam: Ek

Belewing: Jy sien iets interisants, dit is nie rerig iets nie, dit kan nie rerig mooi of lelik wees nie, want dit het nie 'n vorm van iets nie. Dit pas ook nerens nie, maar dit is nogal interesant.

Betekenis: Die beste beskrywing van myself. Iets wat interesant is maar nerens in pas nie. Almal dink dit is interesant maar niemand sal dit wil hê nie.

Emosionele gevoelens: Ek kan enige iets doen wat iemand anders kan doen, maar ek pas nooit in nie, want niemand aanvaar my soos ek is nie, ek moet elke keer verander om by ander aan te pas, ek kan nie meer nie en het 'n vorm gekies wat by my pas en ek gee nie meer om of ek inpas of nie, stadig maar seker begin almal my vyhande word.

Bespreking

Die titel van die eerste skets in storie 1: "Waar, wat en wie?", begin met onbeantwoorde vrae, verwarring, identiteitloosheid en gevoelens van leegheid. Hy artikuleer dat hy dood voel of weg is en geen identiteit van sy eie het nie. Na al die onsekerheid, verwarring en beskrywings van identiteitloosheid konstrueer hy tog 'n definisie van homself as die "perfekte skim". Met hierdie beskrywing van homself as die "perfekte skim" het hy ook sekere persoonlikheidseienskappe aan hierdie alternatiewe konseptualisering van homself toegeken wat kongruent is met sy ervarings in interakie met ander en sy belewing van realiteit. In storie 2 kom sy *hubris* sterk na vore. Ek het die aanname gemaak dat hy poog om mense op 'n afstand te hou deur perfek en in beheer te wees. Sy behoefte om in beheer en perfek te wees, en my begrip en konseptualisering daarvan, het in ons terapeutiese interaksie uitgespeel. Ons verhouding wat aanvanklik gedefinieer was in terme van die tradisionele terapeut-pasiënt rolle, is ook hierdeur geraak aangesien die pasiëntrol nie kongruent was met sy voorstelling van homself as iemand wat perfek en in beheer is nie. Deur

Skets 4: Ek

perfek en in beheer te wees sou hy mense op 'n afstand kon hou. Ek het gevoel dat Karet my op 'n afstand hou deur die "perfekte" beeld voor te hou aangesien hy emosionele nabyheid as 'n bedreiging ervaar het. Ek het 'n metafoor gebruik om kommentaar te lewer op my belewing van afstand in ons verhouding en vir hom gesê dat dit vir my voel asof daar 'n glaspaneel tussen ons is. In storie 4 beskryf hy homself as iets interessants wat nie regtig iets is nie. Volgens hom het hy geen vorm nie en pas hy nêrens nie. Hy voer 'n robot-agtige bestaan en definieer homself in terme van sy funksie (skets van Bylaag 2).

Karet se definisie van homself het geko-evolueer deur meervoudige beskrywings. Hy konstrueer en herkonstrueer verskeie definisies van homself wat soms vaag en vormloos is. My idee was om in die terapeutiese proses alternatiewe beskrywings te genereer waardeur alternatiewe definisies van homself in dialoog en interaksie geko-konstrueer word. Hierdie alternatiewe selfdefinisies sou deel vorm van sy interne konteks of raamwerk waarin alternatiewe beskrywings en betekenisse aangaande homself en sy omgewing gegenereer kon word.

Retrospektiewelik wil dit blyk asof ek die aanname gemaak het dat sy vaag en vormlose selfdefinisie verband gehou het met sy gevoelens van identiteitlooshied. Ek het ook die aanname gemaak dat sy rol (wat ook deel van sy interne konteks vorm) deur 'n duideliker selfdefinisie duideliker gedefineerd en omskryf sal wees. Ons konseptualisering van onsself en ons rolle stel ook sekere parameters waarbinne sekere optrede toelaatbaar en ontoelaatbaar is.

Dit is belangrik om daarop te let dat my punktuasie van die verskillende fases in terapie 'n retrospektiewe beskrywing is van die onderskeidings wat ek op verskillende tye in die terapeutiese proses gemaak het.

Fase 2

In hierdie fase van terapie het ek bewus geword van die kompleksiteite waarmee Karet geworstel het. My psigoterapie supervisor het sy neutraliteit beskryf as 'n verdediging teen splitsing in sy ego-state. Ek het ook die Rorschach projektiewe toets afgeneem en hierin was daar ook tekens van ego-splitsing teenwoordig. Hierdie psigodinamiese beskrywings was alternatiewe

beskrywings wat ek by my konseptualisering van Karet geïnkorporeer het. Meer as een beskrywing van 'n probleem gee 'n binokulêre perspektief. Bateson (1979) noem dit ("double description") en verklaar dat: "It is correct (and a great improvement) to begin to think of the two parties as the interaction of two eyes, each giving a monocular view of what goes on and, together, giving a binocular view in depth" (p.133). 'n Binokulêre perspektief moet dus die sirkulêre interafhanklikheid tussen verskillende perspektiewe kan demonstreer. Die vraag was dus of dit vir my moontlik was om hierdie alternatiewe psigodinamiese beskrywings te inkorporeer by my konseptualisering van sy probleem of het die alternatiewe perspektiewe deel gevorm van 'n onsamehangende akkumulasie van perspektiewe?

In hierdie fase kan twee interpersoonlike prosesse onderskei word waardeur Karet gepoog het om by sy "nuwe, onbekende" wêreld aan te pas.

Eerstens het hy sy neutrale posisie gebruik om 'n toeskouer te word.

K : *Ek is "actually" meeste van die tyd 'n toeskouer.*

M : *Wat keer jou om deel te neem?*

K : *Ek sukkel, ummm...ek weet nie hoe om dit te doen nie. Ek weet nie hoe om op te tree nie. Simpel goed. Soos dit...hoe moet jy wees.*

Hy het mense se optredes in verskillende kontektse bestudeer. Hy het vinnig geleer dat die konteks gedrag klassifiseer, en dat die toepaslikheid of ontoepaslikheid van gedrag deur die konteks bepaal word. Karet het homself op hierdie stadium beskryf as iemand wat nie 'n identiteit het nie. Hy het nie geweet hoe om homself te wees nie. Hierdie was regdeur terapie 'n belangrike tema en 'n belangrike komponent van sy interne dialoog. Volgens Karet het hy vir hom 'n identiteit of 'n masker gekonstrueer wat in elke konteks kan inpas, aangesien hy glo nie geweet het hoe om homself te wees nie.

K : *Elke stukkie van ander se persoonlikheid wat pas het ek vir myself gevat,*

dit gesteel en dit deel van my gemaak. Soos 'n masker wat pas. Mense is dan tevrede, want jy gee hulle wat hulle wil hê.

Hy definieer en beskryf homself in terme van maskers, rolle en ander se verwagtings. Hy beskryf sy bestaan as robot-agtig en definieer die mens se bestaan as funksioneel (sien skets van Bylaag 2). Ek het gepoog om sy beskrywing van homself te veralgemeen en te normaliseer en gefokus op hoe konteks betekenis aan verbale en nie-verbale gedrag gee.

M : *Is dit nie maar wat ons almal doen nie? 'n Kind weet nie hoe om te wees in verskillende omstandighede nie. Op 'n baie vroeë ouderdom begin die kind sy ouers dophou, hy sien hoe hulle in verskillende omstandighede optree. So leer hy wat toepaslik en ontoepaslik is. Hy leer ook hoe om te wees in sekere verhoudings en kontekste en dit word deel van sy persoonlikheid. Hierdie persoonlikheidseienskappe wat hy by sy ouers en ander geleer het of "gesteel" het word sy eie, sy eiendom, hy kry eienaarskap oor daardie gevoelens.*

In hierdie respons word sekere leerteoretiese aannames weerspieël. In die interaksieproses tussen 'n ouer en 'n kind word gedrag rekursief gevorm en hervorm deur wederkerige perturbasie prosesse. Die proses is dus nie so linieêr en eenvoudig soos wat ek in die voorafgaande paragraaf aan Karet beskryf het nie. Dit is ook belangrik om daarop te let dat dit die eerste keer was wat ek begin het om Karet te vergelyk met 'n kind. Hierdie vergelyking sou later 'n belangrike tema in ons dialoog en verhouding word.

Die tweede proses wat ek tydens hierdie fase onderskei het was 'n proses waartydens Karet se gedrag in psigiatriese taal deur die span as "psigoties" beskryf is. In psigiatriese terme impliseer dit dat Karet 'n eie realiteit geskep het, omdat hy nie by 'n "gedeelde realiteit" kon aanpas nie. Gesien vanuit 'n kubernetiese epistemologiese persektief is dit onmoontlik aangesien hierdie "psigotiese" gedrag en interaksies deel is van sy intersubjektiewe realiteit en sy aanpassing of reaksie op realiteit soos hy dit beleef.

Weereens is dit belangrik dat hierdie proses ook verstaan moet word in terme van strukturele

determinisme. Strukturele veranderinge in Karet se sisteem het die biologiese grense van sy ervarings en waarnemings wêreld neergelê. Dit impliseer dat die wyse waarop hy sy wêreld onderskei en punktueer gegrond is in neurologiese prosesse in die sentrale senuweestelsel. Dit word byvoorbeeld algemeen aanvaar dat perseptuele stoornisse soos byvoorbeeld deja vu, hallusinasies, delusies, subjektiewe gevoelens en gemoedsveranderinge dikwels by pasiënte met TLE voorkom. Dit hou direk verband met die abnormale elektriese ontlading in die temporale kwab wat abnormaliteite in die neuronalemembrane veroorsaak (Kolb & Whishaw, 1990). In psigiatriese taal is Karet se gedrag- en interaksiepatrone deur die span beskryf as delusioneel. Karet het dus vir hom 'n realiteit gekonstrueer waarin hy mag en beheer gehad het en het gepresenteer met delusies van grootheid. Hierdeur word hy gedefinieer in terme van absolutes.

Tydens hierdie fase het hy twee stories en een brief geskryf wat sy ervaringswêreld illustreer.

Storie van Skets 5

Naam: Millie.

Belewing: Totaal in Beheer, Oorwinnaar Totale oorwinning, Totale Beheer.

Betekenis: Om te weet Ek het my volgelinge tot totale oorwinning gelei, om te weet hulle kan op en in my gesig totale beheer sien en trots kan wees dat ek hul leier is, en dat niemand anders my skoene as Algehele heerser sal kan vol staan nie. Om te weet dat ek oor 'n Duisend jaar nog net so beroemd sal wees soos die dag toe al die volke voor my neergebuig het en my herken het as die enigste moontlike heerser vir hulle en hulle volke.

Storie van Skets 6

Naam: Wat moes wees.

Belewing: Mag, absolute mag, totale mag oor alles.

Skets 5: **Millie**

Skets 6: Wat moes wees

Betekenis: Dit is waar ek moes wees teen die tyd, maar die simpel rol van die armsalige oulike vriendelike bleeksiel wat hulle my ingedruk het, het alles belemmer. Ek hoop nie hulle hou my in die rol vir nog baie lank nie, dit gaan my mal maak. Ek het plekke om te oorval en in te val mense om dood te maak en skate om bymekaar te maak!

Emosionele gevoelens: Ek raak hartseer as ek na die prent kyk, dit voel soos asof ek ontneem is van my regte rol as wêreld heerser, nou sit ek met 'n simpel lewe van 'n pesint 'n persoon wat ek gehaat het as heerser, ek haat my nuwe rol. Ek moet nou na mense leister wat ek lankal sou doodgemaak het en hul bloed vir my diere gegee het om te drink. Die rol wat hulle vir my gegee het hier op die tyd en plek is 'n vernedering vir my en al my voorouers.

In hierdie storie is dit duidelik dat Karet bewus is daarvan dat daar sekere gedragsvereistes in sekere rolle is. Rolle en rolverwagtings vorm deel van die konteks wat gedrag spesifiseer en kwalifiseer. Die aannames wat hy maak in hierdie storie het moontlik geko-evolueer uit vorige gesprekke wat ons gehad het oor Shakespeare se gedig van "The Seven Stages of Man" waarin hy beskryf dat elke mens 'n rol het om op die verhoog van die lewe te speel. Hierdie het ook 'n belangrike tema in terapie geword.

Brief 1

Ek is presies dit wat die mense om my wil hê ek moet wees. Ek is elke persoon se droom - seun, ou, vriend, te waar en eg om regtig mens te wees, dit skrik mense dalk af. Ek is dit wat almal dalk wil wees, te eg om waar te wees en dis wil mense kontak maak, maar wil nooit te naby kom nie, want dan sien hulle, hulle foute te vinnig raak en dit kan dalk seer maak. Ek is 'n spieël wat jou regte jy in jou gesig terug gooi en baie mense is bang om hulle foute raak te sien, wat dit ook al mag wees. Ek spesialiseer in alles wat jy kan sien, ruik, proe, voel, hoor en aan goed wat kan wees, maar ek weet nie hoe en waar al my kennis van daan kom nie. Party van die goed wat ek weet is waar en eg maar baie daarvan is iets en goed wat kan wees, maar mense aanvaar dit nie omdat hulle net op iedees wil bou en op tegnoligie staadmaak wat deur die mens self gebou is om geheime te ontslyd terwyl al die andwoorde soos 'n oop boek voor ons in die natuur voor ons voorkom en in ons maar somige probleme sal nooit gevind word nie want die

andwoorde is gewoonlik so eenvoudig dat dit nie interisant en slim genoeg lyk om die andwoord te wees nie, en dan word dit vergeet, want iets so eenvoudigs pas nie by 'n slim gesistoffkeerde, gemaklike tegnologiese, snobbistiese mens (aap) nie! Mense dink tegnoligie maak die lewe makliker, vinneger en beter, maar dit veroorsaak meer siektes en dood as enige iets natuurliks. Geen tegnologie hoe groot sterk of slim is sterker as die natuur nie.

Ek is net meer mens (homosopieen) as baie ander mense. Mense maak my kwaad omdat hulle weet wat reg is maar kies altyd dit wat iemand anders sê. Mense vertrou hulle self nie meer nie, en val in 'n groef van 'n globale werêld styl. Mense soek oplossings oorals behalwe in hulle self, hulle stel nie meer belang in nuwe teorië nie, hulle het almal tonnel wisie en bou net op ou fondamente op een opervlak maar die leegeu oop ruimtes om daai ou fondamente vol krake word nooit ontgin nie, daar is baie min mense wat in daai oopvlakte wandel en eenvoudige andwoorde gee vir moeilike probleme, soos Allexander Bell, Albert Ainstein om net 'n paar te noem. Davinci is die laaste persoon wat rerig in daai ruimte gaan wandel het en goed saam gebring wat jare voor hul regte uitvindings al voor hom verskein het en baie mense het gesê dat dit nooit sal werk nie, maar hoeveel van die idees wat hy saam gebring het van daai ruimte af, word vandag eers rerig ondek en gebruik.

Mense wat in hul geleerdheid soek na antwoorde weet alles wat hulle leer maar, wat weet hulle rerig? Die meeste uitvindings word gemaak of is gemaak deur ongeskoolde mense wat eenvoudige probleeme gesoek het, wat vir ander geleik het soos te moeilike en groot probleme om ooit opgelos te word.

Ek glo aan my self en aan dit wat die Skepper daar geplaas is op die aarde om deur my as 'n mens gebruik te kan word om oplossings te vind maar nie om dit te vernietig nie.

Ek sal eerder 'n ander mens dood maak as om 'n boom af te kap, want daai mens is nie nodig nie wat se nit het hy of sy op die aarde of natuur, net mooi niks! Hulle gebruik net suurstof op en vernietig die natuur so ver as wat hulle gaan, hulle tegnoligie wat hulle lewens so gemaklik maak, is niks anders as 'n masiewe groot moord masjien nie, en almal van hulle glo net aan een god en dit is geld, maak nie saak wat om hulle gebeur nie.

Ek het geleer dat daar nie meer regte wette tussen mense is wat hulle volg nie. Alle wette wat mensgemaak is biggin ek al hoe meer uitskakel. Die enigste wette wat ek sal gehoorsaam is die wette wat daar gestel is deur geen mens nie maar deur dit wat grotter sterker en meer verstaanbaar is as enige werêldse mens. 'n Werêldse mens het volgens my nie 'n reg om eens te bestaan nie, wat nog om grond te besit op 'n organisme waarvoor hulle net mooi niks respek het nie.

Om 'n mens dood te maak het nie vir my die selfde betekenis as vir die meeste mense nie. Om iemand anders fiesies dood te skiet betteken vir my net mooi niks nie. Ek sal enige een selfs famielie kan dood skied sonder om regtig iets te voel, en ek gee ook nie om dood te gaan nie want dit wat ek weet wat reg is, is reg. Geen mens sal my ooit anders kan oorreed nie want dit is wat, mense my geleer het, nie deur wat hulle met hulle mooi talle en woorde in gehoorsame skape se ore afdwing nie maar deur hulle houdings, dit wat hulle doen en ook nie doen nie.

Dit is baie lekkerder om weg te breek van al daai ou menslike fondamente en in daai lee ruimte te gaan wandel, daar is baie mooi dinge, mooier as wat enige werêld'se mens ooit kan droom om te sien of om te verstaan, maar ek sal nooit iets saambring nie, want alles wat mooi en skoon en rein is verkrag hulle altyd om net dit vir hulle doel te gebruik, en nooit vir dit waarvoor dit rerig daar is nie.

Ek haat nie ander rasse nie, maar dit wat ek geleer het by hulle en gesien het, het dit aan my bewys dat swartmense nie ras kan wees nie, maar eerder 'n trop diere in die vorm van verskillende rasse mense. Ek haat mense maar ek haat swart trope meer omdat hulle 'n spil parrasiete is wat net kan teer. Hulle het nie insig nie en sal ook net 'n bydra lewer as elke een totaal en al uitgewis word, en hulle lyke se oorblyfsels vir vleis gebruik kan word om 'n hoër klas dier soos wilde honde ens aan die lewe te hou in droë tye.

Hulle pla my glad nie hulle irriteer my en dryf my teen lemmetjies draad uit, maar ek sal dit vir nou kan verdra, maar as die tyd aanbreek sal dit waarvoor baie wens gebeur, dit behoort nie langer as 'n week te vat nie dan is Afrika uiteindelik reg om homself te herstel met geen parrasiete om moeder natuur te verkrag nie. En die beste is dat niemand dit sal kan stop nie,

niemand nie. Ek sal mos nooit verbind kan word met so iets nie? Nie een van ons nie?

(Let op hoe Karet in hierdie laaste sin en die volgende paragraaf na homself verwys as meer as een.)

Ek voel partykeer asof ek beheer word, maar dit kan mos nie wees nie of hoe? Of is daar twee van my een wat wil beskerm en help en een wat alles wat soos 'n mens lyk haat, ek voel altyd in die helfde hopeloos, besluitloos, ek is net altyd gereed en angstig en ook baie bang vir iets wat gaan gebeur maar ek weet nie wat nie, of dalk weet ek maar wil dit nie erken nie, want dit beteken dalk dat ek my self binne eers moet dood maak binne in my en dan die ou fondamente agterlaat en vir altyd tot ek regtig doodgaan rondloop in die leeu milewea duisternis om 'n nuwe rots vir fondamente te vind en dit sal totaal 'n nuwe ervaring wees.

Bespreking en Verhoudingsproses

In sy stories en briewe het hy 'n behoefte aan mag en beheer gekommunikeer. Hy konstrueer dan ook 'n realiteit vir homself waarin hy hierdie beheer het. Hy konstrueer selfs 'n persoonlikheid vir homself wat magtig, sterk en altyd in beheer is. In een van ons sessies in hierdie fase het Karet gesê dat hy God is, dat hy altyd reg is en dat hy alles wil vernietig en 'n nuwe wêreld daarstel.

Hierdie proses kan ook beskryf word as sy reaksie op 'n hospitaliseringskonteks waarin hy magteloos voel. Die konteks neem mag en verantwoordelikheid van hom af weg, sy onvoorspelbare epileptiese aanvalle neem sy gevoel van beheer oor homself weg. Deur die konstruering van 'n persoonlikheid wat magtig, sterk en altyd in beheer is, induseer hy op hierdie wyse 'n tema van magteloosheid in interaksie met my. In ons verhoudingskonteks het my rol as sielkundige en sy rol as pasiënt hom magteloos gelaat. Die verhoudingsproses was dus beperkend. Deur 'n psigiatriese diagnose van Karet as delusioneel kon ek my magsposisie en rol as sielkundige hervestig, wat hom weereens magteloos in 'n pasiëntrol sou laat. Die klassifisering van 'n persoon in terme van 'n psigiatriese diagnose is 'n beperkte beskrywing wat 'n beperkte effek sal hê op dialogiese en interaktiewe prosesse in terapie.

K : *Ek gaan die wêreld oor skape. 'n Nuwe orde daarstel wat perfek gaan wees.*

M : *Nou hoe gaan hiedie perfekte wêreld lyk? Hoe gaan die mense in hierdie wêreld wees?*

K : *Ok, hmmm...Moet ek dit presies vir jou beskryf?*

M : *Ja.*

K : *Ok...Daar gaan net wit mense wees. Daar gaan geen diefstal, leuens of enige kriminele aktiwiteite wees nie. Die strate gaan skoon wees en daar gaan klassieke musiek in die strate gespeel word. Daar gaan 'n perfekte integrasie tussen natuur en mens wees. Almal gaan soldate wees. Daar sal geen politieke partye wees nie. Ook geen "overmeester" of regering nie.*

M : *Maar hoe gaan jy dit regkry? Dink jy die mense gaan gelukkig wees in so 'n wêreld?*

K : *Ek glo aan "supressed peace". Ja, ek sal dit regkry, want die mense gaan weet dit is die beste vir hulle. En as hulle nie inval by die reëls nie, dan word hulle doodgemaak, so hulle sal luister.*

M : *Maar wat is die reëls dan?*

K : *Die reëls? Die reël is lag saam met my of lag in die graf. Daar mag geen diefstal wees nie. Geen homoseksualisme. Geen seksualiteit. Geen kontak met ander mense nie. Geen liefde. Geen ontspanningsmiddele soos alkohol. Geen vryheid van pers. Geen optogte of stakings nie. Geen geloof, troues of seks nie.*

M : *So, daar mag geen menslike emosie of selfs net menslikheid wees nie.*

K : *Jip.*

M : *Hoe gaan jy voel in hierdie wêreld? Hoekom gaan jy tuis voel hier?*

K : *Ek gaan gelukkig wees. Want dit gaan vir my voel ek doen wat reg is. Wat reg is, is totale eleminasie.*

My konseptualisering van die proses was dat hy deur sy definisie van homself in terme van 'n "godheid" wat die wêreld gaan herskep, baie mag en beheer gekry het. Sy "goddelike" identiteit en rol is 'n produk van beskrywings in taal waardeur hy poog om orde in sy lewe te skep en riglyne neer te lê waarvolgens hy kan lewe. Hierdie identiteit en rol het dus vir hom 'n konteks gegee waardeur hy verbale en nie-verbale boodskappe kon klassifiseer. Sy ervarings was dus gegrond op sy punktuasies en beskrywings van prosesse binne hierdie kontekstuele raamwerk.

Gesien in die lig van Karet se probleem om emosies en gevoelens te artikuleer is dit nie vreemd dat hy op temas van magteloosheid of mag op 'n metaforiese vlak sou reageer nie.

Kenmerke van sy wêreld was duidelike struktuur en orde. Daar is duidelike grense tussen reg en verkeerd. Daar was geen emosie toelaatbaar nie. In hierdie wêreld sou Karet tuis voel omdat hy nie hier die kompleksiteite van menslike emosie en verhoudings hoef te verstaan of te hanteer nie. Hy kon nie aanpas by realiteit nie en was so bedreig deur sy omgewing dat hy vir hom 'n wêreld moes skep waarin hy in beheer was.

Op hierdie stadium was daar volgens my supervisor en die neurospan duidelike tekens van psigose aanwesig. Dit is belangrik om te let op die taal waarmee Karet se probleem beskryf word. Op hierdie stadium het ek myself die vraag gevra: "Hoe het hierdie beskrywing van Karet ons beperk tot 'n spesifieke diagnostiese model of konseptualisering van sy probleem? Dus, in hoe 'n mate was die taal waarmee ek hom beskryf het en die teoretiese lens waardeur ek en die span na hom gekyk het beperkend? "

Dit was baie belangrik dat ek op hierdie stadium hierdie vraag vir myself moes beantwoord

aangesien daar baie druk op my was van die neurospan om Karet te verwys na Psigiatrie. Indien ek sou voortgaan met 'n eensydige, beperkte, psigiatriese beskrywing van Karet (deur hom te beskryf as psigoties of delusioneel), sou ek die kompleksiteite van sy menswees en die konteks van die interaksionele prosesse waarin die "psigotiese gedrag" plaasvind, ontken het. Verwarring, depressie, feitlik enige emosionele belewing vind altyd ook plaas in 'n verhoudingskonteks. Met ander woorde aan die een kant is daar die strukturele komponent wat die wyse waarop sensoriese stimuli geprosesseer word determineer, maar aan die ander kant kan dit nie geskei word van die verhoudings of interaksionele konteks waarin dit plaasvind nie, aangesien hierdie twee prosesse gelyktydig en rekursief plaasvind. Dus interaksionele en verhoudingsprosesse perturbeer die geslote outopoïetiese sisteem maar die struktuur van die sisteem op sy beurt determineer hoe hy op hierdie perturbasie gaan reageer. Sy gedrag was nie die probleem nie, maar die betekenis en funksie van sy gedrag in verskillende kontekste. Dus was die taal waarmee ons die probleem beskryf het beperkend en was dit vir my nodig om deur meer as een lens te kyk sodat ons deur meervoudige beskrywings 'n binokulêre perspektief en nuwe betekenisse in dialoog kan genereer.

Op grond van my teoretiese aannames en konseptualisering van die proses was dit dus vir my onmoontlik om Karet te definieer as psigoties of delusioneel. Deur sy interne en eksterne dialoog in hierdie "godstadium" het hy 'n wêreld gekonstrueer waarin hy mag en beheer gehad het. Vanuit my verwysingsraamwerk het ek dit gesien as 'n poging om verhoudings te hanteer. Hoe meer magteloos hy gevoel het in die hospitaalkonteks en verhoudings, hoe meer is hierdie tema in hierdie verhoudings geïnduseer. Dit is interessant dat hiedie "psigotiese gedrag" nooit in verhouding tot sy ouers of vriende uitgekom het nie. Daar was dus 'n onderskeibare patroon aanwesig. In die psigiatriese hospitaalkonteks het Karet magteloos gevoel in 'n pasiëntrol. Hoe minder mag hy gehad het hoe meer het hy gereageer met temas van mag op 'n metaforiese vlak wat ontoepaslik was in 'n poging om die kontekstuele en verhoudingsprosesse te hanteer. Miskien sou mens dit ook kon sien as kommentaar wat op 'n metaforiese vlak gelewer word ten opsigte van die psigiatriese hospitaalkonteks.

In terapie het ek 'n funksionele verklaring vir sy gedrag gegee en gevolglik het ek sy wêreld beskryf as iets wat hy baie nodig het en dit vergelyk met 'n fantasie van 'n kind. Net soos wat 'n kind fantasie nodig het omdat hy nie weet hoe om op sy omgewing te reageer nie, so het Karet

sy eie fantasiewêreld nodig gehad. Belangrike temas in die kind se wêreld word uitgespeel in die fantasie, maar dit is minder bedreigend en die kind het meer beheer in hierdie fantasie. In sy fantasie was hy meer beweeglik en kon uiterstes beproef word. In 'n fantasiewêreld skep 'n kind 'n konteks waarin hy sekere vaardighede deur spel kan aanleer wat hy in die volwasse wêreld nodig het. Soos wat die kind ouer word en hy vaardig word in die hantering van sy omgewing, word die fantasiewêreld kleiner. Ek het dus sy delusie van grootheid gedefinieer en beskryf as 'n fantasie. Deur hierdie herdefiniëring of herbeskrywing het die woorde wat ons gebruik het om 'n proses te klassifiseer ons meer ruimte gegee en was die taal wat ons gebruik het bevrydend.

Refleksie op my Rol as Terapeut in Fase 2

Die verhoudings en interaksionele prosesse in hierdie fase het 'n sterk emosionele appèl op my gemaak. Dit was vir my moeilik om my terapeutiese posisie te behou, aangesien 'n isomorfiese proses geko-evolueer het waarin ons albei magteloos gevoel het. Ons albei se posisies en rolle het in hierdie proses verander. Ek het baie kwesbaar, onveilig en magteloos gevoel aangesien hy orde en struktuur in terapie geskep het. In hierdie "goddelike rol" van hom het hy die reëls van interpersoonlike nabyheid en kontak in ons verhouding neergelê. Ek het eerlik kommentaar gelewer op die interaksieprosesse tussen ons en my belewing daarvan. My belewing van verlies aan mag en beheer in terapie het my in verhouding tot hom soos sy "onderdaan" laat voel. Retrospektiewelik wil dit voorkom asof die verhoudingsbetekenis in hierdie fase verander het en dat daar 'n vermensliking in die verhouding en die proses plaasgevind het wat 'n belangrike keerpunt en 'n oorgang na fase 3 was.

Na twee maande het Karet op 'n kognitiewe vlak baie verbeter. Sy balans, koördinasie, lees-, skryf- en taalvaardighede het tot so 'n mate verbeter dat dit gemiddeld en in sommige gevalle bogemiddeld goed was. Die span het hom beskryf as "selfversekerd" (Karet het baie selfversekerd in interpersoonlike verhoudings voorgekom aangesien dit ingepas het by die perfekte, goddelike beeld van homself) en gereed vir ontslag. Na my mening het die span nie kontekstueel na sy gedrag gekyk nie. Sy selfvertroue en prestasie was beperk tot tyd en plek en meer spesifiek die terapeutiese en rehabilitasiekonteks wat baie veiligheid en beskerming gebied het.

Die proses wat tussen my, Karet en die neurospan afgespeel het, het my magteloos gelaat. In die volgende sessie het ek Karet gelukgewens met sy goeie vordering, dat hy so uitstekend aangepas het by die verskillende kontekste dat die span hom wil ontslaan. Ek het hom ook gelukgewens dat hy so goed aangepas het by die sielkunde konteks deur te presenteer met delusies van grootheid. (Karet is goed belese en het geweet wat delusies van grootheid is). Met hierdie punktuasie het ek die sessie beëindig en hom met duidelike verwarring terug saal toe gestuur.

Alhoewel dit wat ek gesê het retrospektiewelik as 'n paradoks beskryf kan word, was dit nie intensioneel nie. Dit was 'n menslike reaksie op 'n proses waarin ek magteloos en raad-op was. Tog het hierdie "paradoks" 'n interessante effek op 'n metavlak geskep wat 'n dramatiese verandering in die proses en 'n nuwe fase in terapie meegebring het. Die proses het vermenslik en ons verhouding het ontwikkel in 'n egmenslike verhouding.

Fase 3

Die volgende sessie het Karet vir my gesê dat hy nie eg voel nie en dat dit wat hy wys nie hy is nie, maar sy reaksie op ander se verwagtings omdat hy nie weet wie hy is, of wat hy voel nie. Hy het my baie uitgevra oor hoe ek hom sien en beleef. Ek was eerlik in my terugvoer. Hierop het hy vir my gesê dat dit vir hom voel asof die glaspaneel wat tussen ons was weg is en dat dit vir hom voel asof ons geleer het om bymekaar te pas. Hy het ook vir my gesê dat ek die enigste mens is wat hom werklik ken, en gesê dat dit vir hom al moeiliker word om die perfekte front voor te hou en dat hy graag wil gesond word.

Dit was die eerste keer wat hy emosies in terapie aangespreek het. Daar was duidelike progressie vanaf geen emosie en verwarring (fase 1), na woede, haat en begeerte om alles te vernietig om 'n "perfek"- gestruktureerde wêreld daar te stel (fase 2), na erkenning van sy pyn en hartseer in fase 3. Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie fases nie so eksplisiet in terapie te voorskyn gekom het nie. Telkens wanneer Karet 'n epileptiese aanval gehad het was daar tydelike terugkeer na die vorige fases. Sy post-iktale beeld was elke keer dieselfde. Eerstens was daar die verwarring en algemene amnesie vir ongeveer twee dae (terugkeer na fase 1),

tweedens het hy gepresenteer met delusies van grootheid (terugkeer na fase 2) dit het ongeveer een of twee dae aangehou, en daarna het hy baie depressief geword vir ongeveer een of twee weke. Daar het dus isomorfiese prosesse plaasgevind op verskillende vlakke van die sisteem. Elke epileptiese aanval was 'n terugkeer na die ongeluk. Kontinuïteit is geskep deur die neurologiese strukturele parameters. Karet moes leef en *cope* met die parameters wat deur sy neurologiese probleem gestel word. Die terapeutiese verhouding het in hierdie fase 'n baie betekenisvolle verhouding geword vir my en Karet waarin intense emosies en gevoelens aangespreek is.

Ek het Karet gevra om te skryf oor die gevoelens en emosies wat hy beleef. Hierdeur het die proses al hoe meer in taal gesetel geraak. Hy het die volgende twee briewe geskryf.

Om te wees

Hy het uit 'n donker gat gekruip en die niewe skielike lig het sy oë seergemaak. Hy het dinge gesien en beleef alles so skielik, dinge waaraan hy glad nie gewoond was nie en dit het sy hart baie seer gemaak, want hy het skielik besef dat hy in 'n nuwe wêreld is waar alles verander het en waar in hy geen vriende het nie.

Skielik was hy alleen in 'n onbekende wêreld waar in daar nie jys baie ruimte is nie en hy het stadig dood gegaan soos 'n plandkie wat net begin op kom maar geen water kry nie, en die doodelike son is besig om hom weg te skroei, maar gelukag het die plandkie water gekry en so kon hy verder groei om 'n grood en sterk boom te word so dat hy skadiewee kan gee aan almal wat dit nodig het. Dit is ook wat met hom gebeer het hy is gehelp met sy probleem, deur te verstaan dat hy dit met hulp wat aangebied word kan oorbrug en nou vir die eerste keer van dat hy uit die donker gat geklim het voel dit of hy weer lewe, en hy kan weer van bine groei om sterk te word, maar hy verstaan dat alles nie net so oor nag gaan gebeur nie, maar met harde werk oor tyd dan sal hy weer, weer hy kan wees, sonder om ooit weer bang te wees.

Sy grootste droom is net om weer te wees! Hy weet dat hy weer dit sal wees met tyd. Hy verstaan dit nou.

Skets: Om te wees

Die wêreld deur 'n ander oog

'n Neon bruin dolfyn het uit die rivier gespring en my gevra hoe ek so gelukkig kan wees terwyl ek die heletyd so hartseer is aan die kant wat hy kan sien en ek het ge antwoord deur vir hom te sê dat ek altyd gelukkig voorkom is omdat ek altyd alles wat ek doen eers bedink hoe ek dit die maklikste kan doen en dan doen ek ook alles net die beste want ek probeer altyd my hardste maar ek voel altyd stukkend hier binne want ek voel te veel pyn en hartseer om my maar ek begin dit nou gewoond raak en dus hoekom ek altyd alleen is al is ek tussen 'n duisend mense, en al gesels ek met almal van hulle. Laat niemand te naby kom nie, omdat ek nie my eie pyn herken of dalk miskien nie het nie is ander se pyn altyd baie seerder in my as in hulle self en dus vermy ek mense om rerig aan my te raak. Die neon bruin dolfyn het gesê dat ek hom maar kan vertrou want hy sal nie sy pyn vir my wys nie. Ek het ja gesê want ek wou hom nie seermaak nie omdat hy baie teer is met sy gevoelens en omdat ek weet hy het persoonlike pyn, wat hy al so diep begrawe het en probeer wegsteek vir hom self en ek weet ek sal hom dalk kan help om sy pyn te konfronteer en dit te kan draai om eerdir 'n plus punt in sy lewe te word. Vir my self sê ek elke keer dat ek net myself moet wees en dit is wat ek is net ek dit wat almal om my sien is net ek, of hulle daarvan hou of nie. Ek het vir eers totsiens gesê vir die neon dolfyn in die kobalt blou rivier en ek het terug gestap na die neonswart wêreld met neon grys spikkils en wolke vol nou-rooi drome met groen kerns en geel elektrodes wat 'n miljoen keer per een honderdste van 'n sekonde wens vir beter dae in 'n wêreld sonder niks.

Die grense van sy emosionele ervarings is uitgebrei om nie net haat en woede nie, maar ook pyn en hartseer in te sluit. Hy het emosies van haat, woede, pyn en hartseer in homself geïdentifiseer wat al groter word. Karet se begrip en artikulasie van sy emosionele ervarings is dus uitgebrei. Dit het vir hom makliker geword om sy ervarings in taal te beskryf wat dit gevolglik vir hom makliker gemaak het om te differensieer tussen verskillende emosionele ervarings. Deur die klassifisering en beskrywing van sy ervarings in die kognitiewe-linguistiese domein en die bespreking hiervan in die terapeutiese en ander kontekste het sy emosionele ervarings betekenis gekry.

Storie van Skets 7

Naam: Verlange.

Belewing: Hartseer, verlange, liefde, vergete.

Betekenis: Om alleen te wees op 'n plek waar jy nie veronderstel was om te wees nie. Om niemand te ken nie, om te dink mense wat doodgaan is baie gelukkig. Om 'n patetiese ras te sien soek na iets wat hulle nooit mag hê nie.

Emosionele gevoelens: Baie verlange, hartseer, liefde vir 'n wêreld waarvan ek weg geruk is. Dit voel of my regte toekoms verkrag is, en nou probeer die regters my help deur vir my so 'n patetiese askies vir 'n lewe te gee. Ek hoop maar net die rol van 'n pateet wat ek nou het kom gou tot 'n einde, sodat ek my ou rol weer kan terug kry, as daar ooit iets gaan wees wat gaan oorbly. Ek verlang na môre wat al gister vir jou verby was!!!

Storie van Skets 8

Naam: Gevoelens.

Belewing: Wense, om te voel, sonder vrees, hartseer, konflik of pyn.

Betekenis: Om eenkeer iets te doen wat ek wil doen sonder dat dit al klaar vir my bepaal is om te lewe.

Emosionele gevoelens: Om nie soos in die prent hulpeloos te wees nie, maar om net vir eens "my" toekoms vas te gryp soos in die prent in die voorgrond waar die man sy droom (meisie) nader trek en vasvat om haar te soen. Ek wil net eenkeer voor begin en my eie toekoms so vasgryp want op die oomblik voel dit of ek iemand anders se lewe vir hom leef en ek kan nie ek wees nie. Ek wil net graag ek wees, dis al.

Skets 7: **Verlange**

Skets 8: **Gevoelens**

Storie van Skets 9

Naam: Karet.

Belewing: Magtig, gevaarlik, geheimsinnig, presiesheid.

Betekenis: Dit wat ek graag wil wees is die prent, maar dit voel of iets my terug hou, asof die rol waarin hulle my geplaas het totaal en al in konflik is met dit wat ek wil wees. Asof hulle nie wil hê ek moet my volle potensiaal gebreik nie, nou gee hulle my die rol van 'n Patetiese, sieklike, sagmoedige, lieflike bleeksiel, wat goed is vir niks.

Emosionele gevoelens: Ek hou net niks van die rol en karakter wat hulle vir my gegee het om te speel nie, ek is 'n "warlord" nie 'n armsalige vaal patetiese sieklike, sagmoedige lieflike mama se seuntjie, engeltjie, bleeksiel nie, Ek moes die rol van 'n gevreeste oorlog god gekry het dit is waarvoor ek opgelei is ek moes mense na hul asems laat snak as ek praat. Nou is ek 'n patiese niks, niks.

Bespreking en Teoretiese Konseptualisering

In terapie het Karet twee dele in homself beskryf, 'n deel wat boos en kwaad is en alles wil vernietig, en dan ook die perfekte deel wat dit moet binne hou. Hy is bang dat hierdie bose deel sal uitkom en alles sal vernietig omdat dit geen reëls of struktuur het nie. Hy beskryf dit ook as iets wat sterker as hy is waaroor hy geen beheer het nie en wat hom wil vernietig.

Die mens maak onderskeidings op 'n dualistiese wyse in terme van absolutes of teenoorgesteldes byvoorbeeld warm/koud (Keeney, 1983). Karet het homself ook op 'n dualistiese wyse in terme van absolutes beskryf as boos of goddelik. Keeney verklaar dat:

> A cybernetic epistemology proposes that we embrace both sides of any distinction that an observer draws....a therapist should adopt the perspectives of both pragmatics and aesthetics, control and autonomy, simple cybernetics and cybernetics of cybernetics, and even lineal and

Skets 9: Karet

recursive descriptions. (p.92)

In hierdie fase van terapie het ek gepoog om 'n beskrywing te gee wat sou demonstreer hoe teenoorgestelde pole met mekaar verband hou en steeds afsonderlike entiteite bly. Dit sou 'n beskrywing van Karet in terme van sy boosheid en goddelikheid as een deel van 'n groter kubernetiese komplimentariteit ("cybernetic complimentarity") impliseer (Keeney, 1983). Ten opsigte van my teoretiese konseptualisering sou dit ook 'n linieêre en rekursiewe, intra-psigiese en kontekstuele, konstruktivistiese en sosiaal konstruktivistiese beskrywing op verskillende ordes van beskrywing impliseer.

Psigodinamiese Formulering

In psigodinamiese taal sou mens kon sê dat daar 'n splitsing in ego-state voorkom. Die twee dele wat hy in homself identifiseer - 'n godheid (superego) en 'n boosheid (id) - is twee onversoenbare kragte.

Vanuit 'n psigoanalitiese punktuasie van die probleem, was my doelstellings in terapie om Karet se egosterkte te verhoog, aangesien die ego, die goddelike deel (superego) en die bose deel (id) sou kon integreer. In ons verhouding het ek myself gesien as deel van sy persoonlikheidstruktuur en het die rol van die ego aangeneem. Die ego funksioneer volgens die werklikheidsbeginsel (Corey, 1991), dit het geïmpliseer dat ek sy realiteitstoetsing was. Aangesien Karet die basiese reëls van die menslike ("weltenschaaug") wat sy interne konteks verteenwoordig nie meer ken, onthou of verstaan nie, moes nuwe reëls neergelê word waarvolgens hy kon lewe. Die ego was vir my verteenwoordigend van hierdie ("weltenschaang") of interne konteks. ' n Nuwe terapeutiese storie het uit alternatiewe punktuasies van die terapeutiese konteks en prosesse geko-evoleer. Hierdie was 'n alternatiewe beskrywing wat op 'n nuwe manier sin en betekenis gegee het aan my en Karet se konseptualisering van die terapeutiese realiteit.

Deur middel van NLP ("neurolinguistic programming") en hipnose het ons die die funksie van die bedreigde deel ondersoek en ondersoek hoe hierdie dele mekaar nodig het. Die doel hiervan

was die integrasie van die egostate. Die dualistiese beskrywing van verskillende dele in hom wat onversoenbaar is en teen mekaar werk is aan mekaar verbind deur in 'n funksionele beskrywing van hierdie dele aan te dui hoe hulle mekaar nodig het. In 'n patroon van verbintenis word hierdie dele aanmekaar verbind en word dit 'n geïntegreerde holistiese entiteit. Hierdie dialektiese beskrywing impliseer dus dat verskillende dele of egostate deel vorm van 'n groter geïntegreerde komplimentêre patroon. Deur middel van psigoanalitiese tegnieke is nuwe stories ontketen wat 'n ryker en meer komplekse beskrywing van die terapeutiese realiteit was. Daar was dus nie net 'n akkumulasie van beskrywings nie, maar ook interafhanklikheid tussen verskillende beskrywings.

Dit is dus duidelik dat dit moontlik was om 'n psigodinamiese beskrywing te inkorporeer by my konseptualisering van Karet. Hierdie was 'n alternatiewe onderskeiding wat verskillende informasie ("news of difference") (Bateson, 1979) deel gemaak het van die terapeutiese storie. Hierdeur is nuwe beskrywings gegenereer rondom die probleem, die terapeutiese prosesse en my konseptualisering van ons verhouding. Hierdie alternatiewe beskrywing was die produk van meervoudige gesprekke met Karet, my supervisor, kollegas en die neurospan. Uit gesprekke is meervoudige realiteite geko-konstrueer en het verklarings relatief geword. Gevolglik was daar geen enkele beskrywing of interpretasie nie, maar beskrywings en verklarings het geko-evolueer en is geko-konstrueer in dialoog.

Karet was besig met 'n proses waarin hy betekenis moes gee aan sy lewenservarings. Karet moes dus 'n storie konstrueer wat die interpratiewe raamwerk sou wees waarin sy ervarings sin maak. White (1991) verklaar dat:

> The idea that it is the meaning which persons attribute to their experience that is constitutive of those persons' lives has encouraged social scientists to explore the nature of the frames that facilitate the interpretation of experience. Many of these social scientists have proposed that it is the narrative or story that provides the primary frame for this interpretation, for the activity of meaning-making; that it is through the narratives or the stories that persons have about their own lives and the lives of others that they make sense of their experience. (p. 21)

Die splitsing in sy ego-state sou ook beskryf kon word as die eksternalisering van sy

probleemstorie. Karet praat van 'n deel van hom asof dit nie deel van hom is nie en gee hierdie deel 'n naam - "Karet". Hierdeur skep hy afstand wat White (1989) - eksternalisering ("externalizing") noem.

> Externalizing is an approach to therapy that encourages persons to objectify, and at times, to personify, the problems that they experience as oppressive. In this process, the problem becomes a separate entity and thus external to the person who was, or the relationship that was, ascribed the problem. (p.5)

Karet het homself dus deur middel van sy storie geskei van sy probleem deur 'n eksternaliseringsproses waardeur hy nuwe moontlikhede vir homself geopen het.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die terapeutiese proses en die aard van ons verhouding verander het. Hierdie verandering kan toegeskryf word aan 'n verandering in my konseptualisering en beskrywing van die probleem vanuit 'n intra-psigiese en kontekstuele raamwerk.

Refleksie op my Belewing van ons Verhouding

Satir (1987, p.17) beskryf terapie soos volg: "Therapy is a deeply intimate and vulnerable experience, requiring sensitivity to one's own state of being as well as to that of the other. It is the meeting of the deepest self of the therapist with the deepest self of the patient or client."

Terapie het vir my 'n spieëlbeeld geword van 'n tipiese menslike verhouding. Karet het verskeie kere kommentaar gelewer op die eerlikheid en nabyheid in ons verhouding. Dit was ook volgens hom die enigste verhouding waar hy homself kon wees en nie 'n masker nodig gehad het nie. Op hierdie stadium was die terapeutiese verhouding die enigste verhouding waar hy nabyheid toegelaat het omdat dit vir hom veilig genoeg was. Karet het veilig gevoel in die verhouding omdat daar genoeg struktuur was.

In hierdie verhoudingskonteks was ek gedurig betrokke in 'n proses van selfondersoek en self-

refleksie. Soos enige ander konteks stel die terapeutiese konteks ook parameters waarbinne die terapeutiese verhouding mag plaasvind. Die rolle en verwagtings van beide die terapeut en kliënt vorm deel van die terapeutiese konteks (soos reeds bespreek in hoofstuk 3). Die konteks definieer en spesifiseer dus die aard en omvang van die terapeutiese verhouding. In hierdie konteks is die menslike verhouding tussen my en Karet in terapie professioneel gesanksioneer deur die tradisionele opvattings en aannames omtrent die terapeut se vermoë om objektief te bly en afstand in die verhouding te behou deur nie op 'n emosionele vlak te betrokke te raak nie. Vir 'n terapeut met kubernetiese epistemologiese aannames is dit onmoontlik om haarself te sien as onafhanklik, onaangeraak deur die proses. Ek was bewus van hoe ek op 'n emosionele vlak deur die proses geraak is. Keeney (1983) verklaar dat: "...therapists affect the systems they are treating whether they intend to or not. On the other side of the relationship, the systems treated always affect the therapist" (p. 129). In hierdie verhouding het ek metafories voor 'n spieël gestaan en my eie idiosinkratiese aannames oor die sin van die lewe en my menswees bevraagteken. Hierdie epistemologiese besinningsproses was isomorfies aan Karet se wroeging oor die sin en betekenis van die lewe. In ons rekursiewe soeke na antwoorde in verhouding tot onsself en mekaar het dit vir my al duideliker geword dat, nie die tegnieke of intervensies nie, maar die betekenisvolheid van ons verhouding 'n belangrike komponent van die gesondmakingsproses is. In hierdie fase van terapie het my belewing en punktuasie van die terapeutiese verhouding verander. Ek het die verhouding in 'n bepaalde ontwikkelingskonteks gedefinieer as 'n "ma-seun-verhouding". My beskrywing en konseptualisering van ons verhouding as 'n ma-seun-verhouding, was 'n metaforiese beskrywing wat kongruent was met my aanname dat terapie 'n betekenisvolle verhouding is waarin beide kliënt en terapeut nuwe betekenissisteme konstrueer. Hierdie herdefiniëring ("reframing") en herklassifisering van die verhouding het alternatiewe verklarings en nuwe betekenis aan my betrokkenheid en nabyheid in die terapeutiese verhouding gegee. Op 'n metaforiese vlak was ek die ma wat moes beskerm, versorg en opvoed. As ma was ek die brug tussen hom en die "vreemde" wêreld daarbuite. Ek was sy realiteitstoetsing gewees, ek was die binding tussen goed en sleg (id en superego), ek was die konneksie en buffer tussen hom en die neurospan en tussen hom en die wêreld daar buite. Ek het opgetree as sy beskermer en in die proses is 'n konteks geskep waarin hy veilig genoeg gevoel het om emosies te wys en te konfronteer.

Sessie: 27/10/97

K : *Vanaf Vrydag gaan dit sleg. Ek was die naweek baie deurmekaar. Vanoggend het ek opgestaan en gedink ek moet skool toe gaan. Ek het my skoolklere gesoek. Ek kan nie met mense kontak maak nie. Mense kan ook nie met my kontak maak nie. As mense nonsens praat dan ignoreer ek hulle "flat". Sodra my brein 'n fout in hulle redenasie optel dan sluit ek uit en ignoreer hulle. Mense gee voor hulle is iets wat hulle nie is nie.*

M : *En jy? Jy sê jy kan nie wys wat jy voel nie. Jy doen wat jy dink ander wil hê jy moet doen, is dit nie voorgee nie?*

K : *Miskien. Ek is hartseer, hoekom kan ek nie maar net wees wat ek is nie?*

M : *Maar is dit wat jy nou is nie maar jy nie? Deel van jou identiteit nie?*

K : *Op skool was ek rustig, ek het uitgegaan. Ek was deelnemend ek was 'n organiseerder. Ek was die geesvanger in die skool. Ek het een keer al die onderwysers in die personeelkamer toegesluit. Ons het in die skoolsaal gesing tot die skool uitgekom het. Niemand het my gesplit nie. Na die ongeluk is ek as ek tussen mense is net 'n toeskouer. Ek sit, sal niks met niemand praat nie, sweet, ek word bang. Dan sal ek opstaan en loop. Ek haat dit, ek wil dit nie wees nie.*

M : *Weet jy Karet, ek wens partykeer dat ons dit wat jy verloor het kan sien, want dan sou dit makliker gewees het. Wanneer 'n persoon in 'n ongeluk was en hy verloor sy bene dan sien ons hy kan nie meer loop nie, ons gee vir hom 'n rolstoel, hy haat dit, maar later leer hy om dit te aanvaar. Hy aanvaar dat hy 'n gestremde is. Hy pas aan by die nuwe verworwe identitiet van 'n gestremde. Hy sal byvoorbeeld by sy huis die skakelaars laer sit, hy sal vir hom 'n "ramp" by sy voordeur bou. Ook sy vriende en familie maak vrede daarmee en pas aan. Maar niemand kan sien wat jy verloor het nie. Ons almal verwag van jou om*

dieselfde te wees as voor die ongeluk. Ons wil hê jy moet loop, maar jy sit in 'n rolstoel. Miskien sal dit makliker wees as jy aan jouself dink as iemand wat in 'n rolstoel sit, 'n gestremde. En maak dit deel van jou identiteit, maak vrede daarmee. Wanneer 'n atleet sy ligamente geskeur het en hy gaan voort met sy oefenprogram, gaan hy homself verder beseer. Maar as hy dit erken en sy oefening staak kan dit herstel.

K : (Huil). *Kyk hier.* (Karet wys vir my 'n seerplekkie in sy hand). *Ek het 'n spyker in my hand gedruk net om te voel of ek nog leef.*

(Stilte)

K : *Na die ongeluk het ek nie geweet wie of wat ek is nie. Ek het na mense gekyk om my te wys hoe ek is.*

M : *Mense kan jou nooit objektief wys wat jy is nie, wat hulle wys het altyd 'n deel van hulself ook in.*

K : *Ek het so agter gekom. Nou doen ek dit nie meer nie. Ek het altyd vir mense gegee wat hulle gevra het. Nou doen ek dit nie meer nie. Die brûe waarvan jy altyd praat - tussen jou en ander mense - ek het dit verbrand.*

M : *Ja, jy het jou brûe verbrand en nou is jy alleen op 'n eiland besig om dood te gaan. Die ergste van alles is niemand sien dit raak nie. Niemand het gesien hoe hard jy gewerk en baklei het om die brue te bou nie. Want mense het nie gesien dat die ongeluk die brûe vernietig het nie.*

K : *Ek kan nie goed sê wat ander seermaak nie. Ek weet nooit wanneer om die regte dinge te sê nie.*

M : *Miskien is dit die probleem: "Die regte ding". Wat is die "regte" dinge?*

K : *Ek weet nie...maar wanneer mense stront praat of nie weet waarvan hulle praat nie, sien ek hulle as lae klas of skuim. Ek kan nie foute in ander aanvaar nie.*

M : *Ja, want jy kan nie foute in jouself aanvaar nie.*

K : *Ja, maar as ek 'n fout maak werk ek tien maal harder om dit reg te maak. Ek is perfek, ek moet perfek wees.* (Stilte). *Dit voel of ek droom. Dis alles 'n droom, n nagmerrie. Dit voel of niks regtig gebeur het nie.*

M : *Miskien is net dit die probleem. Jy moet perfek wees, jy kan nie erken dat jy in 'n rolstoel sit nie. Dis asof jy nie mag wakker word en ontdek dat jy nie perfek is nie. Miskien is al die hartseer en trane vandag omdat jy besef dat dit nie 'n droom is nie. Jy besef dat hierdie nagmerrie jou lewe is. Jy besef ook wat van jou af weggeneem is. Ek kan dink hoe seer dit is.*

K : (Huil en gaan lê op sy arms, na 'n rukkie kyk hy op en sê): *Ek wens iemand wil my wakker maak en vir my sê dat ek net gedroom het. Dat alles "orait" is.*

Karet kon goed identifiseer met hierdie metafoor van iemand wat in 'n rolstoel sit. Ek het hierdie metafoor gebruik om die implisiete implikasies van die strukturele veranderinge in sy brein (soos byvoorbeeld, persoonlikheidsveranderinge, onvermoë om impulsiewe en aggressiewe drange doeltreffend te beheer en emosionele labiliteit) meer eksplisiet te maak. Dit weerspieël ook my aanname dat pasiënte met hoofbeserings baie aanpassingsprobleme ondervind. Omdat hul besering nie sigbaar is nie gebeur dit dikwels dat die pasiënt en sy gesin nie die omvang van die besering begryp nie en gevolglik dikwels onregverdige eise aan die pasiënt stel. In fase 4 het hierdie implisiete aanname van my deel geword van die terapeutiese dialoog en in die terapeutiese proses gerealiseer.

Fase 4

In die terapeutiese storie van Karet het ek die vierde fase, die rebelfase genoem. In hierdie fase het Karet in opstand gekom teen die rol waarin hy na die ongeluk geplaas is. In hierdie fase het

hy in die proses meer verantwoordelikheid, ruimte en beheer gekry. Dit het al duideliker geword dat die terapeutiese konteks sy gedrag instand gehou het. Ons verhouding het geprogresseer tot 'n meer menslike verhouding en 'n minder terapeutiese verhouding. Die terapeutiese konteks moes homself dekonstrueer aangesien dit nie meer terapeuties was nie, aangesien die konteks Karet vasgevang gehou het in sy rol as pasiënt en die verwagtings wat daarmee saamgaan. Sy storie kon nie verder groei in die terapeutiese konteks nie. Die konteks was beperkend.

In die eerste sessie van hierdie fase het ons oor die film "Lion King" gesels. Ek het die hoofkarater "Simba" in die storie vergelyk met Karet. Karet kon goed identifiseer met die karakter wat 'n groot deel van sy identiteit prysgegee het en probeer aanpas het in 'n omgewing waarin hy nie hoort nie. Simba het probeer om 'n rol te speel wat in der waarheid lynreg gebots het met die aard en karakter van 'n leeu. Hy het voortgegaan met hierdie speletjie totdat 'n visioen van sy pa en die aap hom daarop gewys het dat hy besig is om te vergeet wie hy werklik is. Deur sy identifikasie met Simba se storie het Karet homself geherdefinieer as iemand wat sterk en positief is en instaat is om keuses te kan maak.

Sessie: 3/11/97

K : *Ja, miskien was jy die aap wat my op die kop geslaan het. Ek kan nie meer aangaan met hierdie lewe of speletjie waar ek nie rêrig ek is nie. Maak of ek gelukkig en tevrede is...wat nou weer?...Ukunamatata?*
Daar was 'n flippen tyd wat ek niks gevoel het nie, net niks nie. Ek het vir niemand omgegee nie, liefde, haat, niks van daai goed het sin gemaak nie. Toe kom die tyd waarin ek so hartseer en kwaad was. Ek wou net als vernietig. Mense, alles, ek het gevoel daar is nie een mens waarvoor ek omgegee het nie - almal gehaat, en hulle het dit verdien. Daarna net hartseer, ek weet nie hoe om te sê, net hartseer en pyn.

In bogenoemde gedeelte is Karet se punktuasie van die proses dieselfde as my punktuasie van die terapeutiese proses in terme van vier fases. Dit impliseer dat ons belewing van die proses isomorfies was. Terapie self was op 'n hoër orde van beskrywing 'n patroon van verbintenis en

kon op 'n meta-vlak metafories beskryf word as 'n interaktiewe dans (Bateson, 1979).

M : *Dit klink vir my asof jy deur 'n rouproses gegaan het. Amper soos wanneer iemand doodgaan. Die nuus word oorgedra, en dis amper asof jy dit nie besef nie, nie weet wat om te voel nie. Dan word jy kwaad, jy sien die onregverdigheid, ek dink die kwaad is ook deel van 'n gevoel van magteloosheid, 'n gevoel van nie in beheer wees nie. Jy kan dit nie keer nie, kwaad vir jouself, ander, die lewe se onregverdigheid. En dan die hartseer, jy besef wat jy verloor het, jy weet jy moet vrede maak want om voort te kan gaan met die lewe moet daar vrede wees.*

K : *Ja,* (lag) *dis net sleg om jouself te begrawe terwyl jy nog lewe.*

M : *Ek kan dink, maar wat nou?*

K : *Ek weet nie.*

M : *Ek ook nie. Ek weet nie wat om vir jou te sê nie. Ek wonder wat sou jy vir my gesê het as ek jy was en jy ek? As ons byvoorbeeld rolle sou kom omruil.*

K : (Trek skouers op).

M : *Kom ons ruil rolle om. Kom sit hier. Jy is ek, en ek is jy.* (Ek en Karet het stoele en rolle omgeruil).

K : *Goed.*

(Stilte)

M : *Begin maar.*

K : *Ok, emm... Wat dink jy van die chemiese samestelling van die atoom?*

M : *Karet, ek's ernstig. Verskoon my, maar dit klink nie soos ek nie.*

K : *"Ok, cut". Kom ons begin weer. Hoe gaan dit met jou?*

M : *Ek weet nie. Ek voel net so leeg en hartseer* (sug) *en dis net asof niemand dit sien nie?*

K : *Hoekom?*

M : *Ek weet nie. Na die ongeluk voel dit net vir my asof alles 'n droom is, asof niks regtig bestaan nie. Ek weet nie wat om te doen nie, dit voel vir my asof daar net niks is ... ek weet nie meer wie of wat ek is nie. Ek voel ook baie vasgevang in 'n rol wat nie my rol is nie.*

K : *Emm...Wat wil jy wees?*

M : *'n Mens, myself.*

K : *Nou hoekom wees jy dit nie. Flip die mense, maak nie saak wat hulle dink nie.*

M : *Maar hoe? Ek dink nie ek kan dit doen nie.*

K : *Jy kan dit doen. Eerstens, bedank. Vat 'n lang vakansie. En doen dinge wat jy "like". Wees net wat jy wil wees. Jy gaan hulle in elke geval nie kan tevrede stel nie.*

Retrospektiewelik kan hierdie rollespel beskryf word as 'n proses waarin hy self moes antwoorde gee. In hierdie proses is hy in 'n posisie en rol geplaas waarin hy verantwoordelikheid en beheer het. Die proses het hom dus bevry van sy rol as pasiënt wat in baie opsigte beperkend was. In sy nuwe rol as "terapeut" kon hy self bepaal hoe hy sy probleme wil hanteer.

M : *Goed Karet, kom ons ruil terug. Dit voel vir my asof jy nou vir jouself antwoorde gegee het.*

K : *Hoe bedoel jy?*

M : *Wat dink jy?*

K : *mmmm...Ja, "actually" wil ek teen alles rebelleer. As iemand vir my sê ek moet iets doen, dan wil ek dit nie doen as ek dit nie wil doen nie. As ek lag vir 'n grap, wil ek lag omdat dit snaaks is, nie omdat mense wil hê ek moet nie. As ek my kop stamp, wil ek hom self stamp. Dan maak dit nie saak nie.*

M : *Met ander woorde jy wil jou eie keuses maak. Beheer neem oor jou lewe. Dis asof jy verantwoordelikheid wil vat vir jou eie lewe. Eienaarskap vir jou lewe en emosies.*

K : *Ek voel nie groot nie. Ek voel soos of ek 12 of 13 jaar oud is. Dit voel of ek nou moet hoërskool toe gaan. En ek wil nie hê iemand moet vir my sê na watter skool ek moet gaan nie.*

M : *Dit maak vir my baie sin. Dis asof jy nou in 'n tienerfase inbeweeg. En die groot doelstelling van 'n tiener is om sy eie identiteit te vind.*

K : *Yip, ek wil myself vind. Ek kan dit nie in die weermag doen nie.*

M : *Ja, in hierdie konteks is daar nie keuses nie, nê?*

K : *Ja, net reëls en opdragte.*

M : *Yip. Kom ons gaan skryf.*

Hier volg 'n prosesnota wat Karet na afloop van die sessie geskryf het. In hierdie prosesnota is daar 'n duidelike verandering sigbaar. Dit is belangrik om daarop te let dat ek aanvanklik besluit het om na elke sessie prosesnotas te skryf om sodoende Karet te help om te onthou, maar later het dit 'n belangrike deel van die dialoog in die konstrueringsproses geword en dit het ook vir my 'n aanduiding van sy punktuasies van die proses gegee.

Karet se Prosesnota van hierdie Sessie: 3/11/97

Wil nie meer bevele gehoorsaam nie, maar kan nie dit toelaat nie pas nie in my blik nie.
Wil vir iets in my lewe verantwoordelik voel enige iets.
Wil goed self beproef, en wil nie net meer op hoor sê goed doen nie.
Wil my kop self stamp, wil my eie foute maak.
Wil self lag vir goed wat ek dink snaaks is.
Vir enige een presies kan sê wat ek dink sonder om jammer te wees of om eerder stil te bly.
Om te huil as ek voel ek wil huil maak nie saak waar ek is nie.
Om nie om te gee wat ander van my dink nie.
Om met enige een te praat én gesels maak nie saak wie of wat nie.
Om meisies te soen as ek wil.
Om iemand te slaan as ek wil.
Om te eet wanneer ek honger is en nie wanneer die kos klaar is nie.

Storie van Skets 10

Naam: Droom.

Belewing: Nuut, 'n nuwe begin, mooiheid, sonskyn na die donker nag. Kan gevaar sien aankom en voorsorg tref.

Betekenis: Ek wil graag hê dat ek 'n nuwe begin kan maak, om my self te kry en hierdie sintetiese lewe wat ek nou lei ver agter my kan los en vir die eerste keer rerig te kan begin lewe, om my eie keuses te kan maak.

Skets 10: Droom

Emosionele belewing: Om op te hou om my self te haat vir die leuen wat ek lewe en alles wat om my is weg te stoot en van vooraf te kan besluit wat, waar en wanneer, want dit voel of ek al my keuses in die lewe ontneem is, dit voel of ek skielik iewers weggerik is en in iemand anders se rol gesit is en ek kan die rol nie speel nie, want ek het nie 'n idee wat en wie die rol is nie, en niemand kan my help nie, want almal dink die rol is ek en niemand verstaan my nie, maak nie saak wat ek doen nie, almal dink dit is wat van die rol vereis word!!

Sessie: 10/11/97

In hierdie sessie wou ek die proses wat in die vorige sessie ontwikkel het versterk. Ek het erkenning gegee aan die onregverdigheid waarmee ons hom behandel het en daardeur het ek hom indirek toestemming gegee om voort te gaan met sy rebellie teen 'n rol waarin hy nie hoort nie. Hierdie intervensie was ook kongruent met my besef op hierdie stadium dat my aannames omtrent rehabilitasie van neuro-pasiënte verander het. Tot nou toe was ek van mening dat my rol en verantwoordelikheid as sielkundige was om Karet weer die mens te kry wat hy was voor die ongeluk. Vir die eerste keer het ek die onregverdigheid hiervan besef en die konsep strukturele determinisme het nou vir my nie net op 'n teoretiese wyse, maar ook op 'n praktiese wyse sin gemaak. Karet sal nooit weer dieselfde mens wees nie, want sensoriese en emosionele ervarings word nie meer op dieselfde wyse in sy sentrale senuweestelsel geprosesseer nie. Neurologiese veranderinge in die sentrale senuweestelsel na Karet se hoofbesering het sy manier van waarneem en onderskeidings tref verander. Dit het 'n komplekse verweefde veranderingsproses ontketen. Sy persepsie en beskrywing van homself en sy omgewing het verander. Hy beskryf homself as 'n vreemdeling in 'n bekende wêreld. Karet se verhoudings met mense is deur alternatiewe definisies van homself en alternatiewe punktuasies van prosesse en kontekste verander.

M : *Na ons vorige sessie het ek baie gedink. Toe ek jy was en jy ek, het ek eers besef hoe min keuses jy in hierdie rol het. Ek dink nie ek of enige iemand anders verstaan regtig waardeur jy gaan nie. En hoe vas jy is nie. Ek dink ons was onregverdig teenoor jou gewees om te verwag dat jy moet wees wat jy was voor die ongeluk.*

K : *Ja.* (Staan op en teken op die bord). *Dit was so* (demonstreer met behulp van 'n skets) *in die begin - deurmekaar. Toe skielik kom ek agter ek is in die militêre polisie. Ek het 'n kar wat ek moet betaal, maar ek kan nie onthou dat ek hom gekoop het nie, ek het hom nie gekies nie. Ek het rekeninge wat ek nie kan onthou nie. Ek het verpligtinge. Ek moet dinge doen, mense sê so.*

M : *Dis asof jy verantwoordelikheid moet neem vir keuses wat jy nie gemaak het nie.*

K : *Ja, maar dit moet hier stop. Ek wil iets doen, kies, as dit verkeerd is, dan sal ek my kop stamp, ten minste was dit ek en my keuse waarvan ek weet.*

M : *Ek kan my indink hoe jy moet voel. Dis asof jy by 'n teater instap, klere word aan jou gegee en jy moet 'n rol op die verhoog speel wat jy nie ken nie, jy ken nie eers die "play" of storie nie. Jy ken nie eers die karakter nie.*

K : *Ek wil nou stop. Ek wil nie meer die rol hê waarin mense my gedruk het nie, want dit is nie ek nie. Hulle het my in die rol van 'n patetiese verpiepte bleeksiek seuntjie ingedruk. Ek wil kies, maak ek die verkeerde keuse, is dit my verantwoordelikheid. Ek kan nie meer 'n rol speel wat ek nie is nie, mense verwag van my om te gee wat ek nie is nie. Ek kan nie meer nie.*

M : *Ek verstaan dat na jou ongeluk ek, jou ma-hulle en die neurospan jou miskien in hierdie rol gedruk het, maar wat in jou het dit vir jou moontlik gemaak om hierdie rol te speel. Is hierdie rol nie ook maar 'n deel van jou gewees voor die ongeluk nie? Miskien was dit na die ongeluk vir jou maklik om hierdie rol te vat omdat dit bekend was vir jou, omdat dit deel was van jou.*

Retrospektiewelik blyk dit asof my beskrywing hier kwalitatief anders is en dus 'n verbreeding in ons begrip en beskrywing van hom geïmpliseer het. Daar is weg beweeg van 'n dualistiese punktuasie in terme van absolutes ("either or dualities") (Keeney, 1983). Hy is nie meer wat hy

was na die ongeluk nie, hy het verander, maar hy het ook in sekere opsigte dieselfde gebly. Dit sluit aan by Keeney se beskrywing van stabiliteit en verandering as interafhanklik. Keeney (1983) verklaar dat: "One cannot, in cybernetics, separate stability from change - both are complementary sides of a systemic coin" (p. 70).

K : *Ek weet nie wat ek was nie. Hierdie rol hou my vas. Ek kan nie hier beweeg nie. Dit voel asof ek in iemand anders se lyf is. Dit voel of ek flippen omgeruil is.*

M : *Dit klink vir my asof jy uiters vasgevang en gefrustreerd voel met verantwoordelikhede, verpligtinge en rolle wat jy nie gekies het nie. Jy's kwaad en jy rebelleer teen dit wat op jou afgedwing word.*

K : *Hoe oud is ek?*

M : *Vier-en-twintig.*

K : *Ek is flippen vier-en-twintig jaar, maar ek voel nie vier-en-twintig nie, ek voel of ek in st. 9 is. Ek wil weer kies - wat ek wil wees, waarheen ek wil gaan, wat ek wil doen. Maar ek kan nie, ek moet net en moet net in die weermag. Flip. Verstaan jy wat ek bedoel?*

Hier is 'n duidelike patroon in die manier waarop hy homself beskryf. In die vorige sessie het hy vir my gesê hy voel soos 'n 12- of 13- jarige wat hoërskool toe moet gaan. Nou vergelyk hy homself met 'n standerd 9 seun wat self wil kies. Sy vertelling en beskrywing van homself gaan deur 'n natuurlike groeiproses wat metafories vergelyk kan word met die ontwikkelingsfases van 'n kind.

M : *Ja, wat gebeur met 'n kind in sy tienerjare. Hy rebelleer teen 'n identiteit wat hy oorgeërf het van sy ouers. Hy wil self besluit wie en wat hy is en waarvan hy hou. En die samelewing gee hom genoeg ruimte om dit te doen, hy mag eksprimenteer met "vreemde" musiek, haarstyle, taal, verhoudings, basies enigeiets. Hy mag,*

hy is 'n tiener in sy storm-en-drang jare. Totdat hy homself gevind het. Jy is eintlik in dieselfde posisie. Jou identiteit is van jou af weggeneem. Jy het nie geweet wie of wat jy was na die ongeluk nie. Ons almal het van jou verwag om net weer mooi terug in jou rol in te klim, maar dit was nie jy nie. Jy het verander. Maar nou gee ons jou nie die ruimte om jouself te vind nie. Jy het nie ruimte om te eksprimenteer nie. Jy is vier-en-twintig jaar, 'n man - nie 'n tiener nie. Jou rol, jou werk en ons hou jou vas. Miskien is dit waarteen jy baklei. Jy is eintlik 'n tiener nê?

In ons dialoog het ons vir Karet 'n nuwe rol geko-konstrueer, die rol van 'n tiener. Karet kon identifiseer met hierdie rol en dit deel maak van sy storie en dialoog met homself en oor homself. Hierdie beskrywing en konseptualisering van homself as 'n tiener het hom meer vryheid en beweegruimte gegee, asook die reg om te rebelleer teen reëls en rolle wat op hom afgedwing word.

K : *Ja, dis presies dit. Ek wil net myself vind, myself wees en nie wees wat ander wil hê ek moet wees nie.*

M : *Karet, wat keer jou om jouself te wees? Hoekom klim jy nie uit hierdie rol uit nie?*

K : *Vrees. Ek is bang, ek ken nie myself nie. Ek weet nie hoe ek "kaal" lyk nie.*

M : *Bang omdat jy bang is mense gaan nie hou van wat hulle sien nie, of bang dat jy self nie daarvan gaan hou nie.*

K : *Ek weet nie.*

M : *Mens is altyd bang vir die onbekende, maar daar is ook altyd 'n verrassingskomponent in die onbekende.*

Hierdeur word die anderkant van die muntstuk deel gemaak van die terapeutiese dialoog (Keeney, 1983). Dit impliseer 'n verbreding in ons konseptualisering van die onbekende. Karet fokus slegs op vrees vir die onbekende. Hierdie eensydige fokus maak dit vir hom moeilik om die anderkant van die muntstuk raak te sien. Deur die beskrywing van die verrassing as 'n komponent van die onbekende is 'n meer holistiese perspektief en beskrywing gevorm wat nie net vrees nie, maar ook verrassing ten opsigte van die onbekende insluit. Dit laat die onbekende minder bedreigend voorkom.

K : *Ek het altyd gedink ek kan probleme oplos, ek het niemand nodig gehad. Hier op my eie het ek gedink, sonder mense maar ek het mense nodig, ek kan nie alleen nie.*

M : *Ja, mense gee mens betekenis. Mens leer jouself in verhouding tot ander of deur ander ken.*

K : *Ek dink ek gaan mense wys wie ek is. Ek wil sommer my hare kleur. Het jy daardie "Grand Pre" renjaer gesien - hy het sy hare spierwit gekleur. Ek wonder hoe ek sal lyk. Ja, ek gaan dit doen. Ek wonder wat hulle gaan sê.*

M : *Wel, dis jou keuse, ek dink dis 'n "great" idee.*

K : *Ja, en as hulle my uittrap, dan's dit nou maar so. Ek gee nie om wat hulle sê nie.*

M : *Ja, dis jou keuse, jou verantwoordelikheid waarvan jy die gevolge moet dra.*

K : *Ja... ja... ja... Ek sal verantwoordelikheid vat, ek sal sê my sielkundige het gesê ek moet. Grappie.* (lag). *Ek dink ek gaan sommer kyk of ek daardie korporaaltjie wat saam my werk verlief kan kry op my. Dit behoort nie te moeilik te wees nie.*

M : *"Hey", stadig nou, ek wil jou nog volgende week herken as ek jou sien.*

K : (Lag). *Ek voel nou snaaks. Goed "actually". Ek voel vol energie.*

Prosesnota van Karet na Afloop van die Sessie: 10/11/97

Stop eers voor jy weer beggin.
Nuwe begin in sig.
Doen dit wat jy wil doen sonder om te arsel.
Neem verantwoordelikheid vir jou optrede maar moenie stop nie.
Stel jouself voor aan almal wat jou nog nie ken nie, maak nie saak of hulle van jou hou of nie.
Wees Karet, en net Karet!!
Jy weet hoe bang hy is maar as hy eers yt is stop niks hom nie.

In hierdie sessie het ek gepoog om 'n alternatiewe orde van terugvoer daar te stel wat op 'n hoër orde vlak Karet se patroonverbintenis ("pattern that connect") (Bateson, 1979) met homself, sy terapeut, sy gesin en omgewing, verander. In die terapeutiese proses het sy storie verander en geko-evolueer na die storie van 'n rebelse tiener. Nuwe onderskeidings en punktuasies het ontstaan in 'n dialektiese proses tussen my en Karet en gevolglik het Karet geleer om anders oor sy probleem te praat. Die nuwe storie wat in terapeutiese gesprekvoering geko-konstrueer is, is geïnternaliseer en het deel van Karet se interne dialoog geword. Dit het vir hom 'n raamwerk gegee waarin hy sy ervarings kon verstaan en verklaar. Dit het ook vir hom 'n konteks geskep waarin hy met nuwe gedrag en idees kon eksprimenteer.

In die volgende sessie het ek Karet se ouers gesien. Ek het aan hulle leesstof verskaf oor temporale kwab epilepsie en die basiese teoretiese konsepte verduidelik. Karet het sy hare gekleur, nie wit nie, maar pikswart. Dit was vir my 'n aanduiding dat Karet instaat is om sy eksperimentele gedrag te beperk tot normatiewe grense. Ek en Karet het besluit dat ons nie gaan gesels nie. Ons het net kort prosesnotas geskryf.

Prosesnota: 14/11/97

Snaakse gevoel, ek weet hoe ek moet voel nie, so ek verbeel my hoe ek moet voel.

Ek probeer opgewonde voel om weer huis toe te gaan.
Ek weet nie hoekom nie, maar my huis voel vir my baie belangrik, dit voel of ek iets probeer soek iets belangriks en ek sal net weet wat dit is as ek dit gekry het.
Ek probeer baie positief wees maar sukkel soms.
Iets het my baie seer gemaak en dit het iets te doen met die plek waarvoor ek werk so ek weet beslis dat ek iewers anders 'n heenkome wil vind.
Ek wil deur drie fases gaan:
1. *Ek wil ys wees, ek wil solied en selfstandig word.*
2. *Ek wil water word, ek wil vloeibaar wees en deur en oor alles kan vloei en lewe gee.*
3. *Ek wil waterdamp wees, ek wil so lig, soos lug wees, ek wil oor die hele wêreld kan sweef en dan in water verander om lewe te bring in droogte.*

In hierdie prosesnota was dit vir my duidelik hoe Karet in die proses gegroei en verander het. In die metafoor identifiseer hy die verskillende vorme (ys, water en waterdamp) wat een element kan aanneem. Dit was vir my vergelykbaar met die verhoogde aanpasbaarheid en buigbaarheid wat hy in verskillende kontekste openbaar het. Alhoewel hy nou kon aanpas en verander het hy steeds sy identiteit behou. Hierdie verandering en groei het duidelik gemanifesteer in ons volgende sessie op 17 November 1997.

Sessie: 17/11/97

M : *Karet, ons sien mekaar al ses maande. Wat het hierdie ses maande gebeur of dalk nie gebeur nie?*

K : *Ek dink wat ek geleer het is om my foute te aanvaar. Ek besef dat daar foute is en ek aanvaar dit. Dis nog moeilik maar ek aanvaar dit. Jy weet wat ek altyd gesê het van dat ek alles kan doen, dat ek perfek is, ek het regtig so gevoel, maar dis nie meer so nie. Daar is foute waarmee ek vrede moet maak en saam leef. Ek dink ek het groot geword. Ja, toe ek hier aangekom het, het ek gevoel soos 'n baba, maar dis asof ek gegroei het. Ja, ek het groot geword. Dis asof ek nou meer gereed en reg is.*

M : *Ja, ek stem saam, ek dink ook jy het op verskillende vlakke gegroei. En dit was 'n moeilike proses met baie groeipyne. En ek dink nie dat hierdie proses hier gaan stop nie, dis 'n proses wat sal voortgaan reg deur jou lewe. In watter opsigte dink jy kan jy nog groei?*

K : *My besluitloosheid. Ek kan nooit besluit wat ek wil doen nie. Daar is nog baie onsekerheid. Maar dis beter. Ek dink jy het my op 'n rigting gesit en nou moet ek net verder gaan. Ja, ek is op die regte pad.*

M : *Karet, jy het baie gepraat van iets wat jou bang maak. Jy wou nooit naby dit kom nie want dit was vernietigend. Hoe voel jy nou daaroor?*

K : *Ja, dit was iets wat my bang gemaak het, wat nie daar is nie. Ek was bitter bang vir iets wat eintlik niks was nie.*

M : *So, is al die bang nou net weg?*

K : *Nee, dis nog daar, maar dis baie kleiner of nee, dis nog net so groot, maar ek het dit gekompakteer, en nou is dit daar, dis kleiner, ek kan dit vashou.*

M : *So met ander woorde, die bang het hanteerbaar geword of liewer beheerbaar. Dis amper asof iets wat groot, onaantasbaar en difuus was, duidelik geword het, tasbaar en angs verminder wanneer mens iets kan sien, daaraan kan vat en dit kan hanteer.*

K : *Feite!*

M : *Karet, jou aanvanklike doelwit of ons doelwit in terapie was basies om jou te vind. Jy het jouself beskryf as 'n vreemdeling in 'n bekende wêreld. Dink jy jy het jouself gevind. As ek nou vir jou vra - wie is jy, wat sal jy sê?*

K : *Wie is ek? ..... Ek is 'n sestienjarige "litie" wat my lewe wil geniet. Alles wat snaaks is wil ek mee eksprimenteer en dit probeer. Alles. Ek sou sê ek is nog jonk van gees. En nog 'n ding. As ek so is, is ek meer myself en het ek meer selfvertroue. Ek kan sê hoe ek voel en hoe ek goed ervaar. Ek kan sê as ek nie van iets hou nie. Dit kon ek vir 'n lang ruk nie regkry nie. En as ek so is, kan ek enigeiets wees, net wat ek wil, nou het ek my eie identiteit, ek kan my eie goed doen soos my eie besluite neem, self kies, maak nie saak wat mense sê of dink nie. Ek is ek.*

Weet jy, dit voel of ek die hele tyd so gesit het (demonstreer 'n denkende posisie) *en dink het, en nou het ek opgestaan. En ek beweeg. Ek weet wat ek wil doen en ek weet waarheen ek wil gaan. Toe ek vanoggend my weermagklere aantrek toe weet ek in die SANW wil ek nie wees nie, ek hoort nie hier nie. Ek het amper nie teruggekom nie.*

M : *Die weermag gee mens min ruimte om jou eie identiteit uit te leef. Almal lyk dieselfde, jy is 'n kunstenaar, jy is eksentriek, om jou identiteit weg te neem is om jou dood te maak.*
Maar waar hoort jy? Waar kan jy jouself in die toekoms sien?

K : *Ek kan jou so sê hierdie naweek was wonderlik gewees. Toe ek by die huis was was dit asof ek gevoel het hier hoort ek. Al die mense wat ek gesien het, almal vra hoe gaan dit. Dit voel of almal my gemis het. By die kerk, mense groet my vra my waar was jy Karet. Ek ken hulle nie, ek kan 90 persent van hulle nie onthou nie, maar hulle ken my. Die oom saam wie ek terug gery het vanaf Kimberley het my werk aangebied. Ek kan nie sê hoeveel, seker drie mense het vir my gesê as ek nie regkom moet ek net sê. My pa gaan, daar agter ons huis, hy het gesê ek kan die woonstel regmaak, daar is 'n deel wat ek kan inrig as 'n studio waar ek en daardie ander meisie wat goed is in kuns, kan werk.*

M : *Jy klink baie seker. So jy wil nie die werk wat ons vir jou kan reël by die SA*

Akademie hê nie. Moet ons jou dan medies laat raad.

K : *Ja. Ek moet dalk vra asseblief.*

M : *Onthou ons kan dit nie verander nie, so jy sê jy is seker?*

K : *Ja, ek weet ek is seker.*

Ek het nie gedink dat dit 'n baie wyse besluit was nie. Vir 'n oomblik het ek dit oorweeg om hom te oortuig om eerder die werk te neem. Maar deur so 'n stap sou ek die proses van eie keuses en besluitneming gekniehalter het. Hierdeur sou hy weer deur die proses en konteks in die pasiëntrol geplaas word. 'n Rol waarin hy nie mag keuses maak of verantwoordelikheid neem nie.

M : *Dit lyk my tog asof jy besig is om aan die besluitloosheid te werk. Ek het jou lanklaas so seker gesien. Dit lyk my jy het 'n besluit geneem en hou daarby. Dis goed. Ek dink dit sal vir jou in die toekoms al hoe makliker wees om besluite te neem. Want hoe beter mens jouself ken hoe makliker is dit om besluite te neem. Want dan weet jy wie jy is, wat jy wil hê en waarheen jy oppad is. Ek dink onsekerheid en besluitloosheid is 'n gegewe as jy onseker is oor jou identiteit.*

K : *Feite, nou kry ek myself weer. Ek "worry" nie meer wie ek was nie. Ek kan daaraan niks doen nie. Dis nou maar een maal verby.*

M : *Weet jy Karet, ek kan regtig sien hoe jy gegroei het, en al het jy net jouself gevind in hierdie ses maande, dan is ek tevrede want dit waarin ons glo of nie glo nie gee ons sin en betekenis, 'n rede om te lewe.*

K : *Ja, ek het altyd gedink 'n mens is net daar omdat jy 'n funksie het, voortplanting of wat ook al - amper soos 'n robot - ek dink ek was net 'n robot, maar ek weet nou hoekom ek daar is, dis omdat ander my nodig het, ja, dan het ek nog steeds 'n funksie, soos 'n robot, maar ek is ook 'n mens.*

In hierdie paragraaf is dit duidelik dat Karet geleer het om beide kante van die muntstuk te omvat. Die mens-of-robot digotomie is hervorm na 'n omvattende, holistiese beskrywing van homself as robot en mens tegelyk. Hierdeur is beide kante van die kubernetiese komplimentariteit aanmekaar verbind tot 'n holistiese eenheid.

Karet se Prosesnota na Afloop van hierdie Sessie

Voel goed oor my self, dit voel asof ek 'n doel gekry het iets wat ek wil doen en nie wat iemand anders gedoen wil hê nie.
Voel asof ek die naweek gekry het waarna ek gesoek het of dit 'n klein of 'n groot deel is dit weet ek nie, maar ek voel al hoe meer my self ek weet nie rerig hoe ek was nie en ek warrie nie meer nie want ek weet nou vir seker wie en wat ek wil wees en vir die eerste keer wat ek kan onthou het ek geglimlag in my hart, en alles en almal om my het net skielik vriendeliker voorgekom.
En ek weet nou dat niks my gaan keur om 'n sukses van my lewe te maak nie, maar vir solank as wat ek in die SANW gaan bly sal ek nooit my droom kan laat realiseer nie, ek is nie net 'n nommer nie, ek voel nie eens soos 'n mens nie, maar soos 'n lig in die donker wat almal se lewens om my net wil verlig en verbeter en dan moet jy nie vasgevang wees in strukture van orde soos in die SANW nie, maar jy moet vry wees om te doen wat jy weet goed is en nie wat ander mense dink wat goed is nie.
Ek dink al daai woede en haat in my was liefde en gevoel wat vasgevang was juis omdat ek in 'n Organisasie werk waar gevoel geen rol speel nie, maar net die uitvoer van opdragte, wel ek is klaar met dit, klaar!!!

Storie van Skets 11

Naam: Toekomsdroom.

Belewing: Mooi, vrolik, geluk, 'n sprokie, atmosfeer.

Betekenis: Om iets mooi's te wys wat 'n fantasie in jou wakker te maak om hart snare te streel, om soliede geluk te wys sonder versteekte nare deele. Om iets uit te beeld wat ek nie



Skets 11: Toekomsdroom

kan ervaar nie, maar hoe ek dink die gevoel net kan lyk as jy dit kan teken, maak nie saak hoe jy dit draai of daarna kyk nie, dit bly mooi. Mens kan dit seker ook nie verstaan nie, maar die punt is dat dit mooi bly, maak nie saak wat jy in die prent wil of nie wil sien nie.

Emosionele gevoelens: Dit kon my toekoms gewees het, dit kan ook my toekoms wees. Dit is hoe ek my toekoms wil hê, mooi, vrolik, gelukkig ens. Maar ek moet maar eers wag want ek is nie in die regte rol nie. En in die rol waarin ek geprop is, is so vol draadwerk wat ek eers moet uitsorteer voor ek eers weer ek kan wees. Ek moet eers my rol se karakter se probleme uitsorteer voordat ek my plekkie in die son kan volstaan.

Terapeutiese Konseptualisering

Vir my en Karet het die terapeutiese gesprek op hierdie stadium beweeg na 'n natuurlike eindpunt. Ons gesprekke na afloop van hierdie sessie het nie meer gegaan oor sy probleme nie, maar oor nuwe moontlikhede en opsies. Volgens Anderson en Goolishian (1988) kon ons nie meer hierdie sisteem 'n ("problem - determined system") noem nie, want daar is nie meer oor probleme gepraat nie. Ek het gevoel dat die tyd reg was om Karet te bevry van sy rol as pasiënt want hierdie rol het ook sekere vereistes en beperkinge gestel. Binne die terapeutiese konteks kon Karet se storie nie verder groei nie. Ek en Karet was gereed vir terminasie en het besluit dat ons in die volgende sessie sal afsluit deur die navorsingsresultate te bespreek.

Kenmerkend van die terapeutiese sessies tydens hierdie laaste fase was 'n vermindering in emosionele intensiteit en nabyheid. Dit het 'n kritiese verandering in ons verhoudingsproses geïmpliseer. 'n Normale proses van diskonneksie het plaasgevind, nie net in terme van ons verhouding nie, maar ook in terme van ons rolle het ons albei outomaties begin om onsself daarvan te distansieer. Karet het gemeld dat hy begin sterk voel en het stadig maar seker begin om ander betekenisvolle verhoudings aan te knoop. Hy het ook begin om oppervlakkige vriendskapsverhoudings met meisies aan te knoop.

'n Week later het sy ma my geskakel en gesê dat Karet 'n ernstige epileptiese aanval gehad het en weer in die hospitaal opgeneem is. Tydens my eerste besoek aan hom in die hospitaal

was hy baie deurmekaar en emosioneel labiel. Tydens my tweede besoek was daar 'n tydelike regressie na fase 2. Hy het my vertel van sy planne om 'n nuwe wêreldorde daar te stel en die totale mensdom te vernietig. Ek het die bestaansreg van hierdie deel in hom wat alles wil vernietig regverdig en dit herdefinieer ("reframe") as 'n stem wat skree vir regverdigheid. Ek het hierdie deel beskryf as die deel wat die seerste kry omdat hy die onregverdigheid raaksien. Dis die deel wat magteloos voel omdat hy homself op niemand kan wreek nie, want vir wie kan hy kwaad wees oor die ongeluk, wie moet gestraf word?

Derde Besoek aan die Hospitaal: 12/12/97

K : *Wag, ek wil gou iets gaan haal.*

K : *Kan ek dit maar vir jou lees?*

M : *Gaan voort.*

K : *In 'n wêreld vol skoonheid, vol liefde word ek weggeruk in 'n ander era geplaas, sonder waarskuwing. Alles om my is te vinnig, ek kan nie bybly nie, ek kan nie kommunikeer nie, ek weet nie hoe nie, alles het te skielik verander. Ek wou rêrig bybly, ek belowe ek wou, maar alles het my begin vasdruk, ek het begin om te droom dat ek weer was waar ek was want, ek was in 'n ander wêreld, waar menswees niks beteken het nie. Waar niemand stop om halló te sê nie. As ek nie in my wêreld (wat sinteties is) gelewe het nie, sou ek lankal al tou opgegooi het. Ek moes vir oorlewing leer om mense te lees voordat hulle een woord met my gepraat het. My oorlewing het daarvan afgehang. Ek begin nou rêrig sterk raak, ek weet ek sal nou op my eie voete kan staan. Ek soek nog net die sleutel om dit waarna ek soek oop te sluit, sodat ek my toekoms wat om die hoek in die buitewêreld is kan betree met waardigheid, en my sintetiese wêreld kan afbreek sodat ek werklik kan voel of ek deel is van die wêreld wat altyd net 'n legende vir my was.*

M : *Wat is die sintetiese wêreld waarvan jy praat?*

K : *Dit is daardie droomwêreld wat ek vir myself skep. Jy weet mos, daardie wêreld waarin ek perfek is en alles kan doen, soos God is.*

M : *Daardie wêreld waarin jy alles wil verander?*

K : *Ja, daardie koue wêreld waarin mens nie kan seerkry nie.*
Wag, ek het nog iets wat ek wil lees:

Die lug is marmer groen met 'n romantiese lemmetjie groen skynsel. Ver in die verte skiter pienk kristale en paroene sweef so grasiees deur die lug asof hulle een word met die molekules wat om ons wentel nes elektrone om atome.

Alles is rustig, alles werk perfek saam, alles het hulle spesifieke take, totdat daar 'n wanbelaans in die algehele stelsel is, dan verander alles in 'n groot bol helder verblindinde lig sodat dit dadelik alles wat 'n wanbelaans in 'n perfekte heelal, in 'n perfekte melkweg, in 'n perfekte sonestelsel, in 'n perfekte planeet, in 'n perfekte kontinent, in 'n perfekte land, in 'n perfekte stad, in 'n perfekte huis, in 'n perfekte kamer, in 'n perfekte wese, in 'n paar sekondes wapereer en al die oorblywende energie ontsnap so vinnig sodat al die deele in die organiese dele amper tot stilstand kom, en dan vat dit 'n hele ruk sodat die perfekte stelsel weer kan herkonstruksureer. Wanneer die stelsel homself herkonstruksureer sluit alle inligting versamelinde protone af want alle dele hoe groot of hoe klein werk 100% saam om die perfekte stelsel te herbou. Dan neem 'n deel oor wat net bestaan so lank as wat die organiese dele lewe.

K : *Weet jy waarvan ek praat?*

M : *Nee, sê maar.*

K : *My epilepsie. Dis hoe dit voel. 'n Witlig wat die ekwilibrium in my sisteem omverwerp in 'n kwessie van 'n paar sekondes, en hoe lank die sisteem vat om weer te herstel sodat alles in perfekte harmonie kan saamwerk.*

M : *Wat beteken al hierdie dinge vir jou, hoe maak dit vir jou sin?*

K : *Ek het Woensdag nadat ons gesels het baie gedink. Ek bly myself vra hoekom ek vir jou goed sê, goed dat jy moet dink ek is mal. Hoekom sê ek hierdie goed, hoekom is hierdie sintetiese wêreld vir my nodig?*

M : *Ek het ook gewonder wat hierdie wêreld vir jou beteken. Ek het nog altyd vir jou gesê dat hierdie wêreld waarin jy baie mag en beheer het 'n funksie het, en daarom om een of ander rede belangrik is.*

K : *Ek het mooi gedink en besef dat hierdie deel in my, my beskerm. Dis amper soos 'n buffer wat keer dat ek seerkry. Ek kry eintlik baie maklik seer, ek dink ek is baie sag. Hierdie sintetiese keer dat ek seerkry, want in daardie wêreld is daar geen seer of pyn nie. Daar kan ek niks voel, dit help my om nie seer te kry nie.*

M : *Daar is geen emosie nie. Daar is nie seer en pyn nie, maar daar is ook nie geluk of liefde nie.*

K : *Ja, maar dis amper of daardie sintetiese* (wys op skets, Bylaag 3) *die kant van die gesig besig is om minder te word. Ek weet nie of ek dalk besig is om sterker te word nie, dit voel so. Ek het die buffer al minder en minder nodig. Ek het hom nog steeds nodig, maar dis beter.*

M : *Dit lyk my hier het 'n belangrike verandering plaasgevind. Daardie kant in jou, wat op 'n manier destruktief was, waarvoor jy bang was en wat jy wou vernietig, vir die eerste keer besef jy watter belangrike funksie hierdie kant*

vervul het en dat jy hom nodig gehad het vir beskerming, dit is 'n belangrike deel in jou wat bestaansreg het. Want dit is ook die deel wat skree teen die onregverdigheid, die deel wat wil hê regverdigheid moet seëvier.

K : *Maar dis ook meer, waar ek hom eers gehaat het, en nie wou aanvaar nie, ek het lief geraak vir hom, ek verstaan hom, ek wil hê dit moet deel wees van my. Ek praat nou asof ek meer as een is maar dit voel so.*

M : *Hy is ook deel van jou, 'n belangrike deel met 'n belangrike funksie in sekere omstandighede. Ek dink hierdie deel het sy werk goed gedoen die afgelope paar maande en dis dalk hoekom hy nou kan terugstaan, hy weet sy werk is afgehandel en jy kan nou oorvat by hom en omdat hy jou nie gaan verlaat nie, kan jy sy hulp steeds inroep as jy hom nodig het.*

Bespreking

Hy het sy ongeluk en verliese na die ongeluk begin sien as deel van sy lewenstorie en ook as deel van homself. Dit het dit vir hom makliker gemaak om dit te aanvaar. Hy het nuwe dele in homself wat na die ongeluk ontwikkel het begin aanvaar as deel van homself en dit geïntegreer met sy rol. Deur hierdie proses het sy storie verander. Hy kon uit die kloue van identiteitloosheid en vormloosheid uitbeweeg deurdat hy in die terapeutiese dialoog 'n nuwe self met nuwe moontlikhede gekonstrueer het. Dele van sy persoonlikheid wat vir hom voorheen onbekend en onaanvaarbaar was het hy geïntegreer met sy selfdefinisie. Hierdeur is 'n onvoltooide gestalt en storie voltooi.

<u>Bespreking van Navorsingsproses: 17/12/97</u>

Tydens hierdie sessie het ek my navorsing aan Karet voorgelê. Dit is belangrik om my konseptualiserings en punktuasies van die navorsingsproses met Karet te bespreek. Betekenisse en interpretasies wat verkry is van menslike bronne moet onderhandelbaar wees, aangesien dit menslike konstruksies van realiteit is wat die navorser herkonstrueer. My

navosing is nie 'n weerspieëling of beskrywing van 'n objektiewe realiteit nie. My beskrywings van die ondersoek was deurentyd gegrond op my punktuasie en belewing van die aard en kwaliteit van die interaksie tussen my en Karet. Dit is dus belangrik dat ek my konseptualisering en punktuasies van die navorsingsproses met Karet bespreek. Ek het gevolglik my punktuasies van die proses aan hom verduidelik. Dit sluit in die fases wat ek in terapie onderskei het asook die prosesse en betekenissisteme wat ek in elke fase onderskei het. Die bekendstelling van my punktuasies en konseptualisering van hierdie navorsing het 'n interessante proses ontketen. Ons verhouding het geko-evolueer vanaf 'n professionele pasiënt-terapeut verhouding, na 'n egmenslike verhouding met emosionele nabyheid en betrokkenheid, na 'n navorsingsverhouding waar ek en Karet eerder die rol van kollegas teenoor mekaar vertolk het. In terapeutiese dialoog het divergente stories op verskillende vlakke geko-evolueer om 'n samehangende storie te vorm. Die terapeutiese storie is verweef en geïntegreer in verhoudingsdefinisies en rolle wat in die proses geko-evolueer het tot op 'n vlak waar ons rolle ononderskeibaar was. Terapie kan dus gesien word as 'n samevloeiing van verskillende stories en vertellings wat geëvolueer het uit verskillende persepsies, epistemologieë, wêreldbeskouings, gelowe en waardes, in 'n bepaalde konteks. Karet se kommentaar op die navorsing en my punktuasie daarvan was soos volg:

K : *Daar kort iets.*

M : *Wat?*

K : *Na die rebelfase, die volwassefase kort, ek moet nog 'n volwassene word. Dit impliseer dat ek self besluite sal neem en keuses maak.*

M : *Dis dalk hoekom ek daardie fase nie ingesluit het. My verantwoordelikheid teenoor jou strek tot hier, die rebel- of tienerfase. Die oomblik wat jy volwassenheid ingaan, het jy my nie meer nodig om vir jou te sê wat jy mag en nie mag doen nie. In die volwassefase neem jy totale verantwoordelikheid vir jouself.*

K : *Ja, dis "actually" waar, as jy groot is of eerder volwasse, het jy nie meer 'n ma nodig nie, dit maak jou selfstandig, en as ek daar is het ek nie meer 'n terapeut nodig nie nê?*

M : *Korrek.*

K : *"Actually" is al hierdie* (wys na verskillende fases wat op die bord geskryf is) *gelyk aan ek.*

M : *Ja, dis presies dit. Die "ek" is basies die integrasie van verskillende dele uit elke fase. Elke fase was 'n belangrike deel van die groeiproses en ook van jou.*

Dit is duidelik dat verandering in die terapeutiese proses onafwendbaar was. Met verandering impliseer ek alternatiewe punktuasies, wyses van onderskeid tref en beskrywings. Wanneer die terapeutiese proses dus deur my en Karet beskryf word as 'n groeiproses dan impliseer hierdie beskrywing noodwendig 'n veranderingsproses aangesien punktuasies en beskrywings van die probleemstories deur ko-evoluasie verander het.

Slotbespreking

Die terapeutiese storie het begin by 'n persoon wat na sy ongeluk vyf jaar van sy lewenstorie vergeet het. Nadat hy uit sy koma wakker geword het was hy 'n vreemdeling in 'n bekende wêreld. Hy het nie net sy storie vergeet nie, maar ook vergeet wie en wat hy is en waarvan hy hou en nie hou nie. In hierdie proses het hy sy identiteit verloor en baie ander mense geword. Sonder 'n storie het hy geen kontekstuele raamwerk gehad waarbinne hy sin en betekenis kon gee aan sy ervarings en emosies nie. Die lewe het vir hom een groot vraagteken geword.

Die terapeutiese verhouding het 'n veilige konteks geword waarin Karet homself alternatiewelik kon vind. Aanvanklik het Karet my op 'n afstand gehou deur die "perfekte

beeld" voor te hou. Maar deur rekursiewe interaktiewe prosesse van eerlike kommunikasie en terugvoer kon ons gaandeweg 'n vertrouensverhouding konstrueer waarin hy sy nuwe self kon vind. Die vertroue en aanvaarding wat ons mekaar in die verhouding gebied het, het dit vir hom moontlik gemaak om die pynlike verliese en nuwe demensies van sy persoonlikheid wat deur die ongeluk veroorsaak is te konfronteer. Ons verhouding was 'n egmenslike verhouding wat vir my en Karet baie betekenisvol was. Dit was 'n moeilike proses wat ek en Karet beskryf het as 'n grootwordproses of 'n groeiproses met baie pyn en intensiteit. Die proses was isomorfies aangesien albei in die proses op 'n persoonlike vlak gegroei het en ons albei deur die proses gevind het waarna ons gesoek het.

Gedurende die ses maande wat ek hom gesien het is die los drade van 'n onvoltooide storie aanmekaar gebind en die teenpole van sy persoonlikheid is geïntegreer tot 'n holistiese eenheid. Karet kan homself nou sien as 'n mens met positiewe en negatiewe eienskappe. Hierdeur het hy 'n holistiese definisie van homself in terme van goed en sleg by sy persoonsbeeld geïnkorporeer.

Aanvaarding van die "nuwe self" in ons verhouding het dit vir hom moontlik gemaak om ook hierdie nuwe self in ander verhoudings te openbaar. In 'n veilige konteks het die herdefiniëring van sy rol as 'n tiener hom die reg gegee om te rebelleer en te eksprimenteer. Terapie het 'n spieëlbeeld van 'n natuurlike groei- of grootwordproses geword.

Die betekenisvolle verhouding wat tussen ons ontwikkel het was 'n unieke uitkoms (White & Epston, 1990) in Karet se lewe. Deur hierdie ervaring kan Karet die "ou" self en die "nuwe" self in 'n nuwe storie integreer. Die nuwe storie wat in die terapeutiese proses geko-konstrueer is het 'n interne konteks gegee wat 'n raamwerk was waarbinne hy ervarings kon verstaan en verklaar.

In die kontekstuele en verhoudingsdomein het ons deur dialoog, nuwe onderskeidings en beskrywings in taal 'n proses geko-konstrueer waarin nuwe betekenisse gegenereer is. Ek en Karet het 'n gedeelde realiteit geskep waarin betekenisse geko-evolueer en verander het.

Karet het in die terapeutiese konteks geleer om anders oor homself en sy probleem te praat. Hierdie verandering in sy eksterne dialoog het ook 'n verandering in sy interne dialoog te weeg gebring. Hierdie veranderde interne en eksterne stories impliseer ook 'n verandering in die kognitiewe en gedragsdomein. Dit behels 'n verandering in die kognitiewe prosessering van sensoriese en emosionele ervarings omdat die individu se interne konteks of ("weltenschaang") verander het. Karet het die volgende in sy prosesnota (p. 108) geskryf : "...en vir die eerste keer wat ek kan onthou het ek geglimlag in my hart, en alles en almal om my het skielik vriendeliker voorgekom". Met ander woorde, dit wat ons ervaar en beleef hou op 'n rekursiewe wyse verband met die wyse waarop ons dit beskryf. Ons beskrywings in ons stories gee betekenis aan ons ervarings en omgekeerd.

Aangesien dit te omslagtig sou wees om al die stories van sketse wat hy geteken het, prosesnotas en sessies te transkribeer, is slegs dit wat die proses die beste kon illustreer geselekteer.

HOOFSTUK 6

DIE STORIE VAN DIE STORIE: 'N METAPERSPEKTIEF

In hierdie hoofstuk gaan ek 'n geïntegreerde metaperspektief van die storie van hierdie navorsing gee. Die bydrae en evolusie van hierdie navorsingstudie sal uitgewys word. Vir my was hierdie navorsing 'n betekenisvolle soektog na antwoorde. Die terapeutiese en navorsingsproses het 'n betekenisvolle impak op my gehad waardeur ek as terapeut en mens op verskillende wyses geperturbeer is.

Die doel van hierdie studie was om die proses waardeur betekenissisteme deur vertelling in die terapeutiese konteks geko-konstrueer word te illustreer. Die proses is gepunktueer in terme van 'n dialektiese beskrywingsproses tussen die sensoriese en emosionele ervaring en die beskrywing daarvan in verskillende domeine. Hierdeur wou ek illustreer hoe betekenis, as intersubjektiewe fenomeen geskep en ervaar word deur die individu in dialoog en interaksie met ander.

Ek het terapie beskryf as 'n gesamentelike ekologie van idees wat in 'n dialektiese proses tussen die terapeut en die kliënt ontwikkel word. Dit was vir my baie belangrik om deur my gevallestudie te illustreer hoe beide konstruktivistiese en sosiaal konstruktivistiese aannames in 'n rekursiewe patroon met mekaar verbind is. Daar is verskillende beskrywings van konstruktivisme in die literatuur. Konstruktivisme is ook in breë teoretiese aannames gegrond. My beskrywing en konseptualisering van konstruktivisme was gegrond in Maturana (1975) se teorie wat persepsie in outopoïetiese sisteme verklaar in terme van kognitiewe prosesse wat in 'n geslote senuweestelsel plaasvind. Hierdie verklaring het ek beskryf as een pool van Keeney (1983) se beskrywing van 'n kubernetiese komplimentariteit en dit behels die kognitiewe prosessering van 'n sensoriese ervaring in die sentrale senuweestelsel. In my beskrywing en konseptualisering van sosiale konstruktivisme het ek gefokus op die proses waardeur mense in dialoog met mekaar, en in verhouding tot mekaar ooreenkomstig bepaalde interne en eksterne kontekste realiteite in die domein van taal en betekenis konstrueer. Ek het sosiale konstruktivisme beskryf as die ander pool van Keeney se kubernetiese komplimentariteit en dit behels die klassifisering en kodering (Bateson, 1979) van die sensoriese of emosionele ervanring. In die koderingsproses waartydens die ervaring in taal geklassifiseer en beskryf

word kry die ervaring betekenis. Hierdie twee prosesse wat volledig in hoofstuk 3 uiteengesit is, is rekursief en interafhanklik en vind in verskillende kontekstuele en verhoudingsdomeine plaas.

Dit impliseer dus dat ons ervarings en emosionele grense deur ons biologiese of neuronale strukture neergelê word. 'n Mens kan nie buite 'n bepaalde strukturele raamwerk funksioneer nie. In dialoog en in taal kan ons beskrywings van ons ervarings egter nuwe betekenis kry. Soos uitgebeeld in die gevallestudie, kan Karet nooit weer realiteit waarneem, of emosie beleef, op dieselfde wyse, as voor die ongeluk nie, as gevolg van die strukturele veranderinge in die temporale, frontale en limbiese strukture van sy brein, maar in 'n dialogiese en interaktiewe proses kan hy steeds alternatiewe sin en betekenisse aan sy realiteit gee.

Die navorsingsproses is begin deur in hoofstuk 1 te motiveer hoekom ek hierdie onderwerp gekies het en wat ek beoog het om met die studie te doen. In hoofstuk 2 gee ek 'n literatuur oorsig oor die kubernetiese epistemologie. Ek fokus in hierdie hoofstuk op die konstruktivistiese en sosiaal konstruktivistiese teorieë wat die basis van hierdie navorsing vorm, omdat dit erkenning gee aan individuele ervaring en meervoudige realiteite. Konstruktivisme word beskryf as een kant van 'n kubernetiese komplimentariteit (Keeney, 1983) wat 'n biologiese of strukturele verklaring vir realiteitskonstruksie gee. Sosiale konstruktivisme vorm die ander kant van hierdie komplimentariteit wat realiteitskonstruksie verklaar deur die dialogiese en interaktiewe prosesse tussen mense. In hierdie rekursiewe waarnemings en beskrywingsproses word ons realiteite gekonstrueer en kry dit betekenis. Hoofstuk 3 is 'n literatuurhoofstuk waarin die konstrueringsproses beskryf word op verskillende vlakke van onderskeidings en beskrywing. Daar word veral gefokus op die rol wat die interne en eksterne konteks in ons vertellings speel. Daar word ook gefokus op hoe ons wêrelde totstand kom en betekenis kry in ons beskrywings in taal en dialoog. In hoofstuk 4 is die metode van navorsing uiteengesit. In hierdie hoofstuk word daar spesifiek gefokus op nuwe paradigmanavorsing (Lincoln & Guba, 1985) en hoe die aannames hiervan gegrond is in konstruktivistiese en sosiaal konstruktivistiese teorieë. Ek beskryf ook hoe my epistemologiese aannames pas by die gekose navorsingsparadigma. In hoofstuk 5 is die navorsingsproses geïllustreer aan die hand van transkripsies van terapeutiese gesprekke,

stories van sketse en briewe. In bespreking van hierdie hoofstuk is daar gepoog om die navorser en die kliënt se punktuasies van die proses duidelik uit te beeld. Hierdeur wou ek die ko-konstruksieproses waardeur betekenissisteme deur vertelling in die terapeutiese konteks plaasvind, illustreer. Ek het hierdie hoofstuk in die eerste persoon geskryf aangesien dit kongruent is met die aanname wat ek maak dat die observeerder nie toegang het tot 'n objektiewe realiteit nie, daarom kan ons verklarings van realiteit eerder as beskrywings van realiteit gesien word. Ek poog dus om myself te sien as deel van dit wat ek observeer. Selfrefleksie het 'n belangrike rol in my navorsing gespeel, daarom het ek gepoog om deurentyd my beskrywings en punktuasies aan die leser oor te dra. Dit sou vir die leser 'n aanduiding gee van hoe ek gedeel het in die konstruering van my observasies. Die navorsingsproses is afgesluit deur 'n metaperspektief oor die terapeutiese storie te gee.

'n Betekenisvolle proses en verhouding het in dialoog ontvou. Aanvanklik wou ek nie hierdie gevallestudie gebruik het nie omdat ek oorweldig was deur die kompleksiteite in die terapeutiese proses en in Karet. In die bestudering van Karet en die terapeutiese proses het ek 'n navorsingstorie ontwikkel en beskryf wat betekenis gegee het aan my ervarings en die waargenome interaktiewe prosesse in terapie. In gesprekke met myself, my supervisor, kollegas en Karet het nuwe idees en betekenisse geko-evolueer. Selfs in die opskryf van hierdie navorsing was my idees en konseptualiserings nie staties nie, maar is dit gevorm en hervorm in retrospektiewe beskrywings en verklarings. Dus, in die proses van lees, skryf en praat oor Karet en met Karet het 'n storie ontvou waarin beskrywings, verklarings en interpretasies gegenereer is. Hierdie storie was 'n raamwerk waardeur ek en Karet sin kon maak van die kompleksiteite waarmee ons in terapie gekonfronteer is. Die proses waardeur ek en hy gegaan het was die isomorfiese soeke na sin en betekenis en vir ons albei 'n groeiproses.

Stories, sketse en dialoog het 'n belangrike rol gespeel in die wyse waarop dit "news of difference" (Bateson, 1979) tot die terapeutiese gesprek gevoeg het. Deur middel van sketse het Karet sy emosies en ervarings uitgebeeld. Die uitbeelding van belewenis deur middel van sketse was alreeds 'n wyse waarop hy vorm kon gee aan sensoriese en emosionele waarnemings maar in die beskrywing van hierdie sketse en dialoog oor die beskrywings in die linguistieke en kontekstuele domein het dit betekenis gekry.

Verandering is nie te weeg gebring deur 'n tegniek of intervensie nie, maar het ontwikkel deur 'n proses wat in 'n betekenisvolle verhouding plaasgevind het en deur my en Karet beskryf is as 'n groei- of grootwordproses.

Hierdie navorsing is 'n idiosinkratiese beskrywing van my punktuasies en onderskeidings en verteenwoordig dus nie 'n realiteit veralgemeenbaar na ander kontekste nie. Die gedeelde realiteit wat in die navorsingsproses geko-konstrueer is sou 'n plaaslike teorie ("local theory") (Lincoln & Guba, 1985) genoem kon word aangesien die betekenisse wat geskep is, van toepassing is op die spesifieke tyd, konteks en plek waar die navorsing plaasgevind het en kan daarom nie veralgemeen word na ander kontekste nie. 'n Plaaslike teorie laat dus ruimte vir kontekstuele beskrywings en meervoudige perspektiewe (Eisner, Flinders & Mills, 1993). In plaaslike teorie is die begrip en beskrywing van die betrokke waardesisteme en kontekste waarin die navorsing plaasvind sentraal aangesien betekenisse hierin gegrond is en hierdeur gegenereer word (Eisner et al., 1993).

Die konsep van leemtes en waardes in navorsing behoort tot 'n logies-positivistiese denkraamwerk aangesien navorsingsresultate tyd en konteksgebonde is. In 'n bepaalde terapeutiese konteks en verhouding, wat dan ook die navorsingskonteks was, kon die terapeutiese storie van Karet ontwikkel en ontvou in 'n dialogiese en interaktieweproses. 'n Alternatiewe navorsingskonteks sou 'n alternatiewe storie gegenereer het wat nie noodwendig meer of minder betekenisvol sou gewees het nie.

'n Betekenisvolle verhouding en ryk betekenisse is in die navorsingsproses gegenereer. Die beskrywing van die proses was 'n retrospektiewe punktuasie van die terapeutiese proses gewees en dus nie 'n weerspieëling van my objektiewe waarnemings nie. Bateson (1979) verklaar dat: " the map is not the territory...in all thought or perception or communication about perception, there is a transformation, a coding, between the report and the thing reported..." (p. 37). Dit was vir my moeilik om my terapeutiese ervarings en my belewing van die proses wat baie betekenisvol was in woorde te omskryf. Die worstelingsproses waardeur ek gegaan het om woorde te gee aan my belewenisse in terapie was isomorfies aan die proses waardeur Karet gegaan het om woorde en sin te gee aan sy waargenome en

beleefde realiteit. Karet se belewing van die proses was deurentyd my punktuasie daarvan gewees en dus moontlik nie 'n weerspieëling van sy belewing nie. Wanneer ons ons emosionele ervarings omskryf is die taal waarmee ons dit beskryf dikwels beperkend en kan dit nie die omvang en kompleksiteite van die ervaring omvat nie.

Dit was weens praktiese redes vir my onmoontlik om 'n meta-observerende span te betrek by die proses soos wat ek aanvanklik beplan het. 'n Meta-observerende span kon 'n betekenisvolle bydrae gelewer het ten opsigte van alternatiewe punktuasies en beskrywings waardeur ryk en komplekse beskrywings kon evolueer en sodoende "news of difference" (Bateson, 1979) tot die terapeutiese proses toevoeg. Die neurospan waarvan daar in hoofstuk 5 melding gemaak is, is 'n multi-dissiplinêre span wat saamgestel is uit arbeidsterapeute, fisioterapeute, en dokters. Alhoewel hierdie mense se betrokkenheid nie altyd in die sielkundige sfeer was nie het hulle onwetend 'n betekenisvolle bydrae gelewer en het hul insette die terapeutiese proses en verhouding op interessante wyses geperturbeer. Tradisionele inhoude wat deur hulle geïnduseer is het deel geword van my en Karet se terapeutiese gesprekvoering en het "news of difference" (Bateson, 1979) tot die dialoog toegevoeg. Ook in terme van ons verhouding het die span die proses geperturbeer. Hoe meer druk hulle op my geplaas het om terapie op die tradisionele wyse te konstrueer en meer gebruik te maak van "terapeutiese tegnieke" soos hipnose, en diagnostiese hulpmiddels, hoe meer het ons terapeutiese verhouding 'n eg menslike verhouding geword. Dit het vir my duidelik geword dat die krag van terapie nie lê in diagnoses, tegnieke en intervensies soos dikwels in die tradisionele sielkunde aanvaar word nie, maar in 'n betekenisvolle verhouding wat eg menslik is.

Die bydrae van hierdie studie vir die sielkunde is dat dit 'n alternatiewe beskrywing van die gesondmakingsproses in terapie gee. Die manier waarop ek die patroon van verbintenis tussen die konstruktivisme en sosiale konstruktivisme aangedui het en gewys het hoe betekenissisteme gevorm en hervorm word in die rekursiewe verhouding tussen sensoriese en emosionele ervarings en die beskrywing daarvan in taal, was 'n alternatiewe beskrywing wat "news of difference" (Bateson, 1979) tot die terapeutiese sielkunde veld toegevoeg het. Die teoretiese raamwerk waarin die terapeut werk is 'n beskrywing ongeag dit psigoanalities of

sistemies is, en gee sin en betekenis aan die terapeut se punktuasies en onderskeidings van die terapeutiese prosesse en verhouding. Maar na afloop van hierdie navorsing is my vraag egter of dit noodwendig nuttig en voldoende is vir die terapeut om deur verskillende lense (teoretiese rame) na die terapeutiese proses te kyk? Alternatiewe beskrywings word wel gegenereer in hierdie proses, maar dit is uiteindelik die integrering van hierdie alteranatiewe beskrywings in 'n patroon van verbintenis waardeur 'n binokulêre perspektief (Bateson, 1979) gegenereer word. Hierin word die kompleksiteite in terapie uiteindelik aangespreek en weerspieël. Hierdie alternatiewe beskrywings behels nie noodwendig net alternatiewe beskrywings vanuit verskillende teoretiese rame nie, alhoewel dit ook ingesluit kan word, maar ook alternatiewe beskrywings van die terapeutiese proses op verskillende vlakke soos byvoorbeeld, die verhouding, die konteks, interaksionele patrone, waarde en betekenissisteme.

Die terapeutiese verhouding is die konteks waarin probleemstories vertel word. In hierdie konteks is die terapeut die argitek van dialoog (Anderson & Goolishian, 1988). In dialoog neem die terapeut dus aktief deel in die konstruering en herkonstruering van die kliënt se storie. In die terapeutiese konteks word die manier waarop ons praat oor ons probleme verander en kry dit nuwe betekenis . In hierdie navorsing het ek dus aangedui dat die terapeut nie moet stop by 'n lineêre beskrywing van die probleem nie, maar ook moet kyk na sirkulêre verhoudings en patrone van verbintenis (Bateson, 1979) in die breë terapeutiese konteks om sodoende ryker beskrywings te genereer.

My Persoonlike Belewing van die Proses

In hierdie navorsingsproses het my konseptualisering en definisie van terapie nuwe betekenis gekry. As jong terapeut het ek dikwels gedink dat verandering plaasvind deur die gebruikmaking van sekere tegnieke of intervensies. Ek het dikwels ook onsekerheid beleef ten opsigte van die teoretiese paradigma of terapeutiese styl wat ek gebruik. Deur hierdie navorsing is die kubernetiese teoretiese konstrukte vir die eerste keer werklik op 'n praktiese wyse ontsluit en maak dit ook nou vir my op 'n praktiese wyse sin. Deur terapeutiese prosesnotas het ek geleer om gedurig my punktuasies en onderskeidings van die terapeutiese proses te ondersoek om sodoende bewus te word van die wyse waarop ek die sisteem

perturbeer en deur die sisteem geperturbeer word. Ek het my aanpasbaarheid en buigbaarheid as terapeut verhoog deur my beskrywings nie net tot een teoretiese paradigma te beperk nie. Ek het die terapeutiese prosesse en verhouding beskryf vanuit verskillende raamwerke en in hierdie meervoudige beskrywings is meervoudinge realiteite gekonstrueer. Ek het ook geleer dat alternatiewe beskrywings as sodanig nie noodwendig nuttig is nie, maar die integrasie van hierdie beskrywings in 'n patroon van verbintenis 'n betekenisvolle binokulêre visie gee. Die integrasie van kognitiewe en emotiewe vlakke in terapie het ook bygedrae tot verhoogde aanpasbaarheid. Ek het gewoonlik sterk op 'n kognitiewe vlak gefokus maar deur die terapeutiese proses en verhouding is ek geperturbeer om ook emosionele belewinge te integreer en gemaklik te voel met emosionele intensiteit in terapie. Algemene opvattinge in die sielkunde oor die mate van betrokkenheid wat toelaatbaar is in die terapeutiese verhouding is ook deur hierdie navorsing gedaag. Dis dikwels juis die terapeut se betrokkenheid en opregte omgee wat 'n verskil maak. In hierdie navorsing het ek geleer dat die terapeut ook ten opsigte van bogenoemde moet beweeg tussen verskillende vlakke van betrokkenheid en afstand. Die terapeut moet dus naby genoeg kan kom om die konteks van 'n tipiese menslike verhouding te kan skep, maar tegelykertyd ook instaat wees om 'n meta-posisie in te neem deur haarself van die proses te distansieer.

Ek het die afgelope drie jaar geworstel met vrae oor wat terapie is, en hoekom dit 'n verskil maak. Ek het gesoek na antwoorde wat by my realiteit en konseptualisering van terapie sou inpas. In hierdie navorsing het ek my antwoorde gevind. Vir my is terapie 'n betekenisvolle verhouding wat 'n konteks skep waarin beide die kliënt en die terapeut in dialoog en interaksie nuwe betekenisse gee aan die probleemstorie.

BRONNELYS

Abercrombie, N., Hill, S., & Turner, B.S. (1988). The Penguin dictionary of sociology. Harmondsworth: Penguin Books.

Anderson, H., & Goolishian, H.A. (1988). Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implidations for clinical theory. Family Process, 27, 371-393.

Anderson, H., & Goolishian, H.A. (1990, June). Beyond cybernetics: Comments on Atinson and Heath's "Further thoughts on second-order family therapy." Family Process, 29(2), 157-163.

Atkinson, B.J., & Heath, A.W. (1987). Beyond objectivism and relativism: Implications for family therapy research. Journal of Strategic and Systemic Therapies, 6 (1), 8-17.

Atkinson, B.J., & Heath, A.W. (1990, June). Further thoughts on second-order family therapy - this time it's personal. Family Process, 29(2), 145-155.

Atkinson, B.J., Heath, A.W., & Chenail, R. (1991). Qualitative research and the legitimization of knowledge. Journal of Marital and Family Therapy, 17(2), 175-180.

Bateson, G. (1972). Steps to an ecology of mind. New York: Ballantine.

Bateson, G. (1979). Mind and nature: A necessary unity. London: Collins.

Birch, J. (1991). Re-inventing the already punctured wheel: Reflections on a seminar with Humberto Maturana. Journal of Family Therapy, 13, 349-373.

Bruner, J.S. (1990). Arts of meaning. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Colapinto, J. (1985). Maturana and the ideology of conformity. Family Therapy Networker, 9(3), 29-30.

Corey, G. (1991). Theory and practice of counselling and psychotherapy. California: Brooks/Cole.

Dean, R.G. (1989). Ways of knowing in clinical practice. Clinical Social Work Journal, 17(2), 116-127.

Dell, P. (1985). Understanding Bateson and Maturana: Toward a biological foundation for the social sciences. Journal of Marital and Family Therapy, 11(1), 1-20.

Dell, P. (1987). Maturana's constitutive ontology of the observer. Psychotherapy, 24(3), 462-468.

Efran, J., & Lukens, M.D. (1985). The world according to Humberto Maturana. Family Therapy Networker, 9(3), 23-28, 72-75.

Eisner, E. W., Flinders, D.J., & Mills, G.S. (1993). Theory and concepts in qualitative research: Perspectives from the field. New York: Teachers College Press.

Elden, M. (1981). Sharing the research work: Participative research and its role demands. In P. Reason & J. Rowan (Eds.), Human inquiry: A sourcebook of new paradigma research (pp.253-266) New York: Wiley.

Flew, A., Speake, J., Mitchell, S., & Isaacs, A. (Eds.) (1984). A dictionary of philosophy. (2nd rev. ed.). London: Pan Books.

Friedman, S. (1993). Constructing time-effective solutions. Journal of Family Psychotherapy, 4(4), pp.35-52.

Gergen, K.J. (1985). The social constructionist movement in modern psychology. American Psychologist, 40, 266-275.

Gergen, K.J. (1989, Sept.-Oct.). Social psychology and the wrong revolution. Special Issue: Controversies in the social explanation of psychological behavior. European-Journal-of-Social-Psychology, 19(5), 463-484.

Gergen, K.J., & Gergen, M.M. (1991). Towards reflexive methodologies. In F. Steier (Ed.), Research and reflexivity (pp. 76-94). London: Sage.

Held, B.S., & Pols, E. (1987). Dell on Maturana: A real foundation for family therapy. Psychotherapy, 24, 455-461.

Heron, J. (1981). Philosophical basis for a new paradigm. In P. Reason & J. Rowan (Eds.), Human inquiry: A sourcebook for new paradigm research (pp.19-35). New York: Wiley.

Hoffman, L. (1981). Foundations of family therapy: A conceptual framework for systems change. New York: Basic Books.

Hoffman, L. (1985). Beyond power and control: Toward a "second order" family systems therapy. Family Systems Medicine, 3(4), 381-396.

Hoffman, L. (1990). Constructing realities: An art of lenses. Family Process, 29, 1-12.

Howard, G. (1991). Cultural tales: A narrative approach to thinking, cross-cultural psychology and psychotherapy. American Psychologist, 46, 187-197.

Johnson, A.R. (1993). Epistemology and psychotherapy: A dialogue between phenomenology and cybernetics. Unpublished doctoral thesis, University of South Africa, Pretoria.

Kaplan, H.I., Sadock, B.J., & Grebb, J.A. (1994). Synopsis of psychiatry: Behavioral science clinical psychiatry (7th ed.). Maryland: Williams and Wilkins.

Keeney, B.P. (1983). Aesthetics of change. New York: Guilford press.

Keeney, B.P., & Morris, J. (1985, May). Implications for cybernetic epistemology for clinical research: A reply to Howard. Journal of Counceling and Development, 63(9), 548-550.

Keeney, B.P., & Ross, J.M. (1992). Mind in therapy: Constructing systemic family therapy. New York: Basic Books.

Keim, I., Lentine, G., Keim, J., & Madanes, C. (1987). Strategies for changing the past. Journal-of-Strategic-and-Systemic-Therapies, 6(3), 2-17.

Kolb, B., & Whishaw, I.Q. (1990). Fundamentals of human neuropsychology. (3rd ed.). New York: Freeman.

Leyland, M.L. (1988). An introduction to some of the ideas of Humberto Maturana. Journal of Family Therapy, 10, 357-376.

Lezak, M.D. (1995). Neuropsychological Assessment. (Third edition). New York: Oxford University Press.

Lincoln, Y.S., & Guba, E.G. (1985). Naturalistic inquiry. London: Sage publication.

Maturana, H.R. (1975). The organization of the living: A theory of the living organization. International Journal of Man-Machine Studies, 7, 313-332.

Maturana, H.R., & Varela, F.J. (1980). Autopoiesis and cognition: The realisation of the living. Holland: Reidel.

Maturana, H.R., & Varela, F.J. (1992). The tree of knowledge: The biological roots of human understanding. London: New Science Library.

Mischler, E.G. (1986a). Research interviewing: Context and narrative. Cambridge: Havard University Press.

Mischler, E.G. (1986b). The analysis of interview-narratives. In T.R. Sarbin (Ed.), Narrative psychology: The storied nature of human conduct (pp. 233-255). New York: Praerger.

Moon, S.M., Dillon, R.R. & Sprenkel, D.H. (1990). Family therapy and qualitative research. Journal of Marriage and Family Therapy, 16(4), 357-373.

Neimeyer, R.H. (1993). An appraisal of constructivist psychotherapies. Journal of Consulting and Clinical Psychology, 61(2), 221-234.

Neimeyer, R.H. (1994). The role of client-generated narratives in psychotherapy. Journal of Constructivistic Psychology, 7, 229-242.

Onnis, L. (1993). Psychosomatic medicine: Towards a new epistemology. Family Systems Medicine, 11(2), p. 137-148.

Owen, I.R. (1992). Theory and practice: Applying social constructivism to psychotherapy. Counselling Psychology Quarterly, 5(4), 385-402.

Penn, P., & Frankfurt, M. (1994). Creating a participant text. Writing, multiple voices and narrative multiplicity. Family Process, 33(3), 217-231.

Pennebaker, J.W. (1990). Opening up the healing power of confiding in others. New York: Morrow.

Reason, P. (1981). Patterns of discovery in the social science. In P. Reason & J. Rowan (Eds.), Human inquiry: A sourcebook of new paradigm research (pp.183-189). New York: Wiley.

Reason, P., & Rowan, J. (1981). Human inquiry: A sourcebook of new paradigm research. Chichester: Wiley.

Rennie D. L. (1994). Storytelling in psychotherapy: The client's subjective experience. Psychotherapy, 31(2), 234-243.

Rorty, R. (1982). Consequences of pragmatism. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Ruesh, J., & Bateson, G. (1968). Communication: The social matrix of psychiatry. New York: Norten.

Satir, V. (1987). The therapist story. Journal of Psychotherapy and the Family, 3(1), 17-25.

Seaburn, D.B., Lorenz, A., & Kaplan, D. (1992). The transgenerational development of chronic illness meanings. Family Systems Medicine, 10(4), 385-394.

Simon, R. (1985). A frog's eye view of the world. Family Therapy Networker, 9(3), 32-43.

Spencer-Brown, G. (1973). Laws of form. New York: Bantam.

Steier, F.S. (1991). Research and reflexivity. Londen: Sage.

Varela, F.J. (1975). A calculus for self-reference. International Journal of General Systems, 2, 5-24.

Varela, F.J. (1976). On observing natural systems. Co-evolution Quarterly, 11, 1-6.

Vogel, D. (1994, Oct-Dec). Narrative perspectives in theory and therapy. Journal of Constructivist Psychology, 7(4), 243-261.

Von Foerster, H. (1984). On constructing a reality. In P. Watzlawick (Ed.), The invented reality (pp. 41-61). New York: Norten.

Von Glasersfeld, E. (1984). An introduction to radical constructivism. In P. Watzlawick (Ed.), The invented reality (pp. 17-40). New York: Norten.

Von Glasersfeld, E. (1991). Theoretical issues in research and reflexivity. In F. Steier (Ed.), Research and reflexivity (pp.12-29). London: Sage.

Watzlawick, P. (1984). The invented reality. New York: Norten.

Watzlawick, P., Beavin, J., & Jackson, D. (1967). Pragmatics of human communication. New York: Norten.

White, M. (1989). The externalizing of the problem and the re-authoring of lives and relationships. In selected papers of M. White. Dulwich Centre Newsletter, Summer, pp. 5-57.

White, M. (1991, June). Deconstruction and therapy. Dulwich Centre Newsletter, 3, pp. 21-40.

White, M., & Epson, D. (1990). Narrative means to therapeutic ends. New York: Norten.

Wiener, N. (1967). The human use of human beings: Cybernetics and society (rev. ed.). New York: Avon. (2nd edition originally published 1954).

Wittgenstein, L. 1953. Philosophical investigations. New York: Oxford University Press.

Zimmerman, J.L., & Dickerson, V.C. (1994). Using a narrative metaphor: Implications for therapy en clinical practice. Family Process, 33, 233-245.

BYLAAG 1a


8 Jul
Filter.
Weet nie
Veilige
plek
Ek is alleen
Daar is
geen
mense
nie
Kaart is deurskynend.
Ek breek
op.
Drome, baie
naby, maar ek
kan dit nie
onthou nie
Eendag hou ek u. 6
rok, die volgende dag nie.
Mense buite
Weet nie hou
om teenoor
my te
Hoe mooi
hou bal voor


Prases wat nou aan gang is.
Val uitmekaar, maar gestruktureerd.
Rehab
Rehab
Probeer om als by metaar te hou - gelake
Besef hy het hulp nodig
Ongeluk
Tydperk waarin hy probeer het om als bymetaar te hou. "gelake"
Besef hy het hulp nodig.
Ongeluk

BYLAAG 2